

088400



182571806F



RGN-HSRC

SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN
INLIGTINGSDIENSTE

CENTRE FOR LIBRARY AND
INFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE

12/12/95 ILL

Teng 24/11/95

TERUG

001.3072068 HSRC FPI 5



* 2 8 6 7 9 5 *



1929933866

286795

**Inligtingsaangeleenthede met betrekking
tot die bemarKing van varsprodukte in die
Republiek van Suid-Afrika**

RGN-Reeks: Varsprodukte-ondersoek

Reeksredakteur: Sieg Marx

GEPUBLISEERDE TITELS

1. **Prysvorming by die bemarking van vars vrugte en vars groente in die Republiek van Suid-Afrika.** D S Langley, J van Zyl.
2. **Distribusie van vars vrugte en vars groente in die Republiek van Suid-Afrika.** J A de Villiers, J G van Deventer.
3. **Riglyne vir die uitbreiding, opgradering, verskuiwing en sluiting van bestaande marke, asook die vestiging van nuwe marke.** D B J van Rensburg.
4. **Standardisation of the grading, packaging, labelling, inspection, pallatiation and control systems in the fresh produce industry in the Republic of South Africa.** M A Louw, P F Birkby, J J Steenekamp.
5. **Inligtingsaangeleenthede met betrekking tot die bemarking van varsprodukte in die Republiek van Suid-Afrika.** Buro vir Finansiële Analise, Universiteit van Pretoria.
6. **Inkomste- en kostestrukture van nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika** Buro vir Finansiële Analise, Universiteit van Pretoria.
7. **Bylae B van die verslag oor die inkomste- en kostestrukture van die nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika.**
8. **Inkomste- en kostestrukture van markagentskappe op die nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika.** Finansiële Analise, Universiteit van Pretoria.
9. **Eienaarskap van die nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika.** LHA-Bestuurskonsultante.
10. **Aankoop en verbruik van vars groente en vrugte deur private huishoudings in die metropolitaanse gebiede van die Republiek van Suid-Afrika.** J H Martins.
11. **Aankoop en verbruik van vars groente en vrugte deur institusies in die Republiek van Suid-Afrika.** J H Martins.
12. **Reklame-aangeleenthede met betrekking tot die bemarking van vars groente en vrugte in die Republiek van Suid-Afrika.** Departement Bedryfs-
ekonomie, Universiteit van Pretoria.
13. **Laws, by-laws and regulations which apply to fresh produce markets and the marketing of fresh produce.** K Miller, R Hirschowitz.
14. **Funksionarisse, bestuurstelsels en bedryfsvoering op die nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika.** Buro vir Finansiële Analise, Universiteit van Pretoria.
15. **Hoofverslag: Bemarking van varsprodukte in die Republiek van Suid-Afrika.** Sieg Marx

**Inligtingsaangeleenthede met betrekking
tot die bemerking van varsprodukte in die
Republiek van Suid-Afrika**

**Buro vir Finansiële Analise
van die
Universiteit van Pretoria**

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1990

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlot van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of met enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, vermikrofilming of inligtingsbewaring.

RGN BIBLIOTEK	
1991 9.03.	
HSRC LIBRARY	
STANDKODE	AANWINSNOMMER
001.30-12068	088400
HSRC F15	

Uitgegee deur
RGN-Uitgewers
Privaatsak X41
0001 Pretoria

Voorwoord

Die ondersoek na die bemarking van varsprodukte in die RSA het 'n wye terrein bestryk soos duidelik blyk uit die lys navorsingstemas wat op die binneblad van hierdie verslag verskyn.

Die hoofdoel van hierdie navorsing is om relevante en bruikbare inligting aan die beleidmakers en bedryfsvoerders beskikbaar te stel op grond waarvan hulle moontlik beter besluite in belang van die varsproduktebedryf kan neem.

Die belangrikste beginsels wat die ondersoek ten grondslag lê, is wetenskaplikheid en onpartydigheid. Verder is gepoog om diepgaande, demokratiese en aanbevelingsgerigte navorsing binne 'n relatief kort tydsbestek te doen.

Ten einde die doelwitte te bereik en die beginsels te verantwoord, is al die belanghebbendes by die varsproduktebedryf, te wete produsente, verbruikers, markeienaars, markbesture, markagente, groothandelaars, kleinhandelaars, die kettingswinkelgroepe, institusionele kopers, die informele sektor, bemarkingsrade en beurse, die sentrale en provinsiale owerhede, die georganiseerde handel, vervoerinstansies en verskaffers van landbou-insette deur middel van posopnames en/of groepbesprekings en/of persoonlike onderhoude by die ondersoek betrek.

Waar toepaslik, is bepaalde aspekte van die bemarking van varsprodukte in die RSA, ook in die lig van oorsese bemarkingspraktyke, in perspektief geplaas.

Dit word vertrou dat die inligting in hierdie verslag wat oor die "Inligtings-aangeleenthede met betrekking tot die bemarking van varsprodukte in die Republiek van Suid-Afrika" handel, die betrokke bedryfsvoerders in staat sal stel om die regte dinge die eerste keer reg te doen en hulle besluite so te neem dat tydig, ekonomies en effektief aangepas kan word by die huidige en toekomstige geleenthede en bedreigings in die varsproduktebedryf.

Ten slotte 'n opregte dankwoord aan:

- ▣ Minister Jacob de Villiers, voormalige Minister van Landbou wat die ondersoek goedgekeur en die fondse daarvoor bewillig het.
- ▣ Die Departement van Landbou en die Kommissie vir Varsproduktemarkte vir hulpverlening.

- ▣ Die Hoofkomitee en tien werkkomitees vir vakkundige en bedryfskundige bydraes.
- ▣ Instansies en individue uit die varsproduktebedryf vir finansiële bydraes.
- ▣ Die deelnemers aan die ondersoek vir inligting, voorstelle en standpunte.
- ▣ Die navorsers vir hulle taak.
- ▣ Mnr. Dave Langley vir vakkundige koördinerings.
- ▣ Mev. Elsa Geldenhuys vir administratiewe koördinerings.
- ▣ Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en meer bepaald die divisie Menslike Hulpbronstrategieë van die Groep: Menslike Hulpbronne vir verskaffing van 'n infrastruktuur.
- ▣ Die Topbestuur van die Universiteit van Pretoria wat toegestem het dat ek die ondersoek as navorsingsdirekteur kon lei.

SIEG MARX
Reeksredakteur

Maart 1991

Inhoudsopgawe

	<i>Bladsy</i>
Bestuursopsomming	xix
1 Inleiding, Metode van Onderzoek en Struktuur van die verslag	1
1.1 Inleiding	1
1.2 Doel van die ondersoek	1
1.3 Vertolking van die opdrag	1
1.4 Teikengroepe in die ondersoek	2
1.5 Metodes van insameling van data	2
1.5.1 Verkennende gesprekke	2
1.5.2 Onderhoude en groepbesprekings	3
1.5.3 Posopnames	3
1.5.4 Opvolging van vraelyste	4
1.6 Struktuur van die verslag	4
1.7 Afkortings, begripsbepaling en afrondings	5
1.7.1 Afkortings	5
1.7.2 Begripsbepaling	5
1.7.3 Afrondings	6
2 Vraelyste en ander Inligting Gebruik	7
2.1 Inleiding	7
2.2 Inhoud van die vraelyste	7
2.3 Die Aartappelraad se inligtingstelsel	8
2.3.1 Algemene opmerkings	8
2.3.2 Produksie en bemarking van tafelaartappels	9
2.3.3 Funksionering van Aartappelraad se inligtingstelsel .	10
2.4 Slotopmerkings	11

3	Insameling van Data, Respons per Teikengroep en Beleidsbeslissing aangaande Versamelde data	13
3.1	Inleiding	13
3.2	Insameling van data en respons per teikengroep	13
3.2.1	Data en respons van produsente	13
3.2.2	Data en respons van markagente	14
3.2.3	Data en respons van NVPM'E	14
3.2.4	Data en respons van kopers	14
3.2.5	Data en respons van diverse betrokke instansies	15
3.2.6	Opsomming van respons	15
3.3	Beleidsbeslissing insake gebruik van data	16
3.3.1	Data in verband met SVM, KLS, OM en publikasies van KVPM	17
3.3.2	Doel van die SVM, KLS en OM	17
3.3.3	Beleidsbeslissing oor gebruik van data	18
3.4	Slotopmerkings	18
4	Inligtingsaangeleenthede van Produsente	21
4.1	Inleiding	21
4.2	Respondente se betrokkenheid by die produksie en bemarking van varsprodukte	21
4.2.1	Bruto-inkomste uit varsprodukte in persentasie van totale boerdery-inkomste	22
4.2.2	Die vier belangrikste groente- en vrugtesoorte per respondent	22
4.2.3	Distribusiekanale wat respondente gebruik	23
4.2.4	Samevatting	24
4.3	Beoordeling van inligtingsbronne deur respondente	24
4.3.1	Publikasie getiteld "Statistiek oor Varsproduktemarke" (SVM)	24
4.3.2	Publikasie getiteld "Kortbegrip van Landboustatistieke" (KLS)	26
4.3.3	Publikasie getiteld "Oeste en Marke" (OM)	27
4.3.4	Publikasies van die Kommissie vir Varsproduktemarke (KVPM)	29
4.3.5	NVPM'E se jaarverslae of handelsyfers (J of H)	30
4.3.6	Markpryse deur SAUK op weksdae uitgesaai (SAUK-MP)	31
4.3.7	Markpryse in koerante en tydskrifte gepubliseer (MPKT)	33

4.3.8	"Ander" inligtingsbronne (AIB)	35
4.3.9	Produsente aanplantingsdatabank (PAB)	35
4.3.10	Die ideale inligtingstelsel (IIS)	39
4.3.11	Ander inligting oor bemarking van varsprodukte (AIB)	43
4.4	Slotopmerkings	43
5	Inligtingsaangeleenthede van Markagentskappe	45
5.1	Inleiding	45
5.2	Deelname deur markagente	45
5.3	Beoordeling van inligtingsbronne deur respondente	45
5.3.1	Publikasie getiteld "Statistiek oor Varsproduktemarkte" (SVM)	45
5.3.2	Publikasie getiteld "Kortbegrip van Landboustatistieke" (KLS)	47
5.3.3	Publikasie getiteld "Oeste en Marke" (OM)	48
5.3.4	Publikasies van die Kommissie vir Varsproduktemarke (KVPM)	49
5.3.5	NVPM'E se jaarverslae of handelsyfers (J of H)	50
5.3.6	Markpryse deur SAUK op weksdae uitgesaai (SAUK-MP)	51
5.3.7	Markpryse in koerante en tydskrifte gepubliseer (MPKT)	52
5.3.8	"Ander" inligtingsbronne (AIB)	53
5.3.9	Produsente aanplantingsdatabank (PAB)	54
5.3.10	Die ideale inligtingstelsel (IIS)	55
5.3.11	Ander inligting oor bemarking van varsprodukte (AIB)	58
5.4	Voorleggings aan RGN deur die Instituut van Markagente van S A	58
5.4.1	Inleidende opmerkings	58
5.4.2	Aanbevelings van die Instituut	58
5.4.3	Toekomstvisie van die Instituut	59
5.4.4	Vergelyking van die siening van die Instituut met dié van responderende markagente	59
5.5	Slotopmerkings	60
6	Inligtingsaangeleenthede van die Markbesture	63
6.1	Inleiding	63
6.2	Respondente se betrokkenheid by die bemarking van varsprodukte	63

6.3	Beoordeling van inligtingsbronne deur respondente	64
6.3.1	Publikasie getiteld “Statistiek oor Varsproduktemarke” (SVM)	64
6.3.2	Publikasie getiteld “Kortbegrip van Landboustatistieke” (KLS)	65
6.3.3	Publikasie getiteld “Oeste en Marke” (OM)	66
6.3.4	Publikasies van die Kommissie vir Varsproduktemarke (KVPM)	66
6.3.5	NVPM'E se jaarverslae of handelsyfers (J of H)	67
6.3.6	Markpryse deur SAUK op weksdae uitgesaai (SAUK-MP)	68
6.3.7	Markpryse in koerante en tydskrifte gepubliseer (MPKT)	69
6.3.8	“Ander” inligtingsbronne (AIB)	69
6.3.9	Produsente aanplantingsdatabank (PAB)	70
6.3.10	Die ideale inligtingstelsel (IIS)	70
6.3.11	Ander inligting oor bemarking van varsprodukte (AIB)	72
6.4	Slotopmerkings	73
7	Inligtingsaangeleenthede van Kopers	75
7.1	Inleiding	75
7.2	Respondente se betrokkenheid by die bemarking van varsprodukte	75
7.2.1	Die kopersklasse waarin die respondente val	75
7.2.2	Die NVPM'E waar respondente hoofsaaklik koop	76
7.2.3	Die distribusiekanale deur respondente gebruik	77
7.2.4	Bevindings insake respondente se betrokkenheid by die aankoop van varsprodukte	77
7.3	Beoordeling van inligtingsbronne deur respondente	77
7.3.1	Publikasie getiteld “Statistiek oor Varsproduktemarke” (SVM)	77
7.3.2	Publikasie getiteld “Kortbegrip van Landboustatistieke” (KLS)	78
7.3.3	Publikasie getiteld “Oeste en Marke” (OM)	78
7.3.4	Publikasies van die Kommissie vir Varsproduktemarke (KVPM)	78
7.3.5	NVPM'E se jaarverslae of handelsyfers (J of H)	79
7.3.6	Markpryse deur SAUK op weksdae uitgesaai (SAUK-MP)	79

7.3.7	Markpryse in koerante en tydskrifte gepubliseer (MPKT)	80
7.3.8	“Ander” inligtingsbronne (AIB)	81
7.3.9	Die ideale inligtingstelsel (IIS)	81
7.3.10	Ander inligting oor bemarking van varsprodukte (AIB)	82
7.4	Slotopmerkings	82
8	Inligtingsaangeleenthede van Diverse Betrokke Instansies	85
8.1	Inleiding	85
8.2	Respondente se betrokkenheid by die produksie en bemarking van varsprodukte	85
8.3	Beoordeling van inligtingsbronne deur respondente	86
8.3.1	Publikasie getiteld “Statistiek oor Varsproduktemarke” (SVM)	86
8.3.2	Publikasie getiteld “Kortbegrip van Landboustatistieke” (KLS)	88
8.3.3	Publikasie getiteld “Oeste en Marke” (OM)	90
8.3.4	Publikasies van die Kommissie vir Varsproduktemarke (KVPM)	92
8.3.5	NVPM'E se jaarverslae of handelsyfers (J of H)	93
8.3.6	Markpryse deur SAUK op weeksdag uitgesaai (SAUK-MP)	94
8.3.7	Markpryse in koerante en tydskrifte gepubliseer (MPKt)	96
8.3.8	“Ander” inligtingsbronne (AIB)	98
8.3.9	Produsente aanplantingsdatabank (PAB)	99
8.3.10	Die ideale inligtingstelsel (IIS)	99
8.3.11	Ander inligting oor bemarking van varsprodukte (AIB)	103
8.4	Slotopmerkings	103
9	Samevatting van Inligtingsaangeleenthede van die Vyf Teikengroepe	105
9.1	Inleiding	105
9.2	Respondente se betrokkenheid by die produksie en bemarking van varsprodukte	105
9.2.1	Totale respons	105
9.2.2	Betrokkenheid en respons van die produsentegroep	106
9.2.3	Respons van markagente	106

9.2.4	Respons van NVPM'E	106
9.2.5	Betrokkenheid en respons van die kopersgroep	106
9.2.6	Betrokkenheid en respons van diverse betrokke instansies	107
9.3	Beoordeling van inligtingsbronne deur respondente	107
9.3.1	Publikasie getiteld "Statistiek oor Varsproduktemarke" (SVM)	107
9.3.2	Publikasie getiteld "Kortbegrip van Landboustatistieke" (KLS)	108
9.3.3	Publikasie getiteld "Oeste en Marke" (OM)	108
9.3.4	Publikasies van die Kommissie vir Varsproduktemarkte (KVPM)	110
9.3.5	Samevattende bevindings oor SVM, KLS, OM en KVPM publikasies	111
9.3.6	NVPM'E se jaarverslae of handelsyfers (J of H)	112
9.3.7	Markpryse deur die SAUK op weksdae uitgesaai (SAUK-MP)	113
9.3.8	Markpryse in koerante en tydskrifte gepubliseer (MPKT)	114
9.3.9	Ander inligtingsbronne (AIB)	115
9.3.10	Produsente aanplantingsdatabank (PAB)	116
9.3.11	Die ideale inligtingstelsel (IIS)	117
9.3.12	Ander inligting oor bemerking van varsprodukte (AIB)	120
9.4	Slotopmerkings	120
10	Aanbevelings oor die Bestaande Inligtingsbronne	123
10.1	Inleiding	123
10.2	Die vier publikasies van die Departement van Landbou	123
10.2.1	Oplaag, publikasiefrekwensie en verspreiding van die vier publikasies	123
10.2.2	Distribusie van die SVM, KLS, OM en KVPM	124
10.2.3	Gebruik van die SVM, KLS, OM en KVPM	124
10.2.4	Aanbevelings oor die SVM, KLS, OM en KVPM	125
10.3	Jaarverslae of handelsyfers van NVPM'E (J of H)	126
10.3.1	Beskrywing van J of H	126
10.3.2	Ontvangs en gebruik van die J of H	126
10.3.3	Aanbevelings oor J of H	126
10.4	Markpryse deur SAUK uitgesaai (SAUK-MP) en in koerante en tydskrifte gepubliseer (MPKT)	127

10.4.1	Beskrywing van die SAUK-MP en MPKT	127
10.4.2	Luisterfrenkwensie en nuttigheidsvlak van SAUK-MP ..	128
10.4.3	Leesfrenkwensie en nuttigheidsvlak van MPKT	128
10.4.4	Aanbeveling oor SAUK-MP en MPKT	128
10.5	Moontlike addisionele gebruik van bestaande inligting op NVPM'e.....	128
10.6	Slotopmerkings	129
11	Moontlike Toekomstige Inligtingstelsels op NVPM'E onder Verskillende Scenarios	131
11.1	Inleiding	131
11.2	Moontlike verandering in bedryfsvoering op NVPM'E	131
11.3	Die privatisering van die transaksies: invloed op inligtingstelsels	132
11.4	Die privatisering van die transaksies: die rol van markbestuur	132
11.5	'n Nuwe inligtingstelsel	134
11.6	Slotopmerkings	136
12	Samevatting van die Verslag oor: Onderzoek na Inligtingsaangeleenthede	137
12.1	Inleiding	137
12.2	Vraelyste en ander inligting gebruik	137
12.3	Insameling van data, respons per teikengroep en beleidsbeslissing oor versamelde data	138
12.4	Inligtingsaangeleenthede van produsente	138
12.5	Inligtingsaangeleenthede van markagentskappe	139
12.6	Inligtingsaangeleenthede van die markbesture	139
12.7	Inligtingsaangeleenthede van kopers van varsprodukte	140
12.8	Inligtingsaangeleenthede van diverse betrokke instansies	140
12.9	Samevatting van inligtingsaangeleenthede van die vyf teikengroepe	141
12.10	Aanbevelings oor bestaande inligtingsbronne	142
12.11	'n Moontlike toekomstige inligtingstelsel	143
	Lys van Bylaes	145

Lys van tabelle

<i>Tabel</i>	<i>Bladsy</i>
4.1 Respondente se bruto-inkomste uit varsprodukte in 'n persentasie van hul totale boerdery-inkomste	22
4.2 Die belangrikste groentesoorte en vrugtesoorte wat deur respondente geproduseer word	22
4.3 Distribusiekanale wat deur 86 respondente gebruik word	23
4.4 Respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie: "Statistiek oor Varsproduktemarke" (SVM)	25
4.5 Respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie: "Kortbegrip van Landboustatistieke" (KLS)	26
4.6 Respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie: "Oeste en Marke" (OM)	28
4.7 Respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasies van die Kommissie vir Varsproduktemarke (KVPM)	29
4.8 NVPM'e vanwaar respondente jaarverslae of handelsyfers (J of H) ontvang	30
4.9 Respondente se luisterfrekwensie na die markpryse op NVPM'e wat deur die SAUK uitgesaai word (SAUK-MP)	31
4.10 Die nut van die SAUK-MP vir respondente	31
4.11 Opsoming van addisionele inligting verlang deur 28 respondente wat na SAUK-MP luister	32
4.12 Respondente se leesfrekwensie van markpryse op NVPM'e in koerante en tydskrifte gepubliseer (MPKT)	33

4.13	Name van koerante en tydskrifte wat deur respondente ge lees word ten opsigte van MPKT	33
4.14	Respondente se gebruiksfrekwensie van die MPKT	34
4.15	Die nut van die MPKT vir respondente	34
4.16	Respondente se gebruiksfrekwensie van ander inligtingsbronne (AIB)	35
4.17	Respondente se evaluering van 'n produsente aanplantingsdatabank (PAB)	36
4.18	Respondente se belangstelling in deelname aan 'n PAB	36
4.19	Die belangrikste groente- en vrugtesoorte waaroor respondente inligting uit 'n PAB sou verlang	37
4.20	Vergelyking tussen die getal respondente en produkte per groepering in tabelle 4.2 en 4.19	38
4.21	Respondente se reaksie aangaande 'n ideale inligtingstelsel (IIS)	40
5.1	Respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie: "Statistiek oor Varsproduktemarke" (SVM)	46
5.2	Respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie: "Kortbegrip van Landboustatistieke" (KLS)	47
5.3	Respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie: "Oeste en Marke" (OM)	48
5.4	Respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasies van die Kommissie vir Varsproduktemarke (KVPM)	49
5.5	NVPM'e vanwaar respondente jaarverslae of handelsyfers (J of H) ontvang	50
5.6	Respondente se luisterfrekwensie na die markpryse op NVPM'e wat deur die SAUK uitgesaai word (SAUK-MP)	51
5.7	Die nut van die SAUK-MP vir respondente	51
5.8	Respondente se leesfrekwensie van markpryse op NVPM'e in koerante en tydskrifte gepubliseer (MPKT)	52
5.9	Respondente se gebruiksfrekwensie van die MPKT	53
5.10	Respondente se gebruiksfrekwensie van ander inligtingsbronne (AIB)	54
5.11	Respondente se evaluering van 'n produsente aanplantingsdatabank (PAB)	55

5.12	Respondente se reaksie aangaande 'n ideale inligtingstelsel (IIS)	55
7.1	Kopersklasse waaronder kopers ressorteer in 'n persentasie van totale deelname	76
8.1	Groepering waarin respondente val in 'n persentasie van hul totale deelname aan die ondersoek	85
8.2	Respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie: "Statistiek oor Varsproduktemarke" (SVM)	86
8.3	Respondente se gebruiksfrekwensie van die SVM	87
8.4	Nut van inligting in SVM vir respondente	87
8.5	Respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie: "Kortbegrip van Landboustatistieke" (KLS)	88
8.6	Respondente se gebruiksfrekwensie van die KLS	89
8.7	Nut van inligting in KLS vir respondente	89
8.8	Respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie: "Oeste en Marke" (OM)	90
8.9	Respondente se gebruiksfrekwensie van die OM	91
8.10	Nut van die inligting in OM vir respondente	91
8.11	Respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasies van die Kommissie vir Varsproduktemarke (KVPM)	92
8.12	NVPM'e vanwaar respondente jaarverslae of handelsyfers (J of H) ontvang	93
8.13	Respondente se luisterfrekwensie na die markpryse op NVPM'e wat deur die SAUK uitgesaai word (SAUK-MP)	94
8.14	Die nut van die SAUK-MP vir respondente	95
8.15	Respondente se leesfrekwensie van markpryse op NVPM'e in koerante en tydskrifte gepubliseer (MPKT)	96
8.16	Name van koerante en tydskrifte wat deur respondente gelees word ten opsigte van MPKT	96
8.17	Respondente se gebruiksfrekwensie van die MPKT	97
8.18	Die nut van die MPKT vir respondente	97
8.19	Respondente se gebruiksfrekwensie van ander inligtingsbronne (AIB)	98
8.20	Respondente se evaluering van 'n Produsente Aanplantingsdatabank (PAB)	99

8.21	Respondente se reaksie aangaande 'n Ideale Inligtingstelsel (IIS)	100
9.1	Respondente se ontvangs- en gebruiksfrekwensie en nuttigheids- en tevredenheidsvlak m.b.t. die SVM in persentasie van die totale respondente per teikengroep	107
9.2	Respondente se ontvangs- en gebruiksfrekwensie en nuttigheids- en tevredenheidsvlak m.b.t. die KLS in persentasie van die totale respondente per teikengroep	108
9.3	Respondente se ontvangs- en gebruiksfrekwensie en nuttigheids- en tevredenheidsvlak m.b.t. die OM in persentasie van die totale respondente per teikengroep	109
9.4	Respondente se ontvangs- en gebruiksfrekwensie en nuttigheids- en tevredenheidsvlak m.b.t. die "Publikasies van die KVPM" in persentasie van die totale respondente per teikengroep	110
9.5	Respondente se ontvangs- en gebruiksfrekwensie en nuttigheidsvlak m.b.t. die J of H in persentasie van die totale respondente per teikengroep	113
9.6	Respondente se luisterfrekwensie en nuttigheids- en tevredenheidsvlak m.b.t. die SAUK-MP in persentasie van die totale respondente per teikengroep	114
9.7	Respondente se lees- en gebruiksfrekwensies en nuttigheidsvlak m.b.t. die MPKT in persentasie van die totale respondente per teikengroep	115
9.8	Respondente wat PAB as nuttig of baie nuttig evalueer in persentasie van die totale respondente per teikengroep	116
9.9	Respondente wat bepaalde voorstelle m.b.t. 'n IIS gedoen het in 'n persentasie van die totale respondente per teikengroep ...	118
9.10	Groepering van bepaalde voorstelle aangaande 'n IIS in 'n persentasie van totale getal voorstelle per teikengroep	118
9.11	Respondente se voorstelle insake kommunikasiefrekwensie van inligting in IIS in 'n persentasie van totale getal voorstelle per teikengroep	119

Bestuursopsomming

HOOFSTUK 1: INLEIDING

'n Omvattende ondersoek na die bemarking van varsprodukte in die RSA is op versoek van die varsproduktebedryf deur die Minister van Landbou goedgekeur.

Die Buro vir Finansiële Analise van die Universiteit van Pretoria is aangestel om die inligtingsaangeleenthede met betrekking tot die bemarking van varsprodukte in die RSA te ondersoek en aanbevelings daaroor te doen. Terselfdertyd is die respondente se menings ingewin oor:

- die instelling en instandhouding van 'n produsente aanplantingsdatabank (PAB)
- die soort inligting wat hulle in 'n ideale inligtingstelsel (IIS) sou wou sien en
- ander inligtingsbronne (AIB) wat hulle tans gebruik.

HOOFSTUK 2: BESTEK VAN DIE ONDERSOEK

Die gebruik van altesame sewe bestaande inligtingsbronne by byf teikengroepe wat vir die doel van die ondersoek uitgeken is, is ondersoek. Dié vyf teikengroepe is produsente van varsprodukte, markagente, die 15 nasionale varsprodukte-marke (NVPM'e), kopers van varsprodukte en diverse instansies wat regstreeks of onregstreeks by die produksie en/of bemarking van varsprodukte betrokke is. Die sewe inligtingsbronne is vier publikasies van die Departement van Landbou, jaarverslae of handelsyfers (J of H) van die 15 marke, markpryse op weksdae deur die SAUK uitgesaai (SAUK-MP) en in koerante of weekblaaie gepubliseer (MPKT).

Die vier publikasies van die Departement van Landbou bestaan uit:

- twee wat jaarliks deur die Direkoraat: Landbou-ekonomiese Tendense gepubliseer word, naamlik *Statistiek oor Varsproduktemarke* en *Kortbegrip van Landboustatistieke*;

Bestuursopsomming

- ▣ *Oeste en Marke* wat maandeliks deur die gemelde Direktoraat gepubliseer word; en
- ▣ 'n maandelikse publikasie van die Kommissie vir Varsproduktemarke.

HOOFSTUK 3: HOOFBEVINDINGE

Die hoofbevindings is die volgende:

- ▣ Die oplaag van die vier publikasies van die Departement van Landbou is relatief klein (70 tot 1 700); die minderheid daarvan gaan regstreeks aan moontlike gebruikers in die vyf teikengroepe en gemiddeld slegs sowat een derde van die respondente wat die publikasies wel ontvang, gebruik hulle gereeld.
- ▣ Die J of H word hoofsaaklik deur NVPM'e en hul beherende munisipale owerhede gebruik en tot 'n mindere mate deur markagente. Slegs enkelinge by die ander drie teikengroep gebruik dit gereeld.
- ▣ Die SAUK-MP en MPKT word gemiddeld deur die meerderheid van alle respondente in die vyf teikengroep gebruik en as nuttig beskou.
- ▣ By die produsente, markagente, NVPM'e en diverse betrokke instansies bestaan sterk ondersteuning vir die instelling en instandhouding van 'n PAB, en respondente het altesame 96 voorstelle oor produksie- en 122 oor prysvormingsinligting in verband met 'n ideale inligtingstelsel aan die hand gedoen.
- ▣ Alternatiewe maniere om 'n inligtingstelsel in stand te hou, behoort by enige besluit oor 'n verandering in die bedryfsvoering op NVPM'e pertinent oorweeg te word.

HOOFSTUK 4: HOOF AANBEVELINGS

Altesame 12 aanbevelings is gemaak, naamlik vyf oor die publikasies van die Departement van Landbou, vier oor die J of H, een oor die SAUK-MP en MPKT en twee oor huidige beskikbare, dog ongebruikte inligting op marke. Die aanbevelings kan soos volg saamgevat word:

- ▣ Die regverdiging vir die voortbestaan van die vier publikasies van die Departement van Landbou moet oorweeg word net inagneming van die totale koste daarvan, asook die moontlikheid om eksemplare teen betaling in plaas van gratis te versprei; om hulle saam te smelt of om die versameling en verwerking van die data wat vir amptelike gebruik noodsaaklik is, aan die Sentrale Stastiekdiens oor te dra.
- ▣ Die J of H moet bly voort bestaan vir solank die huidige scenario van bedryfsvoering op marke onveranderd bly, dog met die oog op uitskakeling van

oorbodige detail moet die tole koste van die samestelling en publikasie van die verslae ondersoek word.

- Die SAUK-MP en MPKT moet onveranderd bly vir solank die inligting so goedgunstiglik deur die Johannesburgmark aan die media verstrek word.
- Die groot potensiële bron van beskikbare, dog ongebuikte inligting op NVPM'e, moet by enige toekomstige verandering in die bedryfsvoering op NVPM'e in gedagte gehou word.

Inleiding, metode van ondersoek en struktuur van die verslag

1.1 INLEIDING

'n Omvattende ondersoek na die bemarking van vars groente en vrugte in die RSA is op versoek van die varsproduktebedryf deur die Minister van Landbou goedgekeur. Die ondersoek is in tien temas verdeel waarvan Tema 8 handel oor:

Inligtingsaangeleenthede met betrekking tot dié bemarking van varsprodukte in die RSA.

Die Buro vir Finansiële Analise van die Universiteit van Pretoria (BFA) is aangestel om die ondersoek na hierdie te onderneem. Die verslag bevat onder andere die bevindings en aanbevelings wat spruit uit die ondersoek wat gedurende die tydperk Desember 1989 tot September 1990 uitgevoer is.

1.2 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van die studie is in die eerste plek om ondersoek in te stel na en aanbevelings te doen met betrekking tot die ontwikkeling van 'n omvattende inligtingstelsel, wat korrekte, resente en relevante inligting aan alle partye wat regstreeks of onregstreeks by die varsproduktebedryf betrokke is, beskikbaar kan stel.

1.3 VERTOLKING VAN DIE OPDRAG

Die wyse waarop die opdrag vertolk is, kan in die volgende vyf stappe verdeel word:

- Inligting wat tans beskikbaar is by alle partye wat regstreeks of onregstreeks by die varsproduktebedryf betrokke is, met inbegrip van die inlig-

ting uit sekondêre bronne, is vasgestel, tesame met die benutting daarvan deur die respondente in die vyf teikengroepe in die ondersoek.

- ▣ Die inligtingsbehoefte van al die belanghebbende partye is bepaal. Die behoefte is gespesifiseer volgens die frekwensie, die metode, akkuraatheid en tydigheid waarmee inligting beskikbaar gestel moet word. Sodanige behoeftes is daarna beoordeel en gemeenskaplike behoeftes is bepaal.
- ▣ Die bronne waar enige addisionele benodigde inligting beskikbaar is, is vasgestel.
- ▣ Ondersoek is ingestel na die mees geskikte stelsel vir die versameling van data, asook die verwerking en tydige deurvoering daarvan aan alle belanghebbende partye in die bruikbaarste vorm. Daar is ook vasgestel welke instansie verantwoordelik moet wees vir die instandhouding van die "ideale inligtingstelsel".
- ▣ Die koste- en inkomste aspekte van die ideale inligtingstelsel is ondersoek. Die tydigheid, relevantheid, korrektheid en die beskikbaarheid van die verlangde inligting in die formaat waarin die potensiële gebruikers dit wil hê, is deurgaans opgeweeg teen die koste wat aangegaan moet word om dit beskikbaar te stel en die nodige aanbevelings oor wie verantwoordelik vir hierdie koste moet wees, is gedoen.

1.4 TEIKENGROEPE IN DIE ONDERSOEK

Vyf teikengroepe is vir die doeleindes van die ondersoek uitgeken naamlik:

- ▣ produsente van varsprodukte
- ▣ markagente wat op die 15 NVPM'e optree
- ▣ die 15 NVPM'e
- ▣ kopers van varsprodukte en
- ▣ diverse betrokke instansies wat regstreeks of onregstreeks by die produksie en bemarking van varsprodukte betrokke is.

Besonderhede aangaande die samestelling van die vyf teikengroepe en die wyse waarop steekproewe vir die doeleindes van die ondersoek bepaal is, word in Hoofstuk 3 verstrekk.

1.5 METODE VAN INSAMELING VAN DATA

1.5.1 Verkennende gesprekke

Aanvanklik het die BFA verkennende gesprekke met 'n groot aantal persone gevoer tydens persoonlike besoeke aan, of telefoniese skakeling met 'n verskeidenheid van instansies, soos:

- Die Departement van Landbou
- Die Instituut van Markagente van S A
- Verskeie NVPM'e
- Rade en Beurse
- Die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI)
- Die SuidAfrikaanse Landbou-unie (SALU)
- Kettingwinkelgroepe
- Verskaffers van landbou-insette
- Verwerkers en uitvoerders van varsprodukte en
- Groothandelaars en makelaars in varsprodukte.

OP DIE WYSE HET DIE BFA:

- sy bestaande agtergrondkennis van die varsproduktebedryf verbreed;
- persoonlike skakeling bewerkstellig met 'n aansienlike aantal senior persone by instansies wat regstreeks en onregstreeks in die varsproduktebedryf betrokke is;
- ondersteuning gewerf vir die insameling van data en die invul van vraelyste vir doeleindes van die ondersoek en kon baie van die vraelyste aan die genoemde vyf teikengroepe op 'n persoonlike grondslag aan 'n bepaalde senior amptenaar van 'n besondere instansie gerig word; en
- 'n aansienlike aantal name en adresse van potensieële deelnemers aan die ondersoek bekom.

1.5.2 Onderhoue en groepbesprekings

Tydens onderhoue met markowerhede van al die NVPM'e en groepbesprekings met markagente op die marke, is belangegroepe gemotiveer om aan die ondersoek deel te neem, vraelyste versprei en verduidelikings oor die invul daarvan aan potensieële deelnemers verstrek.

1.5.3 Posopnames

Data vir die ondersoek is hoofsaaklik deur middel van posopnames ingesamel. Dit wil sê, vraelyste is per pos aan potensieële respondente gestuur met 'n versoek dat dit ingevul en aan die BFA terugbesorg moet word. In enkele gevalle is hulp in verband met die verspreiding van vraelyste goedgunstiglik verleen deur:

- NVPM'e, met vraelyste aan kopers en
- die Aartappelraad, met vraelyste aan produsente deur middel van verteenwoordigers van die Raad tydens hul gereelde besoeke aan aartappelprodusente.

1.5.4 Opvolging van vraelyste

In 'n poging om 'n maksimum respons van elke teikengroep te verseker, is die oorspronklike versoeke om die vraelyste in te vul, herhaaldelik opgevolg:

- ▣ in die meerderheid van gevalle per FAKS
- ▣ in 'n mindere mate telefonies en
- ▣ in enkele gevalle deur middel van persoonlike besoeke.

In die geval van Nasionale Varsproduktemarkte was sodanige opvolging, in sommige gevalle tot vyf maal herhaal en het dit uiteindelik 'n 100% respons van die kant van die markte opgelewer.

In die geval van die markagente is die bogemelde opvolgaksies aangevul deur bywoning van die Instituut van Markagente van S A se jaarkongres, waartydens die Direkteur van die BFA meer as 50% van alle markagente kon toespreek en aanmoedig om aan die ondersoek deel te neem. Alle onduidelikhede in ingevulde vraelyste is eweneens, òf per FAKS òf telefonies, opgevolg en opgeklar.

1.6 STRUKTUUR VAN DIE VERSLAG

Die verslag bestaan uit 12 hoofstukke, te wete:

HOOFSTUK 1: Inleiding, waarin die agtergrond en doel van die ondersoek, die vertolking van die opdrag, die teikengroepe wat geïdentifiseer is, die metodes van insameling van die data en die struktuur van die verslag, sowel as begripsbepalings, afkortings en afrondings van bedrae en persentasies, behandel word.

HOOFSTUK 2: 'n Bondige samevatting van die inhoud van die vyf vraelyste en ander inligting wat in die ondersoek gebruik is.

HOOFSTUK 3: Insameling van die data en die respons per teikengroep.

HOOFSTUKKE 4 TOT 8: Ontledings van die antwoorde van respondente op individuele vrae in die vyf verskillende vraelyste aan:

- ▣ Produsente – Hoofstuk 4
- ▣ Markagente – Hoofstuk 5
- ▣ Nasionale Varsproduktemarkte – Hoofstuk 6
- ▣ Kopers – Hoofstuk 7
- ▣ Diverse betrokke instansies – Hoofstuk 8.

HOOFSTUK 9: Bevat opsommings, per inligtingsbron, van die bevindings in hoofstukke 4 tot 8.

4 HOOFSTUK 10: Aanbevelings oor die bestaande inligtingstelsels.

HOOFSUK 11: Formulering en bespreking van 'n moontlike toekomstige inligtingstelsel onder huidige omstandighede en onder verskillende scenario's.

HOOFSUK 12: Samevatting van verslag.

1.7 AFKORTINGS, BEGRIPSBEPALING EN AFRONDINGS

1.7.1 Afkortings

Die volgende afkortings word in verslag gebruik:

- AIB: Ander inligtingsbronne
- IIS: Ideale inligtingstelsel
- J of H: Jaarverslae of handelsyfers van NVPM'e
- KLS: Die publikasie getiteld *Kortbegrip van Landboustatistieke* van die Direkoraat Landbou-ekonomiese Tendense (Departement van Landbou)
- KVPM: Die Kommissie vir Varsproduktemarke
- MPKT: Markpryse op NVPM'e wat in koerante en tydskrifte gepubliseer word
- NVPM: Een van die 15 Nasionale Varsproduktemarke
- NVPM'e: Twee of meer van die 15 Nasionale Varsproduktemarkte
- Groot NVPM'e: Die NVPM'e te Johannesburg, Kaapstad, Pretoria en Durban
- Middelgroot NVPM'e: Die NVPM'e te Port Elizabeth, Springs, Pietermaritzburg, Oos-Londen, Bloemfontein en Klerksdorp
- Klein NVPM'e: Die NVPM'e te Vereeniging, Welkom, Kimberley, Uitenhage en Witbank
- OM: Die publikasie getiteld *Oeste en Marke* van die Direkoraat Landbou-ekonomiese Tendense (Departement van Landbou)
- PAB: Produsente aanplantingsdatabank
- SAUK-MP: SAUK uitsendings van markpryse van varsprodukte op NVPM'e
- SVM: Publikasie getiteld *Statistiek oor Varsproduktemarke* van die Direkoraat Landbou-ekonomiese Tendense (Departement van Landbou).

1.7.2 Begripsbepaling

Vir die doeleindes van verslag beteken:

- ▣ **INLIGTINGSBEHOEFTE:** Die behoefte van 'n persoon of homogene groep van persone aan verwerkte data (hetsy deur 'n rekenaarstelsel of 'n mens) wat, deur die proses van verwerking, 'n verryking ondergaan het en op ondersteuning van een of ander taak van die persoon of die homogene groep van persone afgestem is. (Inligting is dus verwerkte data, en die begrip is relatief, want een persoon se inligting is weer 'n ander se data. Sommige kenners onderskei ook tussen inligting en informasie, en reserveer laasgenoemde vir persoon-/taakgebonde inligting, en eersgenoemde vir meer algemeen verwerkte data).
- ▣ **KOPER:** 'n Persoon of onderneming wat vars groente en/of vrugte op 'n NVPM, op ander markte en/of deur middel van 'n verskeidenheid ander distribusiekanale koop.
- ▣ **MARKAGENT:** 'n Markagentskap wat deur 'n eenmansaak, of 'n vennootskap of 'n ander ondernemingsvorm vir die verkoop van vars groente en vrugte op 'n NVPM namens produsente bedryf word.
- ▣ **PRODUSENT:** 'n Persoon of onderneming wat 'n inkomste uit die produksie van varsprodukte verdien, hetsy as 'n geheel of 'n gedeelte van sy totale boerdery-inkomste.

1.7.3 Afrondings

Tensy dit uitdruklik anders vermeld word, is persentasies in die verslag tot een desimale plek en geldbedrae tot die naaste rand afgerond.

HOOFSTUK 2

Vraelyste en ander inligting gebruik

2.1 INLEIDING

Vyf verskillende vraelyste in beide landstale is opgestel om inligting te bekom van die vyf teikengroepe, naamlik produsente, markagente, NVPM'e, kopers en diverse betrokke instansies.

Voorbeelde van die vraelyste is aangeheg as:

- Bylae A – produsente
- Bylae B – markagente
- Bylae C – NVPM'e
- Bylae D – kopers
- Bylae E – diverse betrokke instansies.

2.2 INHOUD VAN DIE VRAELYSTE

Elkeen van die vyf vraelyste bevat een of meer ongenommerde verkennende vrae wat bedoel is om 'n respondent van 'n bepaalde teikengroep se betrokkenheid by die produksie en bemarking van varsprodukte te bepaal. Die vrae verskil grootliks van groep tot groep. Meer besonderhede oor die verkennende vrae en die resultate daarvan verskyn in hoofstukke 4 tot 8. Voorts is die eerste 8 genummerde vrae in al vyf vraelyste, sowel as die onderafdelings daarvan, identies.

In vrae 1 tot 4 word die respondent gevra of, en indien wel, hoe gereeld hy die SVM, KLS en OM van die Direkoraat Landbou-ekonomiese Tendense on die Publikasie van die Kommissie vir Varsproduktemarke (KVPM), ontvang.

Indien 'n respondent 'n publikasie wel ontvang, moet hy aandui:

- hoe gereeld hy die inligting gebruik;
- hoe nuttig hy dit vind;
- of hy addisionele inligting in die betrokke publikasie sou wou sien;

- ❑ die addisionele inligting verlang;
- ❑ hoe tevrede hy met die huidige vorm van die publikasie is; en
- ❑ waarom hy met die huidige vorm van die publikasie ontevrede is.

In vraag 5 moet die respondente aandui of, en indien wel, van welke NVPM'e hy jaarverslae of handelsyfers (J of H) ontvang, hoe gereeld hy die inligting in die J of H gebruik en hoe nuttig hy dit vind.

In vraag 6 word die respondente gevra of, en indien wel, hoe gereeld hy luister na die markpryse wat op weksdae deur die SAUK uitgesaai word. Indien hy daarna luister, moet hy aandui:

- ❑ of die inligting van waarde is in sy besluitnemingsprosesse;
- ❑ of hy addisionele inligting uitgesaai sou wou hê (en indien wel, welke soort inligting); en
- ❑ of hy met die huidige uitsaaitye tevrede is (en indien ontevrede, moet hy alternatiewe tye aandui).

In antwoord op vraag 7 moet die respondente aandui of hy van die markpryse in sekere koerante en tydskrifte kennis neem en, indien wel, in welke tydskrifte of koerante hy die inligting vind, hoe gereeld hy dit gebruik en hoe nuttig hy dit vind.

In vraag 8 word die respondente gevra welke ander inligtingsbronne hy tans gebruik en hoe waardevol hy dit in sy besluitnemingsprosesse vind.

In vraag 9 (behalwe vir die kopersgroep) word die respondente se mening gevra omtrent die nuttigheid van 'n voorgestelde produsente aanplantings-databank (PAB) soortgelyk aan die wat tans vir aartappelprodusente in werking is.

Slegs in die geval van die produsente-teikengroep word daar ook in vraag 9 aan die respondente gevra of hy aan so 'n skema sou wou deelneem en, indien wel, ten opsigte van welke soorte groente en vrugte hy inligting sal verlang.

Weens die belangrikheid van die vraag word daar in afdeling 2.3 hierna en in Bylae F meer besonderhede aangaande die inligting wat aan aartappelprodusente beskikbaar is, verstrekk.

In vraag 10 (vraag 9 vir die kopersgroep) word die respondente gevra om sy siening te gee oor die inligting wat benodig word in 'n ideale inligtingstelsel, sowel as die gereeldheid van die publikasie van sodanige inligting en die metode waarvolgens die inligting bekend gestel moet word.

2.3 DIE AARTAPPELRAAD SE INLIGTINGSTELSEL

2.3.1 Algemene opmerkings

'n Aansienlike persentasie van respondente uit die geledere van die produsentegroep en tot 'n mindere mate ook by die markagente, NVPM'e en ander betrokke instansies, het in hul antwoorde op vraag 9 en/of 10 waardering betuig vir die inligting wat deur die Aartappelraad in stand

gehou en beskikbaar gestel word. Sommige van hulle sien dit ook as 'n model vir 'n ideale inligtingstelsel.

Aangesien die antwoorde van die genoemde vier teikengroepe versprei is oor hoofstukke 4, 5, 6 en 7 van die verslag, het die BFA dit gerade geag om alreeds in die hoofstuk 'n kort samevatting van die Aartappelraad se inligtingstelsel te verstrek. Die stelsel wat, oor 'n tydperk van jare, hoofsaaklik as 'n diens aan aartappelprodusente ontwikkel is, stel die Raad terselfdertyd in staat om een van sy belangrike funksies te vervul, naamlik om die produksie en bemarking van aartappels so gelykmatig as moontlik te laat verloop.

2.3.2 Produksie en bemarking van tafelaartappels

Om die belangrikheid van die stelsel vir moontlike aanwending in verband met ander varsprodukte in perspektief te plaas, is die volgende faktore in verband met die produksie en bemarking van tafelaartappels van belang:

- ongeveer 75% van die totale jaarlikse tafelaartappelproduksie word as 'n varsprodukt op die 15 NVPM'e bemark;
- beide in massa en in geldwaarde is tafelaartappels die belangrikste varsprodukt wat op NVPM'e bemark word;
- die moontlikhede van verwerking van aartappels is beperk – dit is hoofsaaklik in die vorm van droë en bevrore skyfies;
- die uitvoermoontlikhede van die varsprodukt is taamlik skraal;
- die groeityd van aartappels is relatief kort (ongeveer 4 maande) en gevolglik kan 'n produsent, met behoorlike aanplantingstatistiek en vroeë oesskattings tot sy beskikking, sy eie aanplantings in die lig van heersende omstandighede en verwagtings, vervroeg of vertraag;
- 'n produsent kan van jaar tot jaar redelik maklik van aartappelproduksie na alternatiewe varsprodukte of selfs na graanverbouing oorskakel, en omgekeerd;
- die aanvraag na tafelaartappels is taamlik onelasties, gevolglik is die pryse geweldig gevoelig vir 'n oor- of onderaanbod;
- die oesopbrenge (dit is aanbod) is uiters kwesbaar vir weersomstandighede soos laat ryp, hael, oormatige reën en droogtes. In drie van die belangrikste produksiestreke, naamlik Oos-Transvaal, Oos-Vrystaat en Wes-Vrystaat waar droëlandverbouing plaasvind, is die oesopbrengste nog meer as elders van voldoende reën op die regte tye afhanklik; en
- die groeiseisoene en die oestye van aartappels verskil dramaties van streek tot streek maar landswyd kan aartappels dwarsdeur die jaar aangeplant en ge-oes word – met ander woorde, terwyl aanplantings in een of meer streke aan die gang is kan daar in 'n ander streek of streke alreeds ge-oes word.

2.3.3 Funksionering van Aartappelraad se inligtingstelsel

Die Aartappelraad se inligtingstelsel funksioneer kortliks op die volgende wyse:

- ❑ In die loop van 'n jaar besoek streeksverteenwoordigers van die Raad alle bestaande en nuwe aartappelprodusente in die 12 streke, wat volgens produksie-seisoene ingedeel is. Die doel van die besoeke is om streek-opnames te maak van die omvang van aanplantings en oesskattings. Die opnames geskied in die volgende vier fases:

FASE 0: Om te bepaal of 'n produsent in die komende seisoen aartappels gaan aanplant en, indien wel, hoeveel hektaar en welke kultivars.

FASE 1: Om die werklike omvang van die aanplantings vas te stel.

FASE 2: Om die voorlopige oesskattings te bepaal.

FASE 3: Om die finale skattings van oesopbrengste vas te stel.

- ❑ Verteenwoordigers voer deurlopend die ingesamelde data aan die Raad se hoofkantoor, waar dit onverwyld in 'n databank op rekord geplaas en verwerk word.
- ❑ Verteenwoordigers wag nie met 'n verslag oor 'n bepaalde fase totdat alle inligting ingesamel is nie, maar rapporteer hul bevindings namate hulle met hul opnames vorder om sodoende te verseker dat die inligting in die databank deurgaans, vir alle streke, so resesent as moontlik bly.
- ❑ Omdat die seisoene vir aartappelproduksie van streek tot streek aansienlik verskil, en in die 12 streke gesamentlik oor die volle kalenderjaar strek, is daar in enige besondere maand een of meer streke waar die inligting nog slegs in verband met Fase 0 (verwagte aanplantings) beskikbaar is, terwyl dit in andere alreeds vir Fase 3 (oesopbrengste) bekend is.
- ❑ In enkele van die 12 streke is twee aartappelproduksie-seisoene per jaar moontlik.
- ❑ Sodra voldoende data oor 'n paar streke beskikbaar is, word die inligting deur die Raad by wyse van 'n nuusbrief of vlugskrif aan alle aartappelprodusente, asook ander belanghebbendes, oorgedra. In dieselfde mededeling word ook heelwat ander relevante inligting beliggaam, soos hoeveelhede alreeds bemark, gemiddelde pryse behaal, asook vergelykings met die stand van sake in die ooreenstemmende tydperke in vorige jare.
- ❑ In nuusbriewe en vlugskrifte word ook ander belangrike inligting oor byvoorbeeld hael- en rypskades, bemesting, plaagbestryding, verpakking, regulasies en ander ontwikkelings in verband met die produksie en bemarking van aartappels, verstrek. Uittreksels uit vlugskrifte vir die tydperk Januarie tot 30 September 1990, is in bylae F saamgevat.

- Jaarliks word die inligting oor die totale aartappelbedryf in 'n jaarverslag van die Raad gepubliseer;
- Dwarsdeur die jaar is dié inligting, soos op 'n bepaalde tydstip in die Raad se databank beskikbaar, telefonies op band op 'n 24-uur per dag inskakeldiens vir produsente en voornemende produsente, sowel as ander belangstellendes, toeganklik.
- Ten slotte word inligting deur die Raad se vertoonwoordigers op 'n persoonlike basis aan belangstellendes oorgedra tydens produksie- en bemarkingskoördineringsvergaderings wat van tyd tot tyd in elke streek belê word. By sulke vergaderings word die totale boord van die stand van die aartappelbedryf, soos bekend op daardie dag, aan belangstellendes oorgedra, tesame met projeksies van die verwagtinge vir die volgende paar maande.

Die voorgaande inligting is uiteraard 'n uiters beknopte weergawe van die wyse waarop die Aartappelraad se inligtingstelsel funksioneer. Dit is slegs bedoel om aan te dui wat respondente in die ondersoek waarskynlik in gedagte het wanneer hulle na die “nuusbriewe”, “publikasies” of “stelsel” van die Aartappelraad (ook bekend as die ADG-Rade) verwys.

2.4 SLOTOPMERKINGS

Die vraelyste wat in die ondersoek gebruik is, behels verkennende vrae oor die aard van die respondent se betrokkenheid in die varsproduktebedryf. Origens bestaan die vraelyste uit vrae oor die ontvangs- en gebruiksfrekwensie, asook die nuttigheidsvlak van sewe bestaande inligtingsbronne, naamlik vier publikasies van die Departement van Landbou, jaarverslae of handelsyfers van NVPM'e, en markpryse van varsprodukte in radio uitsendings of in koerante of tydskrifte gepubliseer.

Respondente moes ook aandui welke ander inligtingsbronne hulle gebruik of bewus van is, en ook wat hul mening oor 'n voorgestelde produsente aanplantingsdatabank en 'n ideale inligtingstelsel is.

Omdat die Aartappelraad se inligtingstelsel deur respondente by al die teikengroepe vermeld word, is 'n kort samevatting oor die funksionering daarvan in die hoofstuk ingesluit.

Insameling van data, respons per teikengroep en beleidsbeslissing aan- gaande versamelde data

3.1 INLEIDING

In die hoofstuk word die metodes wat by insameling van data by die vyf teikengroepe gevolg is, sowel as die respons per teikengroep uiteengesit.

'n Uiteensetting word verstrek oor 'n skynbare ongerymdheid in die respons aangaande die vier publikasies van die Departement van Landbou (SVM, KLS, OM en KVPM) en die beleidsbeslissing wat daaromtrent genoem is.

3.2 INSAMELING VAN DATA EN RESPONS PER TEIKEN- GROEP

3.2.1 Data en respons van produsente

'n Lys van ongeveer 800 name en adresse van produsente van varsprodukte is van die RGN verkry. Aan produsente is vraelyste, soos per Bylae A per pos versend. Van die 800 vraelyste is 73 (9,1%) onvoltooid terugontvang, omdat die geadresseerde onbekend is of omdat die betrokke persoon of onderneming nie meer varsprodukte produseer nie.

Benewens die posvraelyste is daar tydens persoonlike besoeke aan NVPM'e en groepbesprekings met produsente 'n verdere 100 vraelyste aan produsente besorg.

Die Aartappelraad het goedgunstiglik aangebied om deur sy streeksverteenwoordigers tydens hul besoeke aan produsente, vraelyste aan aartappelprodusente te besorg. Vir die doel is 200 vraelyste beskikbaar gestel.

Derhalwe is altesame meer as 1 100 vraelyste deur vier verskillende kanale aan produsente besorg, waarvan net 86 ingevul en 73 onvoltooid terug ontvang is. Die respons van die potensiele respondente was dus slegs ongeveer 8%.

3.2.2 Data en respons van markagente

By markagente is daar nie 'n steekproef getrek nie, en is 'n vraelys (Bylae B), besorg aan elk van die 84 markagente wat op die NVPM'e optree, volgens adreslyste deur die RGN en die Instituut van Markagente van S A verstrekk.

Die Direkteur van die BFA het tydens 'n jaarkongres van die Instituut van Markagente, op 30 Julie 1990 by die Wildernis, waar nagenoeg die helfte van alle Markagente teenwoordig was, 'n persoonlike oproep aan die markagente gerig om die vraelyste wat hul reeds drie maande tevore ontvang het, onverwyld in te vul en aan die BFA te besorg.

Al die markagente wat op 14 Augustus 1990 nog nie op die oproep gereageer het nie, is òf per FAKS of telefonies versoek om die vraelyste sonder verdere versuim in te vul en terug te stuur.

Die uiteindelijke sukses wat met dié drieledige insamelingspoging behaal is, was 'n totaal van 34 ingevulde vraelyste uit 'n totaal van 84 markagente, dit wil sê 'n respons van 40,5%.

Die data wat bywyse van die posopname van individuele markagente ingewin is, is verder aangevul deur 'n voorlegging aan die Navorsingsdirekteur deur die Instituut van Markagente van S A waarin die Instituut sekere aanbevelings doen en sy toekomsvisie stel. Die bydrae van die Instituut word in hoofstuk 5 volledig aangehaal.

3.2.3 Data en respons van NVPM'e

Ook in die geval van NVPM'e is nie 'n steekproef getrek nie, maar is aan elk van die 15 NVPM'e, tydens persoonlike besoeke en gesprekke, vraelyste besorg. Na opvolgaksies wat oor maande gestrek het (per FAKS en telefonies) en ten spyte van vele beloftes, is die laaste vyf ingevulde vraelyste van NVPM'e eers ná 15 September 1990 ontvang. Met ander woorde, die respons van NVPM'e was uiteindelik 100%.

3.2.4 Data en respons van kopers

By die kopers-teikengroep bestaan nie 'n adreslys nie. Daar is aanvanklik beplan om die teikengroep met behulp van markagente te bereik, aan wie 10 vraelyste elk verskaf sou word vir verspreiding onder kopers met wie hulle sake doen. Na samespreking met markagente het dit geblyk dat so 'n verspreidingsmetode tot duplikasie en verwarring kon lei en is besluit om die hulp van markowerhede te vra om die kopers te bereik.

'n Voorraad vraelyste is by elk van die NVPM'e gelaat, met die versoek dat vraelyste aan kopers besorg moet word. Volgens die metode is slegs 30 ingevulde vraelyste van 8 NVPM'e ontvang. Die Markowerhede het egter sonder uitsondering rapporteer dat kopers weinig of geen belangstelling vir deelname aan die ondersoek openbaar.

Die BFA het ook bywyse van 'n proefneming, deur persoonlike besoeke gepoog om kleinhandelaars in varsprodukte te oorreed om aan die opname deel te neem. Die poging het die algehele gebrek aan belangstelling in die

opname van die kant van kopers bevestig. In 'n paar gevalle waar BFA self die vraelyste namens kleinhandelaars ingevul het, was die antwoorde so negatief of neutraal dat dit geen wesentliche bydrae tot die ondersoek gelower het nie.

By kettingwinkels is met die hoofkantore van die vyf grootste groepe onderhandel en is uiteindelik ingevulde vraelyste van vier ontvang.

Hoewel daarin geslaag is om met groot moeite 'n totaal van 37 ingevulde vraelyste van kopers te versamel, is dit duidelik dat hierdie teikengroep die minste van die vyf teikengroepe in die ondersoek in verband met inligting stelsels belangstel.

3.2.5 Data en respons van diverse betrokke instansies

“Diverse betrokke instansies” is in die volgende 10 sub-groepe verdeel:

- 'n Raad of 'n Beurs
- Sentrale owerheid
- Munisipale owerheid
- Georganiseerde handel
- Producentevereniging
- Vervoerinstansie
- Verskaffer van landbou-insette
- Verwerker van vars groente of vrugte
- Uitvoerder van vars groente of vrugte
- Makelaar in vars groente of vrugte.

Name en adresse van potensiële respondente in die teikengroep is goed gunstiglik van 'n hiele aantal instansies of verenigings verkry, byvoorbeeld: die RGN, die SALU, die Kommissie vir Varsproduktemarke, en verskeie Beurse en Rade.

Altesame 256 vraelyste is aan potensiële respondente in die teikengroep uitgestuur en die respons was, in vergelyking met die produsente- en kopersteikengroep verrassend hoog, naamlik 86 respondente of 33,6%.

3.2.6 Opsomming van respons

Die totale respons van die vyf teikengroepe was soos volg:

Teikengroep	Ingevulde vraelyste	Persentasie respons
Produsente	86	7,8
Markagente	34	40,5
NVPM'e	15	100,0
Kopers	37	Onbekend
Diverse instansies	86	33,6
TOTAAL	258	—

Met ander woorde, die hoogste respons is ontvang van NVPM'e (100%) gevolg deur markagente (40,5%) en diverse betrokke instansies 33,6%. Van produsente was die respons relatief laag (7,8%) en dié van kopers onbeduidend.

3.3 BELEIDSBESSLISSING INSAKE GEBRUIK VAN DATA

3.3.1 Data in verband met SVM, KLS, OM en publikasies van KVPM

Die oplaag van die bogemelde 4 publikasies van die Departement van Landbou is beperk en die getal daarvan wat deur dié Departement aan produsente, kopers en ander betrokke instansies in die verspreidingsbedryf gestuur word, is nog heelwat kleiner, en is hoogstens soos volg:

	SVM	KLS	OM	KVPM
Totale oplaag (eksemplare)	600	1 700	1 000	70
Beraamde getal eksemplare aan 5 teikengroepe gestuur	300	367	384	10
Getal respondente wat publikasies ontvang	60	58	54	22

Die getal respondente wat aangedui het dat hulle die publikasies gereeld, soms, of selde ontvang, is heelwat hoër as wat van so 'n uiters beperkte verspreidingslys verwag sou kon word. Gevolglik vermoed die navorsers dat die ontvangsfrekwensie van dié vier publikasies, soos deur die ondersoek openbaar, waarskynlik nie statisties verantwoordbaar is nie.

DIE VERKLARING DAARVOOR KAN DRIELÉDIG WEES, NAAMLIK:

- ▣ Eerstens is daar waarskynlik sommige respondente wat, eerder as om te erken dat hulle nie van die publikasies bewus is nie, beweer dat hulle dit soms of selde ontvang. As dit die geval is, kan daar verwag word dat die ander vrae oor die publikasies ook "neutrale" antwoorde in verband met die gebruik, nut en tevredenheid met die vorm van die publikasies sou ontlok. So 'n respondent sal nie sê dat hy die inligting gereeld gebruik, nuttig vind of dat hy baie tevrede of ontevrede met die inligting is nie. Hy sal waarskynlik ook nie enige voorstelle in verband met addisionele inligting verlang, aan die hand doen nie. Die respons van so 'n groep van respondente sal derhalwe nie die kernbevindings van die ondersoek wesenlik beïnvloed nie.
- ▣ 'n Tweede waarskynlikheid vir die skynbare afwyking is dat sommige respondente wel een of twee van die vier publikasies ontvang, maar verward is oor die gereeldheid van ontvangs en die betiteling daarvan

omdat die SVM en KLS jaarliks, die OM kwartaalliks en die KVPM maandeliks vrygestel word.

- Die derde waarskynlikheid is dat sommige respondente die inligting vervat in een of meer van die publikasies wel onder oë gekry het, maar op 'n ander wyse as in die oorspronklike vorm. Dit kan geskied deur publikasie van inligting (met vormelding van die bron) in *Die Landbouwccckblad* en ander landboumedia, sowel as nuusbriewe, verslae en inligtingsbrosjures van Rade, Beurse en verskaffers van landbou-insette.

3.3.2 Doel van die SVM, KLS en OM

In 'n brief gedateer 23 Januarie 1991, het die Direkteur, Landbou-Ekonomiese Tendense van die Departement van Landbou, die doel van die SVM, KLS en OM, kortliks soos volg geskets:

“'n Beknopte uiteensetting van die doel van die Direktoraat se drie publikasies te wete: Kortbegrip van Landboustatistieke (jaarliks), Oeste en Marke (maandeliks) en Statistieke oor Varsproduktemarke (jaarliks).

1. Die behoefte aan landbou-ekonomiese statistieke en 'n staatsinstelling om dit op 'n gereelde basis beskikbaar te stel, het reeds in die vroeë twintigerjare sterk na vore getree. Vertoë in die verband het op die vestiging van die destydse Afdeling Ekonomie en Marke binne die destydse Departement van Landbou in Januarie 1925 uitgeloop. Na vele naamsveranderings en herorganisasie het die Afdeling ontwikkel in die huidige Direktoraat Landbou-ekonomiese Tendense.
2. Aanvanklik het genoemde Afdeling die publikasie *Oeste en Marke* die lig laat sien. In die vyftigerjare het *Kortbegrip van Landboustatistieke* gevolg en in 1965 die *Statistieke oor Varsproduktemarke*.
3. Enkele aanhalings uit 'n geskrif getiteld: *Die Staat se bydrac tot landbou ekonomiese dienste en navorsing in Suid-Afrika* waarin 'n oorsig vir die tydperk 1925 tot 1975 gegee is en die doel van hierdie publikasies uitgelig word, is soos volg:
 - (a) 'Samevattend en moontlik ook die volledige antwoord is dat hierdie dienste noodsaaklik is om te weet wat aangaan en wat verwag kan word, om die ontwikkelingstempo te meet; en om beleid te formuleer en te evalueer'.
 - (b) 'Die grootste prestasie van die Afdeling is ongetwyfeld die groot dienste wat hy gereeld aan die Departement, Sekretaris en Minister van Landbou lewer, asook aan (bemarkings-) rade, kommissies en wetenskaplike ondersoekers. Hierdie dienste word op verskillende maniere verrig. Dit is in die eerste instansie deur die feitlike inligting wat die Afdeling deur sy ondersoek en statistiese dienste versamel, verwerk en verstrekk. Dit is die groot prestasie van die Afdeling dat hy deur metodiese

sistematiesing van statistieke en ander inligting hom in staat gestel het om op kort kennisgewing inligting oor 'n massa van onderwerpe geredelik en gesaghebbend te kan verstrek'.

4. Na gelang die betrokke publikasies meer bekendheid verwerf het, is die aanvanklike oplaag van elk van tyd tot tyd tot die huidige oplaag uitgebrei. Die Tesourie plaas egter 'n beperking op die fondse wat vir die druk en verspreiding van die publikasies aangewend kan word. Tans kan nie volledig in die aanvraag voorsien word nie.
5. Die Direkoraat betwyfel of baie van die inligting wat in die publikasies vervat is, direkte aanwending op plaasvlak vind. Nietemin is daar, benevens die Departement van Landbou wat self die inligting onontbeerlik vir sy bedryf- en beleidvoering vind, vele ander gebruikers in die private en openbare sektor wat haas nie sonder die inligting kan klaarkom nie. Dit word gedeeltelik bevestig deur die talle navrae om inligting waaraan die Direkoraat deurlopend moet voldoen.
6. Die betrokke publikasies kan gesien word as 'n neweproduk van die proses waardeur data versamel en verwerk en voortspruitende inligting gesistematiseer word. Derhalwe kan die volle koste van die proses nie net aan die publikasies toegedeel word nie."

3.3.3 Beleidsbeslissing oor gebruik van data

Met inagneming van die waarskynlikhede soos in afdeling 3.3.1 uiteengesit, het die navorsers bevind dat:

- ▣ die ontvangsfrekwensie van die vier publikasies soos deur die ondersoek vasgestel, waarskynlik by die produsentegroep, kopersgroep en diverse betrokke instansies te hoog is, maar dat daar nie vasgestel kon word dat die data inderdaad ernstig foutief is nie
- ▣ die tendense in verband met die gebruik, nut en tevredenheid met die huidige vorm van die publikasies waarskynlik nie veel deur die moontlike afwyking in die ontvangsfrekwensie beïnvloed sal word nie.

As beleidsbeslissing is aanvaar dat die data wat deur alle respondente aangaande dié vier publikasies verstrek is, onveranderd gebruik kan word, met slegs 'n verwysing in die verslag na die afwyking rakende die ontvangsfrekwensie van die publikasies.

Die beslissing moet derhalwe in gedagte gehou word by die beoordeling van die SVM, KLS, OM en publikasies van die KVPM in die verslag maar behoort geen afbreuk aan bevindings in die verslag te doen nie.

3.4 SLOTOPMERKINGS

Die insameling van data het hoofsaaklik per posopname geskied. In die geval van produsente het die Aartappelraad en markagente ook hulp verleen om

vraelys aan potensiële respondente te besorg. By kopers het die NVPM'e hulp verleen en het navorsers persoonlike besoeke afgelê.

By die markowerhede was die respons 100%, by markagente 40,5%, by diverse betrokke instansies 33,6% van 'n steekproef van 256 en by produsente slegs 7,8% van 'n steekproef van 1 100 potensiële respondente. By kopers was daar slegs 37 respondente.

Teen die agtergrond van omstandighede soos in afdeling 3.3 uiteengesit, is as 'n beleidsbeslissing aanvaar dat die data van produsente, kopers en diverse betrokke instansies in verband met die vier publikasies van die Departement van Landbou, onveranderd in die verslag gebruik sal word. Twyfel oor die statistiese verantwoordbaarheid van die resultate sal vormeld word.

Inligtingsaangeleenthede van produsente

4.1 INLEIDING

In die hoofstuk word respondente se antwoorde aangaande 7 verskillende bestaande inligtingsbronne betreffende die varsproduktebedryf bespreek, asook

- enige ander inligtingsbronne wat hulle, benewens dié sewe bronne gebruik
- hul reaksies op die moontlike instelling van 'n produsente-aanplantings-databank en
- hul siening van 'n ideale inligtingstelsel.

4.2 RESPONDENTE SE BETROKKENHEID BY DIE PRODUKSIE EN BEMARKING VAN VARSPRODUKTE

Ten einde 'n beeld te kan vorm van die 86 responderende produsente se betrokkenheid by die produksie en bemarking van varsprodukte, is in die vraelys drie verkennende vrae gestel om besonderhede te bekom aangaande:

- die respondent se bruto-inkomste uit groente en/of vrugte, uitgedruk in 'n persentasie van sy totale bruto-inkomste uit sy boerdery;
- die name van nie meer as vier elk van die belangrikste groente- en vrugtesoorte wat die respondent gedurende die afgelope jaar geproduseer het; en
- 'n persentuele verdeling van die distribusiekanale wat deur die respondent vir die bemarking van sy totale groente- en vrugteproduksie gebruik is.

4.2.1 Bruto-inkomste uit varsprodukte in persentasie van totale boerdery-inkomste

Die 86 respondente se bruto-inkomste uit varsprodukte in persentasie van hul totale boerdery-inkomste word in Tabel 4.1 saamgevat.

TABEL 4.1

Respondente se bruto-inkomste uit varsprodukte in 'n persentasie van hul totale boerdery-inkomste

Persentuele inkomste uit varsprodukte	Respondente	
	Getal	% van totaal
81 tot 100%	37	43,0
51 tot 80%	9	10,5
21 tot 50%	18	20,9
Minder as 21%	22	25,6
Totaal	86	100,0

Tabel 4.1 toon dat die produksie van vars groente en vrugte by meer as die helfte van die 86 respondente wissel tussen 50% en 100% van hul totale boerdery-inkomste. Voorts toon die tabel dat slegs sowat een-kwart van die respondente minder as 21% van hul totale boerdery-inkomste uit die produksie van varsprodukte verdien.

4.2.2 Die vier belangrikste groente- en vrugtesoorte per respondent

Die 86 respondente het gesamentlik 25 verskillende groentesoorte en 23 verskillende vrugtesoorte vermeld. Die groente- en vrugtesoorte word in tabel 4.2 opgesom in 9 groentesoorte en 5 vrugtesoorte tesame met die getal respondente wat in elke groepering val.

TABEL 4.2

Die belangrikste groentesoorte en vrugtesoorte wat deur respondente geproduseer word

Groeperings van groente- en vrugtesoorte	Getal respondente	Getal groente- en vrugtesoorte per groepering
GROENTE		
Aartappels	50	1
Pampoengewasse	20	5
Tamaties	19	1
Uie	14	1
Kool, Blomkool en Spruitkool	13	3
Wortels	9	1

Groeperings van groente- en vrugtesoorte	Getal respondente	Getal groente- en vrugte- soorte per groepering
Rissies	8	3
Patats	7	1
Alle ander groente	21	9
TOTAAL (Groentesoorte)	—	25
VRUGTE		
Sub-tropies	14	7
Sagtevrugte	10	3
Sitrus	9	3
Druuwe	6	1
Alle ander vrugte	14	9
TOTAAL (Vrugtesoorte)	—	23

Dit is belangrik om daarop te let dat die respondente gevra is om nie meer as 4 groente- en/of 4 vrugtesoorte te noem nie. Derhalwe reflekteer tabel 4.2 'n aansienlike verskeidenheid van produsente. Hulle wissel tussen dié wat 'n maksimum van 4 groente- en 4 vrugtesoorte aangedui het, tot dié wat óf slegs een groentesoort (aartappels of tamaties), óf slegs een vrugtesoort (druuwe of lemoene) geproduseer het.

Uit tabel 4.2 kan, onder andere, opgemerk word:

- dat aartappels die belangrikste groentesoort is wat deur die 86 respondente geproduseer word, gevolg deur pampoengewasse, tamaties, uie en kool;
- dat sub-tropiese vrugte die belangrikste vrugtesoort is wat deur die respondente geproduseer word, gevolg deur sagtevrugte en sitrus; en
- dat die 86 respondente gesamentlik 25 groente- en 23 vrugtesoorte onder hul vier belangrikste groente- en/of vrugteproduksie reken.

4.2.3 Distribusiekanale wat respondente gebruik

Ten einde te bepaal watter distribusiekanale die respondente gebruik, moes hulle persentueel aandui hoeveel van hul totale produksie van varsprodukte deur een of meer van die volgende ses distribusiekanale bemark is:

- vars bemark op 'n nasionale varsproduktemark;
- vars bemark op ander markte;
- direk verkoop aan groot- of kleinhandelaars;
- direk verkoop aan die publiek;

- ▣ gelewer aan 'n koöperasie of 'n Raad; en
- ▣ gelewer aan die verwerkingsbedryf.

Die bogemelde 6 distribusiekanale word deur die 86 respondente volgens 19 verskillende kombinasies gebruik. Vanweë die relatief klein getal respondente word al dié 19 kombinasies nie gegee nie. Slegs 4 groeperings word in Tabel 4.3 saamgevat.

TABEL 4.3
Distribusiekanale wat deur 86 respondente gebruik word

Groepering van distribusiekanale	Respondente	
	Getal	% van totaal
Uitsluitlik NVPM'e (100%)	24	27,9
Hoofsaaklik NVPM'e (meer as 50%)	40	46,5
Uitsluitlik ander distribusiekanale (100%)	12	14,0
Hoofsaaklik ander distribusiekanale (meer as 50%)	10	11,6
Totaal	86	100,0

Tabel 4.3 toon dat altesame 64 (74,4%) van die 86 respondente òf uitsluitlik òf hoofsaaklik NVPM'e gebruik het vir die bemarking van hul totale groente-en/of vrugteproduksie en dat slegs 22 (25,6%) van hulle uitsluitlik of hoofsaaklik ander distribusiekanale gebruik het.

4.2.4 Samevatting

Die bevindinge in afdeling 4.2.1 tot 4.2.3 toon 'n relatief hoë betrokkenheid van die 86 respondente by die produksie en bemarking van vars groente en vrugte, in terme van die verskeidenheid geproduseer en die gebruik van NVPM'e as 'n distribusiekanal.

4.3 BEOORDELING VAN INLIGTINGSBRONNE DEUR RESPONDENTE

4.3.1 Publikasie getiteld *Statistiek oor Varsproduktemarke* (SVM)

ONTVANGS VAN DIE SVM

Tabel 4.4 toon die 86 respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie *Statistiek oor Varsproduktemarke*, van die Direktoraat Landbou-ekonomiese Tendense.

TABEL 4.4

Respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie: *Statistiek oor varsproduktemarke (SVM)*

Ontvangsfrekwensie van SVM	Respondente	
	Getal	% van totaal
Gereeld	6	7,0
Soms	6	7,0
Selde	3	3,5
Glad nie	71	82,5
Totaal	86	100,0

Tabel 4.4 toon dat die oorweldigende meerderheid van die respondente (82,5%) glad nie die SVM ontvang nie en dat slegs 7,0% dit gereeld en 'n verdere 10,5% dit òf soms òf selde ontvang.

GEBRUIK VAN DIE SVM

Van die 15 respondente wat die SVM wel ontvang, gebruik 9 respondente dit gereeld tot baie gereeld en gebruik 2 dit soms en 3 selde, terwyl 1 respondent dit glad nie gebruik nie.

NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE SVM

Van die 15 respondente wat die SVM ontvang, vind 13 respondente die inligting daarin nuttig tot baie nuttig terwyl 2 dit as van min waarde beskou.

ADDISIONELE INLIGTING IN DIE SVM VERLANG

Sewe (47%) van die 15 respondente wat die SVM ontvang, het aangedui dat hulle graag addisionele inligting daarin sou wou sien. Die verlangde addisionele inligting kan soos volg saamgevat word:

- 'n Beter vooruitskatting van pryse
- Kommentaar oor tendense in produksie en bemerking
- Inligting oor top presteerders
- Tendense moet grafies uitgebeeld word
- Vooruitskattings van aanbod en waarskynlike pryse vir die eersvolgende seisoen
- Maandtendense en lopende oorsigte oor die voorafgaande vyf jaar
- Meer indiepte tendense aangaande die oor- en ondervoorsiening van produkte.

Dit is betekenisvol dat geen een van hierdie sewe sake deur meer as een respondent aan die hand gedoen is nie.

VORM VAN DIE SVM

Dertien (87%) van die 15 respondente het aangedui dat hulle tevrede is met die vorm waarin die SVM tans verskyn, terwyl twee ontevrede is en niemand of baie tevrede of ontevrede met die vorm is nie.

Die twee respondente wat ontevrede met die huidige vorm van die publikasie is, meen dat meer resente inligting oor korter intervalle, en 'n eenvoudiger formaat om vergelykings te vergemaklik, oorweeg behoort te word.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR SVM

Samevattend kan gesê word dat die SVM skynbaar weinig bydra om produsente van varsprodukte te help in die beplanning van hul produksie en die bemerking van hul produkte deurdat 82,5% van die respondente glad nie die publikasie ontvang nie. Voorts blyk dit dat 13 van die 15 respondente wat die SVM wel ontvang, dit nuttig tot baie nuttig vind. Dit is moontlik 'n aanduiding dat die SVM wyer as tans versprei behoort te word. Sewe van die 15 respondente wil graag addisionele inligting in die SVM sien, en 2 van die respondente is ontevrede met die huidige vorm van die SVM.

4.3.2 Publikasie getiteld *Kortbegrip van Landboustatistieke (KLS)*

ONTVANGS VAN DIE KLS

Tabel 4.5 bevat die 86 respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie *Kortbegrip van Landboustatistieke* van die Direktooraat Landbou-ekonomiese Tendense.

TABEL 4.5
Repondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie: *Kortbegrip van landboustatistieke (KLS)*

Ontvangsfrekwensie van KLS	Respondente	
	Getal	% van totaal
Gereeld	3	3,5
Soms	2	2,3
Selde	2	2,3
Glad nie	79	91,9
Totaal	86	100,0

Volgens tabel 4.5 ontvang net 3 (3,5%) van die 86 respondente die KLS gereeld, 4,6% net soms of selde en 91,9% dit glad nie ontvang nie.

GEBRUIK VAN DIE KLS

Van die sewe respondente wat die KLS wel ontvang, gebruik 4 respondente dit gereeld en een soms en 2 selde.

NUT VAN INLIGTING IN DIE KLS

Volgens die 7 respondente se antwoorde oor die nut van die inligting in die KLS, vind 5 van hulle dit nuttig, tot baie nuttig terwyl een dit van min waarde en een dit van geen waarde vind nie.

ADDISIONELE INLIGTING IN DIE KLS VERLANG

Vyf (71%) van die sewe respondente wat die KLS ontvang, het aangedui dat hulle graag die volgende in die publikasie sou wou sien:

- Grafieke
- Vooruitskattings
- Statistieke in verband met perskeverkope
- Inligting oor top produsente
- Enige addisionele inligting wat produksie kan bevorder.

VORM VAN DIE KLS

Al sewe respondente wat die KLS ontvang, is tevrede met die vorm waarin dit tans verskyn.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR DIE KLS

Samevattend wil dit voorkom of die KLS weinig bydra om produsente van varsprodukte te help in die beplanning van hul produksie en die bemerking van hul produkte aangesien 92% van die respondente glad nie die publikasie ontvang nie. Voorts blyk dit dat 5 van die 7 respondente wat die KLS wel ontvang, dit nuttig tot nogal nuttig vind. Dit is moontlik 'n aanduiding dat dié publikasie ook wyer as tans versprei behoort te word. Vyf van die 7 respondente wil graag addisionele inligting in die publikasie sien; al sewe is met die huidige vorm van die KLS tevrede.

4.3.3 Publikasie getiteld *Oeste en Marke* (OM)

ONTVANGS VAN DIE OM

Tabel 4.6 weer gee die 86 respondente se ontvangsfrekwensie van die maandelikse publikasie *Oeste en Marke* van die Direktoraat Landbou-ekonomiese Tendense.

TABEL 4.6

Respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie: *Oeste en marke* (OM)

Ontvangsfrekwensie van OM	Respondente	
	Getal	% van totaal
Gereeld	3	3,5
Soms	0	0,0
Selde	0	0,0
Glad nie	83	96,5
Totaal	86	100,0

Tabel 4.6 toon dat slegs 3 (3,5%) van die 86 respondente die OM gereeld ontvang, terwyl die oorblywende 83 (96,5%) dit glad nie ontvang nie.

GEBRUIK VAN DIE OM

Slegs een van die 3 respondente wat die OM wel ontvang, het aangedui dat hy dit gereeld gebruik. Die orige twee gebruik dit net selde.

NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE OM

Slegs een van die 3 respondente wat die OM ontvang, vind dit baie nuttig. Van die orige 2 respondente vind een dit van min waarde en een van geen waarde nie.

ADDISIONELE INLIGTING IN DIE OM VERLANG

Slegs een uit die 3 respondente verlang addisionele inligting in die OM, aangaande plaagbeheer en metodes van bemesting.

ORM VAN DIE OM

Die 3 respondente is tevrede met die huidige vorm waarin die OM verskyn.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR DIE OM

Samevattend wil dit voorkom asof die ontvangsfrekwensie van die OM so uiters klein is (3,5% van die respondente) dat die publikasie feitlik niks bydra om produsente in die beplanning van hul produksie en die bemerking van hul produkte van hulp te wees nie. Daarbenewens blyk dit dat slegs een van die 3 respondente wat die publikasie ontvang dit gereeld gebruik, baie nuttig vind en addisionele inligting sou wou ontvang terwyl al drie respondente met die huidige vorm van die publikasie tevrede is.

4.3.4 Publikasie van die Kommissie vir Varsproduktemarke (KVPM)

ONTVANGS VAN DIE KVPM PUBLIKASIE

Tabel 4.7 gee die 86 respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie van die KVPM.

TABEL 4.7

Respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie van die kommissie vir varsproduktemarke (KVPM)

Ontvangsfrekwensie van Publikasie	Respondente	
	Getal	% van totaal
Gereeld	2	2,3
Soms	2	2,3
Selde	2	2,3
Glad nie	80	93,1
Totaal	86	100,0

Volgens tabel 4.7 ontvang 2 (2,3%) van die 86 respondente die KVPM publikasie gereeld, terwyl 'n verdere 4 4,6% dit soms of selde ontvang en die oorblywende 80 (93,1%) glad nie.

GEBRUIK VAN DIE KVPM PUBLIKASIE

Van die 6 respondente wat die KVPM publikasie wel ontvang, gebruik 3 respondente dit gereeld tot baie gereeld en die ander drie soms of selde.

NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE KVPM PUBLIKASIE

Vier van die 6 respondente vind die KVPM publikasie nuttig tot baie nuttig, terwyl 2 dit as van min waarde ag.

ADDISIONELE INLIGTING IN DIE KVPM PUBLIKASIE VERLANG

Geen een uit die 6 respondente verlang addisionele inligting in die publikasie nie.

VORM WAARIN VAN DIE KVPM PUBLIKASIE VERSKYN

Van die 6 respondente is een baie tevrede met die huidige vorm van die publikasie en is die orige 5 tevrede.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR KVPM PUBLIKASIE

Net soos in die geval van die drie publikasies van die Direkoraat Landbou-ekonomiese Tendense (SVM, KLS en OM) wil dit voorkom of die ontvangsfrekwensie (7%) van die publikasie van die KVPM ook so klein is dat

dit weinig bydra om produsente in die beplanning van hul produksie van varsprodukte en die bemerking daarvan, van hulp te wees. Van die 6 respondente wat die publikasie wel ontvang, gebruik 3 dit gereeld tot baie gereeld, vind 4 dit nuttig tot baie nuttig, verlang geen een van die 6 respondente addisionele inligting nie en is al 6 tevrede tot baie tevrede met die huidige vorm van die publikasie.

4.3.5 NVPM'e se jaarverslae of handelsyfers (J of H)

ONTVANGS VAN DIE J OF H

Slegs 13 (15,1%) van die 86 respondente ontvang Jaarverslae of handelsyfers van NVPM'e. Elf van die 13 respondente ontvang die J of H van òf slegs een NVPM òf van twee NVPM'e (byvoorbeeld Pretoria en Johannesburg of Port Elizabeth en Oos-Londen) terwyl 2 van die respondente verslae van alle NVPM'e ontvang. Die NVPM'e vanwaar die publikasies ontvang word, en die getal respondente per mark, word in tabel 4.8 uiteengesit.

TABEL 4.8

NVPM'e vanwaar respondente jaarverslae of handelsyfers (J of H) ontvang

Ligging van NVPM	Respondente per NVPM Getal
Johannesburg	4
Pretoria	3
Port Elizabeth	4
Oos-Londen	3
Al die NVPM'e	2
Kaapstad	2
Durban	1

GEBRUIK VAN DIE J OF H

Van die 13 respondente wat die J of H wel ontvang, gebruik 6 (46,2%) dit gereeld, tot baie gereeld, terwyl 'n verdere 6 respondente dit soms, en een dit glad nie gebruik nie.

NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE J OF H

Van die 13 respondente wat die J of H ontvang, vind 11 (84,6%) die inligting daarin nuttig tot baie nuttig terwyl 2 (15,4%) die inligting as van min waarde beskou.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR J OF H

Samevattend is dit duidelik dat hoewel slegs 13 (15,1%) van die 86 respondente die J of H ontvang, die groot meerderheid van hulle (92,4%) dit gebruik en dat 84,6% van hulle ook die inligting daarin nuttig tot baie nuttig vind.

4.3.6 Markpryse deur SAUK op weëksdae uitgesaal (SAUK-MP)

LUISTERFREKWENSIE VAN RESPONDENTE

Tabel 4.9 toon die 86 respondente se luisterfrekwensie na die markpryse van varsprodukte op NVPM'e wat op weëksdae deur die SAUK uitgesaai word.

TABEL 4.9

Respondente se luisterfrekwensie na die markpryse op NVPM'e wat deur die SAUK uitgesaai word (SAUK-MP)

Luisterfrekwensie SAUK-MP	Respondente	
	Getal	% van totaal
Daaglik	19	22,1
Dikwels	29	33,7
Soms	19	22,1
Selde	10	11,6
Glad nie	9	10,5
Totaal	86	100,0

Tabel 4.9 toon dat net 9 (10,5%) van die 86 respondente glad nie na die SAUK-MP luister nie en dat meer as een helfte van die respondente (55,8%) òf daaglik òf dikwels daarna luister.

NUT VAN DIE INLIGTING IN SAUK-MP

Die nut van die inligting vir die 77 respondente wat wel na die SAUK-MP luister, word in tabel 4.10 aangedui.

TABEL 4.10

Die nut van die SAUK-MP vir respondente

Nuttigheidsvlak	Respondente	
	Getal	% van totaal
Van groot nut	11	14,3
Van nut	38	49,3
Van weinig nut	22	28,6
Van geen nut	6	7,8
Totaal	77	100,0

Tabel 4.10 toon dat slegs 6 (7,8%) van die 77 respondente wat wel na die SAUK-MP luister, dit van geen nut in hul besluitnemingsproses ag nie. Aan die ander kant beskou nagenoeg twee-derdes van die respondente (63,6%) die inligting as van nut tot groot nut.

ADDISIONELE INLIGTING IN SAUK-MP VERLANG

Van die 77 respondente het 49 (63,6%) aangedui dat die inligting wat tans uitgesaai word, voldoende is. Die oorblywende 28 respondente (36,4%) verlang dat addisionele inligting uitgesaai moet word. Die addisionele inligting word in 10 kategorieë in tabel 4.11 opgesom. Teenoor elke kategorie word die getal respondente aangedui wat dit verlang.

TABEL 4.11
Opsomming van addisionele inligting verlang deur 28 respondente wat na SAUK-MP luister

Addisionele inligting verlang in SAUK-MP	Getal respondente
1. Pryse op NVPM'e te Kaapstad, Port Elizabeth, Oos-Londen en Uitenhage moet nie soms oorgeslaan word nie	8
2. Gemiddelde pryse van die verskillende grade	6
3. Meer sorg aan korrektheid van pryse	5
4. Vermelding van hoeveelhede verkoop	4
5. Vooruitskattings van pryse op korttermyn	3
6. Grootte van aanbod	3
7. Pryse per houer in plaas van per Kg	3
8. Meer detail (nie gespesifiseer nie)	1
9. Pryse van nartjies	1
10. Pryse van ongewasde aartappels	1

HUIDIGE UITSAAITYDE VAN SAUK-MP

Van die 77 respondente wat na die uitsendings luister, is een respondent wat met die huidige uitsaaitye ontevrede is. Daarbenewens is daar een wat verlang dat dit ook oor die senders vir swart luisteraars uitgesaai moet word. Van die oorblywende 75 respondente is 61 met die huidige tye van uitsendings tevrede, en 14 baie tevrede is.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR SAUK-MP

Samevattend is dit duidelik dat die SAUK-MP 'n bron van inligting is waarna die meerderheid van die 86 respondente (55,8%) dikwels of daagliks luister en 'n verdere 33,7% selde tot soms. Van die 77 respondente wat wel na die uitsendings luister, vind 63,6% dit van nut tot groot nut en het dieselfde persentasie aangedui dat die inligting daarin vervat, voldoende is, terwyl 36,4% addisionele inligting verlang soos in tabel 4.11 saamgevat. Slegs een respondent is nie met die huidige uitsaaitye tevrede nie.

4.3.7 Markpryse in koerante en tydskrifte gepubliseer (MPKT)

GEREELDHEID VAN KENNISNAME VAN MPKT

Tabel 4.12 reflekteer die 86 respondente se leesfrekwensie van markpryse in koerante en tydskrifte gepubliseer (MPKT).

TABEL 4.12

Respondente se leesfrekwensie van markpryse op NVPM's in koerante en tydskrifte gepubliseer (MPKT)

Leesfrekwensie van MPKT	Respondente	
	Getal	% van totaal
Gereeld	33	38,4
Soms	23	26,7
Selde	12	14,0
Glad nie	18	20,9
Totaal	86	100,0

Tabel 4.12 toon dat slegs 18 (20,9%) van die 86 respondente glad nie van die MPKT kennis neem nie, 33 (38,4%) gereeld, 23 (26,7%) soms en 12 (14,0%) selde.

KOERANTE EN TYDSKRIFTE IN VERBAND MET MPKT GELEES

Tabel 4.13 reflekteer die name van die koerante en tydskrifte deur die 68 respondente in verband met MPKT gelees.

TABEL 4.13

Name van koerante en tydskrifte wat deur respondente gelees word ten opsigte van MPKT

Koerant/Tydskrif	Respondente per publikasie	
	Getal	% van totaal
Die Landbouweekblad	41	53,3
Die Burger	11	14,2
The Farmer's Weekly	6	7,8
Die Beeld	4	5,2
The Citizen	2	2,6
Die Groenteboer	2	2,6
E P Herald	2	2,6
Die Oosterlig	2	2,6
Die Volksblad	2	2,6
The Cape Times	1	1,3
Effective Farming	1	1,3
Rapport	1	1,3

Koerant/Tydskrif	Respondente per publikasie	
	Getal	% van totaal
Standard Bank Agriview	1	1,3
Unifruco	1	1,3
Totaal	77	100,0

Uit tabel 4.13 blyk dit dat *Die Landbouweekblad* (53,3%), gevolg deur *Die Burger* (14,2%), die populêrste tydskrif en koerant is wat die 68 respondente in verband met MPKT lees.

GEBRUIK VAN DIE MPKT

Tabel 4.14 toon die gebruiksfrekwensie van die 68 respondente met betrekking tot die MPKT.

TABEL 4.14
Respondente se gebruiksfrekwensie van die MPKT

Gebruiksfrekwensie van MPKT	Respondente	
	Getal	% van totaal
Baie gereeld	6	8,8
Gereeld	25	36,7
Soms	22	32,4
Glad nie	15	22,1
Totaal	68	100,0

Tabel 4.14 toon dat 45,5% van die 68 respondente die inligting uit MPKT geroeld tot baie gereeld gebruik en dat amper een-kwart van die respondente (22,1%) die inligting glad nie gebruik nie.

NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE MPKT

Tabel 4.15 reflekteer die nut van die inligting vir die 68 respondente wat wel die MPKT lees.

TABEL 4.15
Die nut van die MPKT vir respondente

Nuttigheidsvlak	Respondente	
	Getal	% van totaal
Baie nuttig	8	11,8
Nogal nuttig	19	27,9
Nuttig	19	27,9
Van min nut	16	23,6
Van geen nut	6	8,8
Totaal	68	100,0

Volgens tabel 4.15 vind 46 (67,6%) van die 68 respondente die MPKT nuttig tot baie nuttig terwyl die oorblywende 32,4% van die respondente die inligting as van min nut of geen nut nie, beskou.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR MPKT

Samevattend blyk dit dat die MPKT 'n inligtingsbron is wat gereeld deur 38,4% van die 86 respondente gelees word, terwyl 'n verdere 26,7% dit soms en 14,0% dit selde lees. Meer as die helfte (53,3%) van die 68 respondente wat die MPKT as inligtingsbron raadpleeg, lees *Die Landbouweekblad* terwyl 14,2% van hulle *De Burger* en 7,8% *The Farmer's Weekly* gebruik. Van die 68 respondente wat die MPKT lees vind 67,6% dit nuttig tot baie nuttig.

4.3.8 "Ander" inligtingsbronne (AIB)

Tabel 4.16 reflekteer die "ander" inligtingsbronne (AIB) as die sewe in die vraelys vermeld (verwys afdelings 4.3.1 tot 4.3.7 hierbo) wat, deur die 86 respondente gebruik word.

TABEL 4.16
Respondente se gebruiksfrekwensie van ander inligtingsbronne (AIB)

Gebruiksfrekwensie van AIB	Respondente	
	Getal	% van totaal
Geen AIB	46	53,3
Aartappelraad se nuusbriewe	23	26,7
Markagente	11	12,8
Decidious Fruit Grower	1	1,2
Mango and Avo Growers Association	1	1,2
Unifruco	1	1,2
Agri Oorsig van Standard Bank	1	1,2
Besproeingsdata (Landbou publikasies)	1	1,2
Roodeplaat Navorsingsinstituut	1	1,2
Totaal	86	100,0

Volgens tabel 4.16 gebruik 53,3% van die 86 respondente nie AIB nie. Van die AIB wat wel in tabel 4.16 gemeld word, is die nuusbriewe van die Aartappelraad (26,7%), gevolg deur inligting van markagente (12,8%), die belangrikste twee AIB en verteenwoordig die twee AIB gesamentlik 85% van al die AIB deur 40 van die respondente aangedui.

4.3.9 Produsente aanplantingsdatabank (PAB)

BEGRIPSBEPALING VAN DIE VOORGESTELDE PAB

Die vraag oor die voorgestelde PAB word in die vraelys soos volg uiteengesit.

“Daar is voorgestel dat daar oorweging geskenk moet word aan die moontlikheid om 'n databank te stig waarin produsente inligting verskaf met betrekking tot die oppervlakte grond wat met sekere produkte beplant word en die verwagte produksie daarvan, asook die beraamde datums wanneer die produkte bemark sou moes word. Inligting sal gereeld aan produsente teruggevoer word met aanduiding of daar in vergelyking met vorige jare oor- of onderproduksie verwag word. Op grond van hierdie terugvoering sou produsente waar nodig aanpassings in die aanplant skedules kon oorweeg. ('n Soortgelyke skema is tans in werking vir aartappelprodusente). Wat is u mening omtrent so 'n skema?”

EVALUERING VAN DIE PAB

Tabel 4.17 bevat die 86 respondente se evaluering van 'n produsente aanplantingsdatabank (PAB).

TABEL 4.17
Respondente se evaluering van 'n produsente aanplantingsdatabank (PAB)

Evaluering van PAB	Respondente	
	Getal	% van totaal
Baie nuttig	33	38,3
Nuttig	28	32,6
Van twyfelagtige nut	14	16,3
Van geen nut	11	12,8
Totaal	86	100,0

Volgens tabel 4.17 beskou 70,9% van die 86 respondente 'n PAB as baie nuttig (38,3%) of nuttig (32,6%). Slegs 12,8% van die respondente beskou so 'n databank as van geen nut nie, terwyl 16,3% dit as van twyfelagtige nut beskou.

BELANGSTELLING IN DEELNAME AAN 'N PAB

Tabel 4.18 toon die 86 respondente se belangstelling om aan 'n PAB deel te neem.

TABEL 4.18
Respondente se belangstelling in deelname aan 'n produsente aanplantingsdatabank (PAB)

Belangstelling in deelname aan PAB	Respondente	
	Getal	% van totaal
Beslis	41	47,7
Moontlik	33	38,3
Glad nie	12	14,0
Totaal	86	100,0

Volgens tabel 4.18 het 14,0% van die respondente aangedui dat hulle glad nie aan 'n PAB sou wou deelneem nie, terwyl 47,7% dit beslis en 38,3% dit moontlik sou wou doen.

VARSPRODUKTESOORTE IN 'N PAB

Die 74 respondente in tabel 4.18 wat aangedui het dat hul òf beslis òf moontlik aan 'n PAB sou wou deelneem, het gemeld dat hulle ten opsigte van altesame 31 groente- en 25 vrugtesoorte inligting sou verlang. Tabel 4.19 toon die onderskeie getal respondente uit die totaal van 74 wat belangstel in inligting uit 'n PAB met betrekking tot 14 verskillende groeperings van varsprodukte.

TABEL 4.19

Die belangrikste groento- en vrugtesoorte waaroor respondente inligting uit 'n PAB sou verlang

Groeperings van groente- en vrugtesoorte	Getal respondente	Getal groente- en vrugte- soorte per groepering
GROENTE		
Aartappels	36	1
Tamaties	22	1
Pampoengewasse	18	6
Kool, Blomkool en Spruitkool	18	3
Uie	14	1
Wortels	7	1
Rissies	7	4
Patats	6	1
Alle ander groentesoorte	21	13
TOTAAL (Groentesoorte)	—	31
VRUGTE		
Sub-tropies	20	8
Sagtevrugte	10	4
Sitrus	12	4
Druie	5	1
Alle ander vrugtesoorte	8	8
TOTAAL (Vrugtesoorte)	—	25
Respondente	74	—

VERGELYKING VAN RESPONDENTE EN VARSPRODUKTEGROEPERINGS IN TABELLE 4.2 EN 4.19

Tabel 4.20 bevat 'n vergelyking tussen die getal respondente per groepering in tabel 4.19 en dié in tabel 4.2 (d.i. volgens die vier belangrikste groente- en/of vrugtesoorte van alle respondente).

TABEL 4.20				
Vergelyking tussen die getal respondente en produkte per groepering in tabelle 4.2 en 4.19				
Groeperings van groente- en vrugtesoorte	Respondente		Produkte	
	Tab 4.2 Getal	Tab 4.19 Getal	Tab 4.2 Getal	Tab 4.19 Getal
Kolom No	1	2	3	4
GROENTE				
Aartappels	50	36	1	1
Tamaties	19	22	1	1
Pampoengewasse	20	18	5	6
Uie	14	14	1	1
Kool, Blomkool en Spruitkool	13	18	3	3
Wortels	9	7	1	1
Rissies	8	7	3	4
Patats	7	6	1	1
Alle ander groentesoorte	21	21	9	13
TOTAAL (Groentesoorte)	—	—	25	31
VRUGTE				
Sub-tropies	14	20	7	8
Sagtevrugte	10	10	3	4
Sitrus	9	12	3	4
Druive	6	5	1	1
Alle ander vrugtesoorte	14	8	9	8
TOTAAL (Vrugtesoorte)	—	—	23	25
Respondente	86	74	—	—

Omdat 12 van die 86 respondente glad nie aan 'n PAB sou wou deelneem nie, is die getal respondente in kolom 1 van tabel 4.20 dermate groter as dié in kolom 2 van dié tabel. Gevolglik sou daar verwag kon word dat die getal respondente in kolom 2 teenoor die verskillende groente- en vrugte-groeperings in alle gevalle óf kleiner of hoogstens dieselfde as dió in kolom 1 sou wees. Dit is egter nie die geval by tamaties, kool, sub-tropiese en sitrusvrugte nie. Soortgelyke afwykings word ook by 'n vergelyking van

kolomme 3 en 4 van tabel 4.20 opgemerk ten opsigte van pampoengewasse, rissies en ander groente, sowel as sub tropiese, sagte en sitrusvrugte. Die rede vir die skynbare teenstrydighede is dat:

- die getalle in kolomme 1 en 3 van tabel 4.20 gebaseer is op die vier belangrikste groente- en/of vrugtesoorte per respondent; en
- die getalle in kolomme 2 en 4 alle groente- en/of vrugtesoorte verteenwoordig ten opsigte waarvan respondente inligting uit 'n PAB sou wou ontvang – ook selfs dié soorte wat hulle moontlik tans nog net oorweeg om te produseer.

BEVINDINGS BETREFFENDE 'N PAB

Die bevindings wat uit die ontledings in tabelle 4.2, 4.18, 4.19 en 4.20 gemaak kan word is die volgende:

- Respondente wat tans onder andere aartappels produseer, en derhalwe vertrouwd is met die soort inligting wat uit 'n PAB verwag kan word, sou ook dieselfde soort inligting in verband met ander produkte wou ontvang.
- Enkele van die respondente, wat tans slegs aartappels produseer, het nie 'n behoefte aan 'n meer omvattende PAB nie omdat hulle alreeds voldoende inligting van die Aartappelraad ontvang.
- Van al die respondente in die opname sou 86% beslis of moontlik aan 'n PAB wou deelneem.
- Dié 86% van die respondente verlang dat inligting oor altesame 56 verskillende varsprodukte (31 groente- en 25 vrugtesoorte) in die PAB opgeneem moet word.
- Respondente sou nie slegs aan 'n PAB wou deelneem wat inligting in verband met hul belangrikste produkte bevat nie, maar ook in verband met ander varsprodukte wat hulle tans op beperkte skaal produseer of nog net oorweeg om te produseer.
- Van die kant van produsente is daar skynbaar 'n baie sterk ondersteuning vir die instelling en instandhouding van 'n PAB.

4.3.10 Die ideale inligtingstelsel (IIS)

RESPONDENTE SE REAKSIE BETREFFENDE 'N IIS

Tabel 4.21 reflekteer die 86 respondente se reaksie op 'n versoek om 'n kort omskrywing van die ideale inligtingstelsel (IIS) wat hulle graag in werking

sou wou sien. Die inligting wat benodig sal word, sowel as die publikasiefrekwensie en die metode van beskikbaarstelling van die verlangde inligting, moes vormeld word.

TABEL 4.21
Respondente se reaksie aangaande 'n ideale inligtingstelsel (IIS)

Reaksie op IIS	Respondente	
	Getal	% van totaal
Geen reaksie	41	47,7
Aartappelraad se nuusbrieff is voldoende	14	16,3
Markagente se inligting is voldoende	2	2,3
Bepaalde voorstelle gedoen	29	33,7
Totaal	86	100,0

Tabel 4.21 toon dat amper die helfte (47,7%) van die 86 respondente nie op die vraag aangaande 'n IIS gereageer het nie, terwyl 18,6% òf die inligting wat tans van die Aartappelraad (16,3%) òf van Markagente (2,3%) ontvang word, as voldoende beskou. Derhalwe is bepaalde voorstelle aangaande 'n IIS deur net meer as een-derde (33,7%) van die respondente gedoen.

BEPAAALDE VOORSTELLE AANGAANDE 'N IIS

Die bepaalde voorstelle aangaande die inligting wat deur 29 van die respondente van 'n IIS verlang word, sowel as die publikasie frekwensie en die kommunikasiemiddele is uiters uiteenlopend, maar kan in die volgende vier breë kategorieë ingedeel word:

- produksie: historiese inligting (13 respondente)
- produksie: huidige stand en vooruitskattings (9 respondente)
- prysvorming: historiese inligting (30 respondente)
- prysvorming: huidige stand en vooruitskattings (18 respondente).

DIÉ VIER KATEGORIEË IS SOOS VOLG SAAMGESTEL:

Produksie: historiese inligting (13 respondente)

- Een respondent verlang weeklikse inligting oor produksiekoste in die belangrikste produksiegebiede maar het nie 'n kommunikasiemiddel aangedui nie.
- Die inligting wat deur die oorblywende 12 respondente verlang word stem nie presies ooreen nie, maar kan saamgevat word in: "die hoeveelhede of

hektare aangeplant per produk en per streek met vermelding van die datums van aanplanting”.

- Nege van die 12 respondente verlang dat inligting maandeliks, en drie dat dit jaarliks vrygestel word.
- Agt van die 12 respondente doen aan die hand dat inligting “per nuusbrief” vrygestel moet word, drie van hulle meld spesifiek die Aartappelraad se metode (d.i. nuusbriewe en/of vlugskrifte) en een respondent die “georganiseerde landbou en landbou koöperasies”.

Produksie: huidige stand en vooruitskattings (9 respondente)

- Een respondent verlang maandelikse inligting oor hoeveelheid wat per mark op die 15 NVPM’e bemark gaan word, maar spesifiseer nie ’n kommunikasiemiddel nie.
- Vier respondente verlang maandelikse inligting oor verwagte oesopbrengste met vermelding van die datums van oesgereedheid per produk, per streek. Drie van hulle doen aan die hand dat dié inligting per nuusbrief oorgedra moet word en een spesifiseer die metode van die Aartappelraad.
- Die oorblywende vier respondente verlang ’n vooruitskatting van die aanvraag per produk, maar die publikasie frekwensie word deur een as weekliks, deur ’n ander as maandeliks en deur ’n derde as jaarliks voorgestel. Die vierde het niks gespesifiseer nie. Oor die bekendmaking van dié vooruitskatting is daar geensins eenstemmigheid nie; twee het niks gemeld nie, terwyl een die TV en die ander “alle Media” voorstel.

Prysvorming: historiese inligting (30 respondente)

- Dertien respondente verlang inligting oor gemiddelde pryse wat, benewens hoogste pryse, per produk, per mark, vir alle produkte per graad of grootte, op alle NVPM’e behaal is. Van die dertien respondente:
 - verwag vier dié inligting daagliks en sewe weekliks deur middel van die radio, pers, televisie, en/of “aan lyn” rekenaartoegang; en
 - verlang 2 respondente dié inligting maandeliks deur middel van ’n nuusbrief.
- Vyf respondente verlang inligting betreffende die aanbod per produk van alle produkte op alle NVPM’e. Van die vyf respondente:
 - verwag 1 dié inligting daagliks en 2 weekliks deur middel van die radio, pers, televisie, teledata of rekenaar; en
 - verlang 1 die inligting twee-weekliks, die ander maandeliks, per nuusbrief.

Inligtingsaangeleenthede van produsente

- ❑ Vier respondente verlang inligting oor die aanvraag op alle NVPM'e per produk van alle produkte: die een verlang die inligting daaglik en twee weekliks deur middel van die radio, pers, teleks of rekenaar, terwyl die vierde dit maandeliks per nuusbrieff sou wou ontvang.
- ❑ Vyf respondente stel belang in hoeveelhede van alle produkte verkoop op alle NVPM'e. Een wil die inligting weekliks per TV teledata ontvang terwyl 3 dit maandeliks per nuusbrieff en die vyfde dit jaarliks in 'n verslag sou wou ontvang.
- ❑ Een respondent verlang jaarliks inligting in 'n verslag oor verbruikersvoorkeure en verpakkingstendense van alle varsprodukte.

Prysvorming: huidige stand en vooruitskattings (18 respondente)

- ❑ Drie respondente verlang weeklikse en twee maandelikse inligting van die hoeveelhede van produkte op hande met vooruitskattings van die aanbod gedurende die daaropvolgende week/maand. Oor die bekendmaking van die weeklikse inligting, het een respondent niks gespesifiseer nie, terwyl 'n tweede TV teledata en die derde aanlyn-rekenaartoegang verlang. Die twee wat maandeliks inligting verlang, het albei 'n nuusbrieff voorgestel.
- ❑ Een respondent verlang weekliks inligting oor die kwaliteite van varsprodukte aangebied en doen TV teledata as 'n medium aan die hand.
- ❑ Nege respondente verlang vooruitskattings van gemiddelde pryse. Twee verlang dit weekliks, vier maandeliks en drie jaarliks. As kommunikasiemiddel vir die weeklikse vooruitskattings word Beltel of FAKS voorgestel, vir die maandelikse inligting 'n nuusbrieff en vir die jaarlikse 'n verslag.
- ❑ Origens verlang drie respondente maandelikse vooruitskattings van aanvraag, verbruikersvoorkeure en verpakkingstendense. In al drie gevalle word 'n nuusbrieff as kommunikasiemiddel aan die hand gedoen.

BEVINDINGS AANGAANDE 'N IIS

- ❑ Die ontledings van die reaksie van alle produsente respondente in tabel 4.21, sowel as die bepaalde voorstelle deur 29 soos hierbo, toon nie 'n besondere groot behoefte aan of entoesiasme vir 'n IIS by produsente nie. Amper twee-derdes van die 86 respondente het of glad nie op die vraag gereageer nie, of beskou die inligting wat hulle van die Aartappelraad of van markagente ontvang, as voldoende.
- ❑ Uit 'n totaal van 70 voorstelle wat deur 29 (33,7%) aan die hand gedoen is:
- ❑ verwys 22 voorstelle na produksie inligting en 48 na inligting insake prysvorming;

- verwys 43 voorstelle na historiese data en 27 na huidige stand of vooruitskattings;
- is die voorgestelde kommunikasiefrekwensie:
 - in 6 gevalle daaglik
 - in 21 gevalle weeklik of twee-weeklik
 - in 26 gevalle maandelik en
 - in 14 gevalle half-jaarlik of jaarlik
 - in 3 gevalle nie gespesifiseer nie.
- word daar deur niemand voorgestel of enigsins gesuggereer dat die gebruik van 'n inligtingstelsel teen betaling moet geskied nie.

4.3.11 Ander inligting oor bemerking van varsprodukte (AIB)

As 'n slotvraag in die vraelys word respondente gevra of hulle beskik oor, of weet van, enige inligting oor die bemerking van varsprodukte wat na hul mening van belang kan wees vir ander instansies of persone en wat nie tans op enige manier bekend gestel word nie. Slegs 2 van die 86 respondente het positief op dié vraag geantwoord, dog alle pogings om kopieë van die twee respondente se inligting te bekom, was vrugteloos.

4.4 SLOTOPMERKINGS

Hoewel die getal respondente (86) relatief klein is, vorm hul 'n redelik gebalanseerde ondersoekgroep uit die oogpunt van hul betrokkenheid in die produksie van beide varsgroente en vrugte, sowel as die bemerking daarvan op NVPM'e.

Die oorgrote meerderheid (tussen 82% en 93%) ontvang glad nie die vier gereelde publikasies van die Departement van Landbou nie. Soos verduidelik in afdeling 3.3 van hoofstuk 3 kan die lae ontvangsfrekwensie dalk nog laer wees. Slegs 13 (15,1%) van die respondente ontvang jaarverslae of handelsyfers van NVPM'e en slegs 6 van hulle gebruik dit gereeld tot baie gereeld. 'n Klein meerderheid (55,8%) luister dikwels of daaglik na markpryse deur die SAUK uitgesaai en 'n heelwat hoër persentasie (65,1%) lees soms tot gereeld markpryse van varsprodukte in koerante en tydskrifte.

Daar is 'n besonder lewendige belangstelling vir deelname aan 'n moontlike PAB (beslis: 47,7% en moontlik 38,3%) maar minder entoesiasme vir 'n ideale inligtingstelsel (33,3%). Daar moet egter op gewys word dat die bepaling van inligtingbehoefte (wat eintlik die vraag is wanneer gepraat word van 'n "ideale" inligtingstelsel) in die algemeen 'n besondere moeilike probleem is. Selfs by ondervragings waar gesofistikeerde gebruik gemaak word van rekenaars en inligtingstelsels, word aansienlike probleme ondervind wanneer 'n persoon (bv 'n bestuurder) gevra word na sy of haar "inligtingbehoefte" (d.w.s. hoe 'n "ideale" inligtingstelsel vir hom of haar daar uit moes sien). Dit is dus verstaanbaar dat respondente in die algemeen

Inligtingsaangeleenthede van produsente

nie baie duidelike antwoorde of selfs geen antwoorde op die vraag gegee het nie. Die algemene indruk wat uit die antwoorde op die vraelyste gevorm kan word, is dat ongeveer die helfte van die respondente wat wel inligting verlang tevrede sal wees met 'n diens soortgelyk aan dié wat deur die Aartappelraad gelewer word (Hoofstuk 2 afdeling 2.3).

HOOFSTUK 5

Inligtingsaangeleenthede van markagentskappe

5.1 INLEIDING

In die hoofstuk word markagente se antwoorde aangaande 7 verskillende bestaande inligtingsbronne oor die varsproduktebedryf bespreek, sowel as:

- enige ander inligtingsbronne wat hulle benewens dié sewe bronne gebruik;
- hul reaksies op die moontlike instelling van 'n produsente-aanplantings-databank; en
- hul siening van 'n ideale inligtingstelsel.

5.2 DEELNAME DEUR MARKAGENTE

Die deelname van markagente in die ondersoek is persentueel redelik goed deurdat altesame 34 (40,5%) van die 84 markagente wat op die 15 NVPM'e bedrywig is, vraelyste ingevul het en dat, met die uitsondering van die NVPM te Uitenhage, markagente op alle NVPM'e verteenwoordig is. Voorts verteenwoordig die 34 respondente in totaal meer as 53% van die totale omset op die 15 NVPM'e. Dit is egter ietwat teleurstellend dat markagente op die twee grootste NVPM'e tussen die drie tel wat die swakste verteenwoordig is, naamlik Johannesburg (20,0%) Kaapstad (27,2%) en Oos-Londen (16,7%).

5.3 BEOORDELING VAN INLIGTINGSBRONNE DEUR RESPONDENTE

5.3.1 Publikasie getiteld *Statistiek oor Varsprodukteemarke (SVM)*

ONTVANGS VAN DIE SVM

Tabel 5.1 toon die 34 respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie *Statistiek oor Varsprodukteemarke*, van die Direktoraat Landbou-ekonomiese Tendense.

TABEL 5.1

Respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie: "Statistiek oor varsproduktemarke" (SVM)

Ontvangsfrekwensie van SVM	Respondente	
	Getal	% van totaal
Gereeld	13	38,2
Soms	5	14,7
Selde	1	3,0
Glad nie	15	44,1
Totaal	34	100,0

Tabel 5.1 toon dat 44,1% van die respondente glad nie die SVM ontvang nie, 38,2% dit gereeld en 'n verdere 17,7% dit òf soms òf selde ontvang.

GEBRUIK VAN DIE SVM

Van die 19 respondente wat die SVM wel ontvang, gebruik 7 (36,8%) van die respondente dit gereeld tot baie gereeld en 5 soms en 7 selde.

NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE SVM

Van die 19 respondente wat die SVM ontvang, vind 13 die inligting daarin nuttig tot nogal nuttig, terwyl 6 dit as van min nut beskou.

ADDISIONELE INLIGTING IN DIE SVM VERLANG

Slegs een van die 19 respondente wat die SVM ontvang, het aangedui dat hy graag addisionele inligting daarin sou wou sien, naamlik inligting oor spesifieke produkte wat nie in die SVM vermeld word nie.

VORM VAN DIE SVM

Agtien (94,7%) van die 19 respondente het aangedui dat hulle tevrede is met die vorm waarin die SVM tans verskyn, terwyl een baie tevrede en niemand ontevrede met die vorm is nie.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR SVM

Samevattend kan gesê word dat die SVM skynbaar bydra om markagente te help in die beplanning van hul funksie in die bemarking van varsprodukte, deurdat 19 (55,9%) van die respondente wel die publikasie ontvang en dat 13 van hulle dit nuttig tot nogal nuttig vind. Dit is moontlik 'n aanduiding dat dié publikasie wyer as tans versprei behoort te word. Slegs een van die 19 respondente wil graag addisionele inligting in die publikasie sien; en niemand van die respondente is met die huidige vorm van die publikasie ontevrede nie. Gevolglik kan die afleiding gemaak word dat markagente die SVM proporsioneel meer gebruik en nuttiger vind as produsente.

5.3.2 Publikasie getiteld *Kortbegrip van Landboustatistieke (KLS)*

ONTVANGS VAN DIE KLS

Tabel 5.2 bevat die 34 respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie *Kortbegrip van Landboustatistieke* van die Direktooraat Landbou-ekonomiese Tendense.

TABEL 5.2
Respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie: "Kortbegrip van landboustatistieke" (KLS)

Ontvangsfrekwensie van KLS	Respondente	
	Getal	% van totaal
Gereeld	4	11,8
Soms	1	2,9
Selde	1	2,9
Glad nie	28	82,4
Totaal	34	100,0

Volgens tabel 5.2 ontvang slegs 4 (11,8%) van die 34 respondente die KLS gereeld, 'n verdere 5,8% net soms of selde en 82,4% glad nie.

GEBRUIK VAN DIE KLS

Van die 6 respondente wat die KLS wel ontvang, gebruik 3 dit gereeld tot baie gereeld en die oorblywende 3 selde.

NUT VAN INLIGTING IN DIE KLS

Slegs 3 van die 6 respondente wat die KLS ontvang, vind dit nuttig tot baie nuttig, terwyl die ander dit van min nut ag.

ADDISIONELE INLIGTING IN DIE KLS VERLANG

Nie een van die 6 respondente wat die KLS ontvang, verlang addisionele inligting daarin nie.

VORM VAN DIE KLS

Al 6 respondente wat die KLS ontvang, is tevrede met die vorm waarin dit tans verskyn.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR DIE KLS

Die KLS dra skynbaar weinig by om markagente te help in die beplanning van hul funksie in die bemarking van varspprodukte, aangesien 82,4% van die respondente glad nie die publikasie ontvang nie. Drie van die 6 respondente wat die KLS wel ontvang, vind dit nuttig tot baie nuttig. Geeneen van die 6 wil

graag addisionele inligting in die KLS sien nie en al 6 is met die huidige vorm daarvan tevrede.

5.3.3 Publikasie getiteld *Oeste en Marke* (OM)

ONTVANGS VAN DIE OM

Tabel 5.3 gee die 34 respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie *Oeste en Marke* van die Direkoraat Landbou-ekonomiese Tendense.

TABEL 5.3
Respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie: *Oeste en marke* (OM)

Ontvangsfrekwensie van OM	Respondente	
	Getal	% van totaal
Gereeld	7	20,6
Soms	3	8,8
Selde	0	0,0
Glad nie	24	70,6
Totaal	34	100,0

Tabel 5.3 toon dat net 7 (20,6%) van die 34 respondente die OM gereeld ontvang, 3 (8,8%) soms, en die oorblywende (70,6%) glad nie.

GEBRUIK VAN DIE OM

Vier van die 10 respondente wat die OM wel ontvang, het aangedui dat hulle dit gereeld of baie gereeld gebruik. Die orige 6 gebruik dit net soms of selde.

NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE OM

Sewe (70,0%) van die 10 respondente wat die OM ontvang, vind dit nuttig tot baie nuttig. Die orige 3 vind dit van min nut.

ADDISIONELE INLIGTING IN DIE OM VERLANG

Niemand van die 10 respondente verlang addisionele inligting in die OM nie.

VORM VAN DIE OM

Al 10 respondente is tevrede of baie tevrede met die huidige vorm waarin die OM verskyn.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR DIE OM

Die ontvangsfrekwensie van die OM is relatief klein (20,6% van die respondente). Slegs vier van die 10 respondente wat die publikasie ontvang, gebruik

dit gereeld, 7 vind dit nuttig tot baie nuttig, en niemand verlang addisionele inligting nie. Almal is met die huidige vorm van die publikasie tevrede.

5.3.4 Publikasie van die Kommissie vir Varsproduktemarke (KVPM)

ONTVANGS VAN DIE KVPM PUBLIKASIE

Tabel 5.4 gee die 34 respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie van die KVPM.

Ontvangsfrekwensie van Publikasie	Respondente	
	Getal	% van totaal
Gereeld	14	41,2
Soms	3	8,8
Selde	2	5,9
Glad nie	15	44,1
Totaal	34	100,0

Volgens tabel 5.4 ontvang slegs 14 (41,2%) van die 34 respondente die KVPM publikasie gereeld, 5 (14,7%) soms of selde, en 15 (44,1%) glad nie.

GEBRUIK VAN DIE KVPM PUBLIKASIE

Van die 19 respondente wat die KVPM publikasie wel ontvang, gebruik 8 (42,1%) dit gereeld tot baie gereeld, 8 gebruik dit soms en die oorblywende 3 selde.

NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE KVPM PUBLIKASIE

Sestien (84,2%) van die 19 respondente vind die KVPM publikasie nuttig tot baie nuttig terwyl slegs 3 dit as van min nut ag.

ADDISIONELE INLIGTING IN DIE KVPM PUBLIKASIE VERLANG

Slegs een van die 19 respondente verlang addisionele inligting in die publikasie, naamlik in watter areas welke groentesoorte beskikbaar is.

VORM WAARIN VAN DIE KVPM PUBLIKASIE VERSKYN

Van die 19 respondente is almal met die huidige vorm van die publikasie tevrede.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR KVPM PUBLIKASIE

Die ontvangsfrekwensie (55,9%), asook gebruiksfrekwensie van die KVPM publikasie, en nut van die inligting daarin, is aansienlik hoër as in die geval van die drie publikasies van die Direkoraat Landbou-ekonomiese Tendense (SVM, KLS en OM). Dit mag 'n aanduiding wees dat die KVPM publikasie moontlik aansienlik bydra om markagente in die beplanning van die bemarking van varsprodukte van hulp te wees. Van die 19 respondente wat die publikasie wel ontvang, gebruik 8 dit gereeld tot baie gereeld, vind 16 dit nuttig tot baie nuttig, verlang slegs een addisionele inligting en is almal met die huidige vorm van die publikasie tevrede.

5.3.5 NVPM'e se jaarverslae of handelsyfers (J of H)

ONTVANGS VAN DIE J OF H

Sestien (47,1%) van die 34 respondente ontvang Jaarverslae of handelsyfers van NVPM'e. Twaalf van die 16 ontvang die J of H van òf een, òf van twee NVPM'e (byvoorbeeld Pretoria en Johannesburg of Port Elizabeth en Oos-Londen), terwyl 4 verslae van alle NVPM'e ontvang. Die NVPM'e vanwaar die J of H ontvang word, en die getal respondente per mark, word in tabel 5.5 uiteengesit.

TABEL 5.5

NVPM'e Vanwaar respondente jaarverslae of handelsyfers (J of H) ontvang

Ligging van NVPM	Respondente per NVPM	
	Getal	
Pretoria	6	
Landswyd	4	
Johannesburg	3	
Kaapstad	1	
Port Elizabeth	1	
Oos-Londen	1	
Bloemfontein	1	
Kimberley	1	
Welkom	1	

GEBRUIK VAN DIE J OF H

Van die 16 respondente wat die J of H wel ontvang, gebruik 7 (43,8%) dit gereeld, terwyl 'n verdere 8 soms, en een selde.

NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE J OF H

Van die 16 respondente wat die J of H ontvang, vind 15 (93,8%) die inligting daarin nuttig tot baie nuttig, terwyl slegs een die inligting as van min nut beskou.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR J OF H

Dit is duidelik dat terwyl 16 (47,1%) van die 34 respondente die J of H ontvang, die groot meerderheid van hulle (92,4%) dit gebruik en ook die inligting daarin nuttig tot baie nuttig vind.

5.3.6 Markpryse deur SAUK op weksdae uitgesaai (SAUK-MP)

LUISTERFREKWENSIE VAN RESPONDENTE

Tabel 5.6 toon die 34 respondente se luisterfrekwensie na die markpryse van varsprodukte op NVPM'e wat op weksdae deur die SAUK uitgesaai word.

TABEL 5.6
Respondente se luisterfrekwensie na die markpryse op NVPM'e wat deur die SAUK uitgesaai word (SAUK-MP)

Luisterfrekwensie SAUK-MP	Respondente	
	Getal	% van totaal
Daaglik	0	0,0
Dikwels	3	8,8
Soms	9	26,5
Selde	9	26,5
Glad nie	13	38,2
Totaal	34	100,0

Tabel 5.6 toon dat niemand van die 34 respondente daaglik na die SAUK-MP luister nie en dat slegs 3 (8,8%) dikwels luister. Meer as die helfte van die respondente (53,0%) luister slegs soms of selde, terwyl 38,2% dit glad nie doen nie.

NUT VAN DIE INLIGTING IN SAUK-MP

Die nut van die inligting vir die 21 respondente wat wel na die SAUK-MP luister, word in tabel 5.7 aangedui.

TABEL 5.7
Die nut van die SAUK-MP vir respondente

Nuttigheidsvlak	Respondente	
	Getal	% van totaal
Van groot nut	0	0,0
Van nut	5	23,8
Van weinig nut	11	52,4
Van geen nut	5	23,8
Totaal	21	100,0

Tabel 5.7 toon dat net 5 (23,8%) van die 21 respondente wat wel na die SAUK-MP luister, dit van nut in hul besluitnemingsproses ag. Meer as 'n driekwart van die respondente (76,2%) beskou die inligting as van weinig nut of van geen nut nie.

ADDISIONELE INLIGTING IN SAUK-MP

Van die 21 respondente het 17 (81,0%) aangedui dat die inligting wat tans uitgesaai word, voldoende is. Die oorblywende 4 respondente (19,0%) verlang dat addisionele inligting uitgesaai moet word. Die addisionele inligting is deur drie as "pryse per houër in plaas van per Kg" aangedui, terwyl een van mening is dat die inligting in die SAUK-MP "net die produsente verwar".

HUIDIGE UITSAAITYE VAN SAUK-MP

Van die 21 respondente wat na die uitsendings luister, is daar net 4 respondente wat met die huidige uitsaaitye ontevrede of baie ontevrede is. Een van hulle verlang dat die uitsaaityd soggens moet wees, twee wil dit om 12h00 en een saans hê.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR SAUK-MP

Dit is duidelik dat die SAUK-MP as bron van inligting weinig deur die 34 respondente gebruik word, byvoorbeeld 13 (38,2%) luister glad nie daarna nie en 9 (26,5%) selde. Van die 21 respondente wat wel na die uitsendings luister, vind slegs 23,8% dit van nut terwyl 76,2% dit van weinig nut of van geen nut ag nie. Sewentien (81,0%) het aangedui dat die inligting voldoende is; vier is nie met die huidige uitsaaitye tevrede nie.

5.3.7 Markpryse in koerante en tydskrifte gepubliseer (MPKT)

GEREELDHEID VAN KENNISNAME VAN MPKT

Tabel 5.8 reflekteer die 34 respondente se leesfrekwensie van markpryse in koerante en tydskrifte gepubliseer (MPKT).

TABEL 5.8

Respondente se leesfrekwensie van markpryse op NVPM'e in koerante en tydskrifte gepubliseer (MPKT)

Leesfrekwensie van MPKT	Respondente	
	Getal	% van totaal
Gereeld	3	8,8
Soms	8	23,5
Selde	10	29,4
Glad nie	13	38,3
Totaal	34	100,0

Tabel 5.8 toon dat 13 (38,3%) van die 34 respondente glad nie van die MPKT kennis neem nie, 3 (8,8%) gereeld, 8 (23,5%) soms en 10 (29,4%) selde.

KOERANTE EN TYDSKRIFTE IN VERBAND MET MPKT GELEES

Altesame 9 koerante en *Die Landbouweekblad* word gebruik deur die 21 respondente wat wel van die MPKT gebruik maak. Geeneen van dié koerante of weekblad word deur meer as drie van die respondente gebruik nie.

GEBRUIK VAN DIE MPKT

Tabel 5.9 toon die gebruiksfrekwensie van die 21 respondente met betrekking tot die MPKT.

TABEL 5.9		
Respondente se gebruiksfrekwensie van die MPKT		
Gebruiksfrekwensie van MPKT	Respondente	
	Getal	% van totaal
Baie gereeld	0	0,0
Gereeld	2	9,5
Soms	11	52,4
Glad nie	8	38,1
Totaal	21	100,0

Tabel 5.9 toon dat die MPKT nie veel deur die respondente gebruik word nie, aangesien slegs 2 (9,5%) van die 21 respondente die inligting uit MPKT gereeld gebruik, meer as die helfte (52,4%) dit soms gebruik en 38,1% glad nie.

NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE MPKT

Net 9 (42,9%) van die 21 respondente vind die MPKT nuttig tot baie nuttig, en 57,1% as van min nut of geen nut nie.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR MPKT

Samevattend blyk dit dat die MPKT 'n inligtingsbron is wat min deur die respondente gelees word. Slegs 8,8% van die 34 respondente lees dit gereeld, 23,5% soms, en 29,4% selde. Die 21 respondente wat die MPKT as inligtingsbron raadpleeg, lees *Die Landbouweekblad* en altesame 9 koerante. Van die 21 respondente vind 42,9% dit nuttig tot baie nuttig.

5.3.8 "Ander" inligtingsbronne (AIB)

Tabel 5.10 reflekteer die "ander" inligtingsbronne (AIB) as die sewe in die vraelys vermeld (verwys afdelings 5.3.1 tot 5.3.7 hierbo) wat deur die 34 respondente gebruik word.

TABEL 5.10
Respondente se gebruiksfrekwensie van ander inligtingsbronne (AIB)

Gebruiksfrekwensie van AIB	Respondente	
	Getal	% van totaal
Geen AIB	14	41,2
Aartappelraad se nuusbriewe	8	23,5
Diverse ander Rade	5	14,7
Ander NVPM'e	4	11,8
Ander markagente	2	5,9
Produsente	1	2,9
Totaal	34	100,0

Volgens tabel 5.10 gebruik 41,2% van die 34 respondente nie AIB nie. Van die AIB wat wel in tabel 5.10 gemeld word, is die nuusbriewe van die Aartappelraad (23,5%), gevolg deur inligting van diverse ander Rade en ander NVPM'e die belangrikste van die AIB aangedui deur 20 van die respondente.

5.3.9 Produsente aanplantingsdatabank (PAB)

BEGRIPSBEPALING VAN DIE VOORGESTELDE PAB

Die vraag met betrekking tot die voorgestelde PAB word in die vraelys soos volg uiteengesit:

“Daar is voorgestel dat daar oorweging geskenk moet word aan die moontlikheid om 'n databank te stig waarin produsente inligting verskaf met betrekking tot die oppervlakte grond wat met sekere produkte beplant word en die verwagte produksie daarvan, asook die beraamde datums wanneer die produkte bemark sou moes word. Inligting sal gereeld aan produsente teruggevoer word met aanduiding of daar in vergelyking met vorige jare oor- of onderproduksie verwag word. Op grond van hierdie terugvoering sou produsente waar nodig aanpassings in die aanplant skedules kon oorweeg. ('n Soortgelyke skema is tans in werking vir aartappelprodusente). Wat is u mening omtrent so 'n skema?”

EVALUERING VAN DIE PAB

Tabel 5.11 bevat die 34 respondente se evaluering van 'n produsente aanplantingsdatabank (PAB).

TABEL 5.11

Respondente se evaluering van 'n produsente aanplantingsdatabank (PAB)

Evaluering van PAB	Respondente	
	Getal	% van totaal
Baie nuttig	19	55,8
Nuttig	11	32,4
Van twyfelagtige nut	4	11,8
Van geen nut	0	0,0
Totaal	34	100,0

Volgens tabel 5.11 beskou 88,2% van die 34 respondente 'n PAB as baie nuttig (55,8%) of nuttig (32,4%) terwyl slegs 11,8% dit as van twyfelagtige nut beskou.

BEVINDINGS BETREFFENDE 'N PAB

Die PAB word klaarblyklik baie sterk deur die 34 respondente ondersteun, aangesien 88,2% van hulle dit as nuttig tot baie nuttig beskou en niemand van hulle dit as van geen nut ag nie.

5.3.10 Die ideale inligtingstelsel (IIS)

RESPONDENTE SE REAKSIE BETREFFENDE 'N IIS

Tabel 5.12 reflekteer die 34 respondente se reaksie op 'n versoek om 'n kort omskrywing van die ideale inligtingstelsel (IIS) wat hulle graag in werking sou wou sien. Die inligting wat benodig sal word, sowel as die publikasie frekwensie en die metode van beskikbaarstelling van die verlangde inligting, moes vermeld word.

TABEL 5.12

Respondente se reaksie aangaande 'n ideale inligtingstelsel (IIS)

Reaksie op IIS	Respondente	
	Getal	% van totaal
Geen reaksie	9	26,5
Aartappelraad se nuusbrieff is voldoende	1	2,9
Bepaalde voorstelle gedoen	24	70,6
Totaal	34	100,0

Tabel 5.12 toon dat 9 (26,5%) van die 34 respondente nie op die vraag aangaande 'n IIS gereageer het nie, terwyl 2,9% die inligting wat tans van die Aartappelraad ontvang word, as voldoende beskou. Derhalwe is bepaalde voorstelle aangaande 'n IIS deur 24 (70,6%) van die respondente gedoen.

BEPAAALDE VOORSTELLE AANGAANDE 'N IIS

Die bepaalde voorstelle aangaande die inligting wat deur 24 respondente van 'n IIS verlang word, sowel as die publikasie frekwensie en die kommunikasie-middele is redelik wydlopend, maar kan in dieselfde vier breë kategorieë, wat in hoofstuk 4, in die geval van produsente gebruik is, ingedeel word:

- ▣ produksie: historiese inligting (11 respondente)
- ▣ produksie: huidige stand en vooruitskattings (12 respondente)
- ▣ prysvorming: historiese inligting (22 respondente)
- ▣ prysvorming: huidige stand en vooruitskattings (3 respondente).

Dié vier kategorieë is soos volg saamgestel:

PRODUKSIE: HISTORIESE INLIGTING (11 RESPONDENTE)

Die inligting wat deur die 11 respondente verlang word stem nie presies ooreen nie, maar kan saamgevat word in:

“die hoeveelhede of hektare aangeplant per produk en per streek met vermelding van die datums van aanplanting”.

- ▣ Twee van die 11 respondente het nie gespesifiseer hoe dikwels die inligting vrygestel moet word nie, drie verlang dit weekliks, vyf maandeliks, en een “so vroeg moontlik”.
- ▣ Vyf van die 11 respondente doen aan die hand dat die inligting “per nuusbrief” vrygestel moet word, twee op rekenaar, een rekenaar en FAKS, 'n ander vra dit telefonies op band, terwyl 2 respondente niks gespesifiseer het nie.

PRODUKSIE: HUIDIGE STAND EN VOORUITSKATTINGS (12 RESPONDENTE)

- ▣ Twee respondente verlang weeklikse inligting, telefonies op band, oor klimaats- of weerstoestande wat die aanbod kan beïnvloed.
- ▣ Tien respondente verlang inligting oor verwagte oesopbrengste met vermelding van die datums van oesgereedheid per produk, per streek. Drie van hulle verlang die inligting weekliks, drie maandeliks en twee so vroeg as moontlik, terwyl twee niks gespesifiseer het nie. Oor die metode van mededeling verlang 5 respondente die inligting per nuusbrief, 2 op rekenaar, 1 telefonies op band terwyl 2 van hulle niks gespesifiseer het nie.

PRYSVORMING: HISTORIESE INLIGTING (22 RESPONDENTE)

- ▣ Elf respondente verlang inligting oor gemiddelde pryse (benewens hoogste pryse), wat per produk, per mark, vir alle produkte per graad of grootte, op alle NVP M'e behaal is. Van die 11 respondente verwag 8 die inligting

daaglik en 3 dit weeklik. Ses verlang die data op rekenaar, een verwag dit telefonies op band en een per FAKS, terwyl 3 van hulle 'n nuusbrief voorstel.

- Sewe respondente verlang inligting betreffende die aanbod per produk van alle produkte op alle NVPM'o. Vyf respondente verlang die inligting daaglik en twee weeklik. Vier van hulle verkies die inligting op rekenaar, een verlang dit telefonies op band en een per FAKS terwyl die oorblywende respondent 'n nuusbrief voorstel.
- Vier respondente stel belang in hoeveelhede van alle produkte verkoop op alle NVPM'e. Drie van hulle verlang die inligting daaglik op rekenaar, terwyl een die inligting weeklik per nuusbrief sou wou ontvang.

PRYSVORMING: HUIDIGE STAND EN VOORUITSKATTINGS (3 RESPONDENTE)

- Twee respondente verlang daaglik rekenaarinligting oor die hoeveelhede van produkte op hande met vooruitskattings van die aanbod gedurende die daaropvolgende week.
- Een respondent verlang, op rekenaar, daaglikse vooruitskattings van gemiddelde pryse.

BEVINDINGS AANGAANDE 'N IIS

- Volgens die reaksie van alle respondente in tabel 5.12, sowel as die bepaalde voorstelle deur 24 respondente in afdeling 5.10.3, wil dit voorkom of daar by markagente relatief 'n heelwat groter behoefte aan 'n IIS as by produsente bestaan. Meer as tweederdes van die 34 respondente het bepaalde voorstelle godoon toonoor slegs sowat een-derde in die goval van responderende produsente.
- Uit 'n totaal van 48 voorstelle wat deur 24 (70,6%) van die respondente aan die hand godoen is:
- verwys 23 voorstelle na produksie inligting en 25 na inligting insake prysvorming
- verwys 33 voorstelle na historiese data en 15 na huidige stand of vooruitskattings
- is die voorgestelde kommunikasie frekwensie:
 - in 19 gevalle daaglik
 - in 14 weeklik of twee-weeklik
 - in 8 maandelik
 - in 3 "so vroeg as moontlik" en
 - in 4 gevalle nie gespesifiseer nie.

- ▣ word deur net twee van die 24 respondente voorgestel dat die gebruik van 'n inligtingstelsel teen betaling moet geskied.

5.3.11 Ander inligting oor bemarking van varsprodukte (AIB)

Nie een van die 34 respondente beskik oor, of weet van, enige inligting met betrekking tot die bemarking van varsprodukte wat na hul mening van belang kan wees vir ander instansies of persone en wat nie tans op enige manier bekend gestel word nie.

5.4 VOORLEGGING DEUR DIE INSTITUUT VAN MARKAGENTE VAN SA

5.4.1 Inleidende opmerkings

Benewens die inligting wat by wyse van die vraelys deur 34 markagente verstrek is, is waardevolle voorstelle ook van die Instituut van Markagente van S A ontvang in die vorm van 'n voorlegging wat op 20 Februarie 1990 aan die Navorsingsdirekteur gedoen is. Die voorlegging bevat, onder andere, sekere aanbevelings insake hierdie tema, asook 'n toekomsvisie van dié Instituut oor inligtingstelsels in verband met die produksie en prysvorming by die bemarking van varsprodukte.

5.4.2 Aanbevelings van die Instituut

Die aanbevelings van die Instituut lui soos volg:

“Eerstens is dit vir markagente uiters belangrik om so gereeld as enigsins moontlik gemiddelde pryse van meeste verskillende produkte op die mark per kwaliteitklas te kan bekom. Daar is sekere voorstelle met betrekking tot prysvorming op die mark gemaak en indien die voorstelle aanvaarbaar sal wees, sal daar op 'n half-uurlikse basis gemiddelde pryse van produkte wat op die mark verhandel is, beskikbaar wees in 'n prysdatabank.

Hierdie inligting kan deur middel van terminale beskikbaar gestel word aan produsente, agente, kopers en ander belanghebbendes. Dit is verder belangrik om te weet hoeveel produkte op die mark beskikbaar is en hoeveel daarvan reeds verkoop is. Ooreenkomstig die voorstelle wat deur die Instituut aan die navorsers van Tema 2 gemaak is, sal hierdie inligting ook in die prysdatabank beskikbaar gestel kan word.

Ander inligting wat van belang kan wees is die volgende:

- ▣ 'n databank wat 'n aanduiding kan gee van die verwagte produksie van produkte volgens soort produk, hoeveelhede en verwagte datums van bemarking;
- ▣ 'n databank van die groter produsente;
- ▣ 'n databank van groter kopers”.

5.4.3 Toekomstvisie van die Instituut

Die visie van die Instituut aangaande 'n toekomstige inligtingstelsel lui soos volg:

“Die belangrikste inligting vir produsente, kopers en agente is ongetwyfde die inligting wat deur die prysbank beskikbaar kom, naamlik half-uurlikse gemiddelde pryse vir byna alle verskillende produkte wat op die mark verhandel word vir die mark self, sowel as vir ander markte veral dié in die omgewing. Indien 'n sentrale netwerk gevorm word van die rekenaarstelsel van die Nasionale Varsproduktemarkte kan agente, kopers en produsente via terminale daaraan gekoppel word.

'n Groot produsent sal dus op sy terminaal kan bepaal wat die pryse van produkte op die mark is en wat die waarskynlike pryse is wat die produkte wat hy ingestuur het, behaal. Netso kan 'n koper op sy terminaal bepaal wat die pryse is waarteen bepaalde klasse produkte verhandel en telefonies sy bestellings deurskakel na sy agent sonder om self op die mark aanwesig te wees.

Verdere aanvullende inligting wat moontlik ook in hierdie sentrale rekenaarstelsel beskikbaar gestel sou kon word is onder andere die volgende:

- verwagte produksiesyfers van produsente, volgens tipe produkte, hoeveelheid en tyd;
- die hoeveelheid produkte, per tipe en klas wat by die aanvang van die mark op die mark aanwesig is, en op enige stadium die hoeveelhede wat nog onverkoop is;
- dieselfde inligting vir ander markte, veral dié in die omgewing;
- 'n nasionale databank van groter produsente; en
- 'n nasionale databank van groter kopers”.

5.4.4 Vergelyking van die siening van die Instituut met dié van responderende markagente

Die aanbevelings en visie van die Instituut stem grootliks ooreen met die totaal van 48 voorstelle wat deur 21 van die responderende markagente in hul antwoorde oor die IIS verstrek, en in afdeling 5.3.10 hierbo, uiteengesit is.

Die belangrikste afwykings in die markagente se individuele voorstelle van die van die Instituut, kan soos volg saamgevat word:

- Volgens die Instituut se voorstelle moet sekere inligting in verband met prysvorming half uurliks en ander minstens daagliks bygewerk en beskikbaar wees. In die individuele voorstelle van markagente word allerlei

frekwensies voorgestel en verlang sommige respondente die inligting daaglik, andere weeklik, en sommige maandeliks (kyk afdeling 5.3.10).

- ▣ Wat die beskikbaarstelling van inligting betref, verwys die Instituut deur-gaans na rekenaarfasiliteite terwyl die individuele markagente die rekenaar en/of diverse ander kommunikasiemiddele aan die hand doen, byvoorbeeld FAKS, telefoniese toegang tot bandopname, TV, radio, pers, nuusbriewe en verslae.
- ▣ Verlangde inligtingsitems wat nie deur die Instituut gemeld is nie, maar wel deur sommige van die individuele markagente, is byvoorbeeld:
 - klimaats- en weertoestande wat die aanbod kan beïnvloed
 - inligting oor alle produkte in plaas van die Instituut se voorstel dat die meeste van die produkte gedek moet word
 - weeklikse vooruitskattings van die aanbod op markte gedurende die volgende week en
 - daaglikse vooruitskattings van gemiddelde pryse.

5.5 SLOTOPMERKINGS

Die respons van markagente kan as baie bevredigend beskou word, aangesien:

- ▣ die 34 respondente 40,5% van die 84 markagente wat op alle NVPM'e optree, verteenwoordig
- ▣ die respondente gesamentlik meer as 53% van die totale omset op alle NVPM'e hanteer
- ▣ die respondente, behalwe die te Uitenhage, en is oor alle NVPM'e versprei
- ▣ die respons grootliks gerugsteun word deur die voorstelle en visie van die Instituut van Markagente van S A wat 62 (73,8%) van alle markagente as lede het.

'n Groot meerderheid van die respondente ontvang glad nie die publikasies *Kortbegrip van Landboustatistieke* (70,6%) en *Oeste en Marke* (82,4%) van die Departement van Landbou nie. Slegs 'n klein meerderheid (55,9%) ontvang die ander twee gereelde publikasies van die Departement, terwyl 47,1% van die respondente die *Jaarverslae of handelsyfers* van NVPM'e ontvang.

Slegs 8,8% van die respondente luister dikwels na markpryse deur die SAUK uitgesaai, terwyl net 32,3% soms tot gereeld die gepubliseerde markpryse in koerante en tydskrifte lees.

Daar is 'n besondere positiewe evaluering van 'n moontlike produsente aanplantingsdatabank (baie nuttig 55,8% en nuttig 32,4%). Die algemene

indruk uit die antwoorde in die vraelyste is dat die respondente 'n inligtingstelsel beoog wat gesofistikeerder is en vinniger, resenter en indiepte data sal verstrek as die wat tans beskikbaar is.

Inligtingsaangeleenthede van die markbesture

6.1 INLEIDING

In die hoofstuk word die markbesture van NVPM'e se antwoorde aangaande 7 verskillende bestaande inligtingsbronne betreffende die varsproduktebedryf bespreek, sowel as:

- enige ander inligtingsbronne wat hulle, benewens die sewe bronne gebruik
- hul reaksies op die moontlike instelling van 'n produsente-aanplantingsdatabank en
- hul siening van 'n ideale inligtingstelsel.

6.2 RESPONDENTE SE BETROKKENHEID BY DIE BEMARKING VAN VARSPRODUKTE

Vir doeleindes van die ontledings in die verslag het die ontleders daarvan kennis geneem dat in terme van omsetgroottes in randwaardes enorme verskille tussen die 15 respondente bestaan, deurdat hul individuele persentuele aandeel in die totale omset van die 15 NVPM'e byvoorbeeld wissel tussen so hoog as 29,5% vir die NVPM te Johannesburg, tot so laag as 0,6% vir dié te Uitenhage en Witbank.

Die persentuele "markaandeel" van elk van die 15 NVPM'e in die totale Randwaarde van die omset van dié 15 marke gedurende 1989, asook hoe hulle vir die doeleindes van die verslag in drie groepe verdeel is, is soos volg:

Groepering van NVPM	Ligging van NVPM	Markaandeel %
Groot markte	Johannesburg	29,5
	Kaapstad	17,3
	Pretoria	15,5
	Durban	10,4
Kleiner markte (middelgroot)	Port Elizabeth	3,9
	Springs	3,7
	Pietermaritzburg	3,7
	Oos-Londen	3,6
	Bloemfontein	3,3
	Klerksdorp	3,0
Klein markte	Vereeniging	2,0
	Welkom	1,6
	Kimberley	1,2
	Uitenhage	0,6
	Witbank	0,6
Totaal	—	100,0

Uit bogemelde persentuele indeling sal opgemerk word dat die omsette van die middelgroot marke aansienlik kleiner is as die van die vier grootste NVPM'e en nie baie groter as dié van die klein NVPM'e is nie. Ten einde hulle egter duidelik te onderskei van die "klein" NVPM'e, word in die verslag na hulle as "middelgroot" verwys.

Die hoofrede vir die groepering van die 15 NVPM'e in "groot", "middelgroot" en "klein", is om te bepaal of daar byvoorbeeld tendense of behoeftes is wat uitsluitlik of hoofsaaklik by een of twee van die groepe, maar nie by al drie groepe teenwoordig is nie.

6.3 BEOORDELING VAN INLIGTINGSBRONNE DEUR RESPONDENTE

6.3.1 Publikasie getiteld *Statistiek oor Varsproduktemarke (SVM)*

ONTVANGS VAN DIE SVM

Dertien van die NVPM'e ontvang die SVM gereeld, dié te Kaapstad ontvang dit selde en een klein NVPM glad nie.

GEBRUIK VAN DIE SVM

Van die 14 respondente wat die SVM wel ontvang, gebruik vier (28,6%) dit baie gereeld, agt dit soms, 1 selde, en 1 glad nie.

NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE SVM

Van die 14 respondente wat die SVM ontvang vind 12 respondente (85,7%) die inligting daarin nuttig tot baie nuttig terwyl 1 groot mark dit van min nut en 1 middelgroot mark dit van geen nut vind nie.

ADDISIONELE INLIGTING IN DIE SVM VERLANG

Slegs een middelgroot mark (Port Elizabeth) verlang dat ook die “massa/waarde per vk meter per seksie, byvoorbeeld groente, vrugte, ens” in die SVM moet verskyn.

VORM VAN DIE SVM

Twaalf (85,7%) van die 14 respondente het aangedui dat hulle tevrede is met die vorm waarin die SVM tans verskyn, terwyl twee baie tevrede daarmee is.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR SVM

Samevattend blyk dit dat 14 uit die 15 respondente die SVM ontvang en dat 12 van die 14 respondente dit nuttig tot baie nuttig vind. Slegs een van die 14 respondente wil graag addisionele inligting in die publikasie sien; almal is tevrede of baie tevrede met die huidige vorm van die publikasie.

6.3.2 Publikasie getiteld *Kortbegrip van Landboustatistieke (KLS)*

ONTVANGS VAN DIE KLS

Tien NVPM'e ontvang die KLS glad nie. Vyf respondente, te wete dié te Pretoria, Durban, Port Elizabeth, Welkom en Kimberley ontvang dit gereeld.

GEBRUIK EN NUT VAN DIE KLS

Van die 5 respondente wat die KLS wel ontvang, gebruik 3 respondente dit soms en 2 selde. Voorts vind 3 dit nuttig of baie nuttig en 2 vind dit van min nut.

ADDISIONELE INLIGTING IN DIE KLS VERLANG EN VORM DAARVAN

Geeneen van die 5 respondente wat die KLS ontvang, verlang addisionele inligting daarin nie, terwyl al 5 met die huidige vorm daarvan tevrede is.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR DIE KLS

Slegs 5 (33,3%) van die respondente ontvang die KLS. Van die 5 gebruik 3 dit gereeld en vind dit nuttig of baie nuttig. Niemand verlang addisionele inligting in die publikasie nie en al 5 is met die huidige vorm van die KLS tevrede.

6.3.3 Publikasie getiteld *Oeste en Marke* (OM)

ONTVANGS VAN DIE OM

Van die 15 NVPM'e ontvang 11 (73,3%) die OM gereeld, 2 soms en 2 glad nie.

GEBRUIK EN NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE OM

Van die 13 NVPM'e wat die publikasie ontvang, gebruik slegs een dit baie gereeld, terwyl 9 dit soms en 3 dit selde gebruik. Vier van die 13 NVPM'e vind die publikasie van min nut, terwyl 7 dit nuttig vind en een van die oorblywende 2 dit as nogal nuttig en die ander dit as baie nuttig beskou.

ADDISIONELE INLIGTING IN DIE OM VERLANG EN VORM DAARVAN

Niemand van die 13 respondente verlang addisionele inligting in die OM nie en almal is òf tevrede òf baie tevrede met die huidige vorm daarvan.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR DIE OM

Samevattend blyk dit dat die groot meerderheid van NVPM'e (73,3%) die OM ontvang, dat almal van dié wat dit ontvang, dit gebruik en die meeste van hulle dit ook nuttig vind. Niemand van hulle verlang addisionele inligting in die OM nie en almal is òf tevrede of baie tevrede met die huidige vorm daarvan.

6.3.4 Publikasie van die Kommissie vir Varsproduktemarke (KVPM)

ONTVANGS VAN DIE KVPM PUBLIKASIE

Slegs die NVPM te Pietermaritzburg ontvang die publikasie glad nie. Die ander 14 NVPM'e ontvang dit gereeld.

GEBRUIK EN NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE KVPM PUBLIKASIE

Van die 14 NVPM'e wat die publikasie ontvang, gebruik 5 dit baie gereeld 7 gereeld en 2 soms. Ses van die respondente vind die publikasie baie nuttig, 4 nogal nuttig en 4 nuttig.

ADDISIONELE INLIGTING IN DIE KVPM PUBLIKASIE VERLANG

Alleenlik 2 uit die 14 NVPM'e wat die publikasie ontvang, verlang om addisionele inligting daarin te sien:

- NVPM TE DURBAN: Bedryfskoste- en personeelsterktevergelykings tussen die NVPM'e.
- NVPM TE KLERKSDORP: Maandelikse statistiek van alle markte aangaande produkte verkoop.

VORM WAARIN DIE KVPM PUBLIKASIE VERSKYN

Twee van die 14 NVPM'e wat die publikasie ontvang, is baie tevrede met die huidige vorm daarvan, terwyl 12 van hulle tevrede is.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR KVPM PUBLIKASIE

Van die vier soorte publikasies afkomstig van die Departement van Landbou, is die KVPM publikasie skynbaar die wat by markbesture die hoogste ontvangs-, gebruiks- en nuttigheidsfrekwensie het. Slegs 2 van die respondente verlang addisionele inligting daarin en almal wat dit ontvang, is tevrede of baie tevrede met die huidige vorm daarvan.

6.3.5 NVPM'e se jaarverslae of handelsyfers (J of H)

ONTVANGS VAN DIE J OF H

Al 15 respondente ontvang die J of H van sommige of alle ander NVPM'e. Elf van die respondente ontvang die J of H van alle ander NVPM'e. Drie van hulle ontvang die J of H van "bykans" alle andere en een respondent ontvang dit slegs van die marke te Johannesburg, Pretoria en Bloemfontein.

GEBRUIK VAN DIE J OF H

Die gebruik wat deur die 15 respondente van die inligting vervat in Jaarverslae en/of handelsyfers van die ander NVPM'e gemaak word, is soos volg:

- Baie gereeld – Een groot- en een klein NVPM
- Gereeld – Twee groot-, twee middelgroot- en twee klein NVPM'e
- Soms – Een groot- twee middelgroot- en twee klein NVPM'e
- Glad nie – Twee middelgroot NVPM'e.

Met ander woorde, vanuit 'n oogpunt van omsetgrootte van die respondente is daar geen merkbare noiging in die gebruiksfrekwensie te bespeur nie. Dieselfde geld ook vir die nuttigheidsvlak soos in die afdeling hierna aangetoon.

NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE J OF H

Die 13 respondente wat die J of H gebruik, vind die nut daarvan soos volg:

- Baie nuttig – Twee groot- en twee klein NVPM'e
- Nogal nuttig – Een groot- en een klein NVPM
- Nuttig – Een groot-, drie middelgroot- en twee klein NVPM'e
- Van nut – Twee middelgroot NVPM'e
- Van geen nut nie – Een middelgroot NVPM.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR J OF H

Samevattend is dit duidelik dat, hoewel alle respondente die J of H ontvang, slegs 13 van hulle (86,7%) dit gebruik en dat 10 van die 13 (76,9%) ook die inligting daarin nuttig tot baie nuttig vind.

6.3.6 Markpryse deur SAUK op weksdae uitgesaai (SAUK-MP)

LUISTERFREKWENSIE VAN RESPONDENTE

Die 15 respondente se luisterfrekwensie na die SAUK-MP is soos volg:

- Daaglik – Een groot NVPM en twee klein NVPM'e
- Dikwels – Een middelgroot- en een klein NVPM
- Soms – Een groot-, en drie middelgroot NVPM'e en een klein NVPM
- Selde – Een groot- en een middelgroot NVPM
- Glad nie – Een groot-, een middelgroot- en een klein NVPM.

NUT VAN DIE INLIGTING IN SAUK-MP

Die nut van die inligting vir die 12 respondente wat wel na die SAUK-MP luister, is soos volg:

- Van groot nut – Twee klein NVPM'e
- Van nut – Een groot- en twee klein NVPM'e
- Van weinig nut – Een groot- en vier middelgroot NVPM'e
- Van geen nut – Een groot- en een middelgroot NVPM.

ADDISIONELE INLIGTING IN SAUK-MP

Van die 12 respondente het 10 aangedui dat die inligting wat tans uitgesaai word, voldoende is. Een groot mark (Kaapstad) vra dat sy pryse nie soms oorgeslaan moet word nie en dat die pryse van 'n wyer verskeidenheid van produkte in die uitsending gedek moet word. Een klein mark (Witbank) verlang dat die pryse in R/s per houer in plaas van in sente per Kg vermeld moet word.

HUIDIGE UITSAAITYE VAN SAUK-MP

Van die 12 respondente wat na die uitsendings luister, is slegs twee met die huidige uitsaaitye ontevrede of baie ontevrede. Een van hulle – 'n middelgroot NVPM – verlang dat die SAUK-MP na 19h00 uitgesaai moet word, sodat meer lede van die algemene publiek daarna kan luister. Die ander – 'n klein NVPM – verlang dat die SAUK-MP om 17h00 uitgesaai moet word.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR SAUK-MP

Dit is duidelik dat die SAUK-MP in die geval van markowerhede 'n redelik onbeduidende bron van inligting is, waarna slegs (33,3%) dikwels of daaglik luister en 'n verdere 46,7% selde tot soms. Van die 12 respondente wat wel na die uitsendings luister, vind 41,7% dit van nut tot groot nut en het 83,3% van respondente aangedui dat die inligting vervat in die SAUK-MP voldoende is. Slegs 2 respondente is nie met die huidige uitsaaitye tevrede nie.

6.3.7 Markpryse in koerante en tydskrifte gepubliseer (MPKT)

GEREELDHEID VAN KENNISNAME VAN MPKT

Die 15 respondente se leesfrekwensie van markpryse in koerante en tydskrifte gepubliseer, (MPKT) is soos volg:

- Gereeld – Twee groot- en drie klein NVPM'e
- Soms – Een groot-, drie middelgroot- en twee klein NVPM'e
- Selde – Een groot- en een middelgroot NVPM
- Glad nie – Twee middelgroot NVPM'e.

KOERANTE EN TYDSKRIFTE IN VERBAND MET MPKT GELEES

Altesame 11 verskillende koerante en *Die Landbouweekblad* word gebruik deur die 13 NVPM'e wat wel kennis van die MPKT neem. Geen een van die koerante of weekblad word deur meer as vier van die respondente benut nie.

BENUTTING VAN DIE MPKT

Die 13 respondente wat wel van MPKT kennis neem, gebruik die inligting soos volg:

- Baie gereeld – Slegs een klein NVPM
- Gereeld – Geen een
- Soms – Die vier groot, sowel as twee middelgroot en drie klein NVPM'e
- Glad nie – Twee middelgroot NVPM'e en een klein mark.

Met ander woorde, soos in die geval van die markagente, word die gepubliseerde markpryse nie veel deur die NVPM'e gebruik nie.

NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE MPKT

Slegs 4 klein NVPM'e uit die totaal van 13 respondente wat wel van die MPKT kennis neem, beskou dit as nogal nuttig tot baie nuttig. Die oorblywende 9, insluitende die 4 groot markte, beskou die inligting as van min nut.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR MPKT

Dit blyk dat die MPKT 'n inligtingsbron is wat nog minder gereeld as die SAUK-MP deur die 15 respondente gelees, gebruik en van nut bevind word.

6.3.8 "Ander" inligtingsbronne (AIB)

Agt van die 15 respondente gebruik geen ander inligtingsbronne nie as die 7 bronne vermeld in die vraelys. Die oorblywende 7 respondente, wat die vier groot NVPM'e insluit, gebruik altesame 7 ander bronne soos volg:

Bron	Getal respondente
Aartappelraad se publikasies	5
<i>Die Groenteboer</i>	3
Piesangraad publikasies	3
<i>Die Boer</i>	2
Unifruco	2
Nabo nuusbrieff	1
Inligting van groot produsente	1

6.3.9 Produsente aanplantingsdatabank (PAB)

BEGRIPSBEPALING VAN DIE VOORGESTELDE PAB

Die vraag met betrekking tot die voorgestelde PAB word in die vraelys soos volg uiteengesit:

“Daar is voorgestel dat daar oorweging geskenk moet word aan die moontlikheid om 'n databank te stig waarin produsente inligting verskaf met betrekking tot die oppervlakte grond wat met sekere produkte beplant word en die verwagte produksie daarvan, asook die beraamde datums wanneer die produkte bemark sou moes word. Inligting sal gereeld aan produsente teruggevoer word met aanduiding of daar in vergelyking met vorige jare oor- of onderproduksie verwag word. Op grond van hierdie terugvoering sou produsente waar nodig aanpassings in die aanplant skedules kon oorweeg. ('n Soortgelyke skema is tans in werking vir aartappelprodusente). Wat is u mening omtrent so 'n skema?”

EVALUERING VAN DIE PAB

Die 15 respondente se evaluering van 'n produsente aanplantingsdatabank (PAB) is soos volg:

Baie nuttig – Al vier groot, twee middelgroot- en drie klein NVPM'e
Nuttig – Twee middelgroot NVPM'e
Van twyfelagtige nut – Twee middelgroot- en twee klein NVPM'e.

Met ander woorde, soos in die geval van markagente, is by die NVPM'e ook 'n baie sterk ondersteuning vir die instelling en instandhouding van 'n PAB.

6.3.10 Die ideale inligtingstelsel (IIS)

RESPONDENTE SE REAKSIE BETREFFENDE 'N IIS

Die 15 respondente se reaksie op 'n versoek om 'n kort omskrywing te gee van die ideale inligtingstelsel (IIS) wat hulle graag in werking sou wou sien, verskyn hieronder. Die inligting wat benodig sal word, sowel as die publikasie frekwensie en die metode van beskikbaarstelling van die verlangde inligting, moes vermeld word. Die reaksie was soos volg:

- Geen reaksie mark – Twee groot en een middelgroot NVPM'e en een klein mark
- Huidige stelsel voldoende – Een klein NVPM
- Bepaalde voorstelle gedoen – Twee groot-, vyf middelgroot- en drie klein NVPM'e.

BEPAALEDE VOORSTELLE AANGAANDE 'N IIS

Soos in die geval van die produsente (afdeling 4.3.10) en markagente (afdeling 5.3.10) is die bepaalde voorstelle aangaande inligting wat deur 10 NVPM'e van die IIS verlang word, sowel as die gereeldheid van vrystelling en die-kommunikasie-middele in vier breë kategorieë ingedeel, soos volg:

- produksie: historiese inligting (4 respondente)
- produksie: huidige stand en vooruitskattings (4 respondente)
- prysvorming: historiese inligting (7 respondente) en
- prysvorming: huidige stand en vooruitskattings (3 respondente).

DIÉ VIER KATEGORIEË IS SOOS VOLG SAAMGESTEL:

Produksie: historiese inligting (4 respondente)

- Die 4 respondente verlang inligting aangaande die hoeveelhede of hektare aangeplant per produk en per streek met vermelding van die datums van aanplanting.
- Die gereeldheid waarvolgens die inligting verlang word en/of die wyse waarop dit vrygestel moet word, verskil van mark tot mark:
 - een NVPM verlang die inligting weekliks op rekenaar
 - 'n tweede verlang die inligting weekliks en maandeliks by wyse van telefoniese toeganklikheid op band
 - die derde NVPM verlang die inligting maandeliks per FAKS en
 - die vierde verlang dit kwartaalliks per nuusbrief.

Produksie: huidige stand en vooruitskattings (4 respondente)

Dieselfde 4 respondente hierbo verlang inligting oor verwagte oesopbrengste met vermelding van die datums van oesgereedheid per streek per produk. Die gereeldheid waarvolgens die inligting verlang word en/of die wyse waarop dit vrygestel moet word is dieselfde as soos hierbo uiteengesit.

Prysvorming: historiese inligting (7 respondente)

- Vyf respondente verlang inligting op 'n sentrale rekenaar, oor lopende, daaglikse, gemiddelde pryse, benewens hoogste pryse, wat per produk, per mark, vir alle produkte per graad of grootte, op alle NVPM'e behaal is.

- ❑ Een respondente verlang weekliks, ook op rekenaar, dieselfde soort inligting soos hierbo, maar ten opsigte van die ooreenstemmende week in die vorige jaar.
- ❑ Een respondente verlang, op rekenaar, inligting oor lopende daaglikse hoeveelhede van alle produkte verkoop op alle NVPM'e.

Prysvorming: huidige stand en vooruitskattings (3 respondente)

- ❑ Twee respondente verlang, op rekenaar, inligting oor lopende daaglikse hoeveelhede van produkte op hande op alle NVPM'e.
- ❑ Een respondente verlang dieselfde inligting as dié hierbo, maar met die Media as kommunikasie-middel.

BEVINDINGS AANGAANDE 'N IIS

- ❑ Volgens die ontleding van die reaksie van alle respondente, sowel as die bepaalde voorstelle deur 10 respondente hierbo, wil dit voorkom asof daar nie 'n besondere groot behoefte aan of entoesiasme vir 'n IIS by NVPM'e bestaan nie. Alhoewel twee-derdes van die 15 respondente op die vraag gereageer het, het twee groot-, een middelgroot- en een klein mark geen reaksie openbaar nie en beskou een klein mark die bestaande stelsel as voldoende. Ook die totale getal bepaalde voorstelle wat wel gedoen is (18) vergeleke by die 70 voorstelle van produsente en die 48 van markagente, dui op 'n ietwat flou belangstelling in 'n IIS deur die markowerhede.
- ❑ Uit 'n totaal van 18 voorstelle wat deur 10 (66,7%) van die respondente aan die hand gedoen is
- ❑ verwys 8 voorstelle na produksie inligting en 10 na inligting insake prysvorming
- ❑ verwys 11 voorstelle na historiese data en 7 na huidige stand of vooruitskattings
- ❑ is die voorgestelde kommunikasiefrekwensie
 - in 9 gevalle daagliks
 - in 3 weekliks
 - in 2 weekliks en maandeliks
 - in 2 maandeliks en
 - in 2 gevalle kwartaalliks.

6.3.11 Ander inligting oor bemaking van varsprodukte (AIB)

As 'n slotvraag in die vraelys word respondente gevra of hulle beskik oor of weet van enige inligting met betrekking tot die bemaking van varsprodukte wat na hul mening van belang kan wees vir ander instansies of persone en

wat nie tans op enige manier bekend gestel word nie. Nie een van die 15 markte het positief op die vraag geantwoord nie.

6.4 SLOTOPMERKINGS

Die 15 NVPM'e is die enigste van die vyf teikengroepe waar 'n 100% respons op die vraelyste ontvang is. Die oorgrote meerderheid (tussen 87% en 93%) ontvang die 4 gereelde publikasies van die Departement van Landbou sowel as Jaarverslae of handelsyfers van ander NVPM'e.

Slegs 4 (een groot-, een middelgroot- en 2 klein markte) luister dikwels of daaglik na markpryse deur die SAUK uitgesaai maar 'n heelwat hoër persentasie (66,7%) lees soms tot gereeld die markpryse van varsprodukte in koerante en tydskrifte.

Die NVPM'e openbaar 'n besonder sterk ondersteuning vir die instelling en instandhouding van 'n maontlike produsente aanplantingsdatabank (PAB) deurdat slegs 2 middelgroot- en 2 klein NVPM'e dit evalueer het as van twyfelagtige nut. Oor die algemeen is daar egter minder entoesiasme vir 'n ideale inligtingstelsel.

Inligtingsaangeleenthede van kopers van varsproduktemarkte

7.1 INLEIDING

Die deelname van kopers aan die ondersoek is die swakste van al vyf die teikengroepe wat deur die ondersoek gedek is, aangesien daar uit 'n geskatte getal van etlike duisend kopers van varsprodukte, 'n skrale 37 respondente was.

In die hoofstuk word die 37 respondente se antwoorde aangaande 7 verskillende bestaande inligtingsbronne betreffende die varsproduktebedryf bespreek, sowel as enige ander inligtingsbronne wat hulle, benewens dié sewe bronne, gebruik en hul siening van 'n ideale inligtingstelsel. Die kopersgroep is nie gevra om hul mening aangaande 'n produsente aanplantingsdatabank te gee nie.

7.2 RESPONDENTE SE BETROKKENHEID BY DIE BEMARKING VAN VARSPRODUKTE

Daar is in die vraelys 3 verkennende vrae gestel om besonderhede te bekom aangaande die 37 respondente se betrokkenheid by die aankoop van varsprodukte, naamlik:

- die kopersklasse waarin die respondente val;
- die NVPM'e waar die respondente hoofsaaklik hul aankope doen; en
- die persentuele gebruik van verskillende distribusiekanale deur die respondente vir die aankoop van varsprodukte.

7.2.1 Die kopersklasse waarin die respondente val

Respondente is versoek om aan te dui in welke van ses kopersklasse hulle val. Dié kopersklasse word in tabel 7.1 aangedui.

TABEL 7.1

Kopersklasse waaronder kopers ressorteer in 'n persentasie van totale deelname

Kopersklas	Respondente	
	Getal	% van totaal
Groothandel	11	29,7
Kleinhandel	18	48,7
Kettingwinkel	7	18,9
Institusionele koper	0	0,0
Informele sektor	1	2,7
Verbruikers	0	0,0
Totaal	37	100,0

Tabel 7.1 toon dat 18 (48,7%) van die respondente in kleinhandel en 11 (29,7%) in groothandel betrokke is, terwyl 18,9% kettingwinkels is. Van die oorblywende 3 groepe in die vraelys vermeld, is net een van die respondente verbonde aan die informele sektor, terwyl daar geen institusionele kopers of verbruikers aan die opname deelgeneem het nie.

Die kettingwinkels in tabel 7.1 sluit onder andere die Checkers-, OK Bazaars- en Pick 'n Pay-groep in. Twee van dié 3 groepe koop glad nie op NVPM'e of ander markte nie, terwyl een van hulle net ongeveer een-kwart van sy aankope van varsprodukte op 'n NVPM doen.

7.2.2 Die NVPM'e waar respondente hoofsaaklik koop

Die NVPM'e waar die respondente meestal hul aankope doen is aangedui soos volg:

Johannesburg	9
Durban	5
Bloemfontein	5
Pretoria	4
Port Elizabeth	3
Oos-Londen	3
Springs	3
Klerksdorp	3
Vereeniging	2
Totaal	37

Dus 6 van die 15 NVPM'e, met inbegrip van die tweede grootste NVPM (d.i. Kaapstad), is nie in dié teikengroep verteenwoordig nie.

7.2.3 Die distribusiekanale deur respondente gebruik

Die 37 respondente het aangedui dat hul totale aankope van varsprodukte persentueel soos volg versprei is:

Uitsluitlik van NVPM'e (100%)	17 respondente
Hoofsaaklik van NVPM'e (meer as 50%)	14 respondente
Uitsluitlik van ander bronne (100%)	2 respondente
Hoofsaaklik direk van produsente (meer as 50%)	4 respondente
Totaal	37 respondente

7.2.4 Bevindings insake respondente se betrokkenheid by die aankoop van varsprodukte

Die ontledings in afdelings 7.2.1 tot 7.2.3 toon:

- dat 18 (48,7%) van die 37 respondente kleinhandelaars is, gevolg deur 11 (29,7%) in die groothandel en 7 (18,9%) kottingswinkels en dat slegs een van die respondente aan die informele sektor behoort. Institusionele kopers en verbruikers is glad nie verteenwoordig nie;
- dat die 37 respondente baie dun oor slegs 9 van die 15 NVPM'e versprei is en dat die tweede grootste NVPM, naamlik Kaapstad, glad nie verteenwoordig is nie; en
- dat die oorgrote meerderheid (31 of 83,8%) van die 37 respondente hul aankope van varsprodukte of uitsluitlik of hoofsaaklik op NVPM'e doen en dat 6 van hulle (wat 3 groot kottingswinkelgroepe insluit) of uitsluitlik of hoofsaaklik van ander bronne koop.

7.3 BEOORDELING VAN INLIGTINGSBRONNE DEUR RESPONDENTE

7.3.1 Publikasie getiteld *Statistiek oor Varsproduktemarkte* (SVM)

ONTVANGS VAN DIE SVM

Nie minder nie as 31 (83,8%) van die 37 respondente het aangedui dat hulle die SVM glad nie ontvang nie, terwyl 3 dit selde, 1 soms en 2 dit gereeld ontvang.

GEBRUIKSFREKWENSIE EN NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE SVM

Van die 6 respondente wat die SVM wel ontvang, het 4 aangedui dat hulle dit selde gebruik en dat die inligting daarin vir hulle van min nut is. Slegs een respondent gebruik die SVM gereeld en een gebruik dit baie gereeld, terwyl albei van hulle die inligting daarin as nuttig beskou.

ADDISIONELE INLIGTING VERLANG IN EN TEVREDENHEID MET SVM

Slegs een van die 6 respondente wat die publikasie ontvang verlang addisionele inligting daarin, naamlik *Beskikbaarheid van sekere produkte*. Al 6 van die respondente is tevrede met die vorm waarin die SVM tans verskyn.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR SVM

Die SVM dra skynbaar weinig by om kopers van varsprodukte te help in die beplanning van hul aankope, aangesien 83,8% van die respondente glad nie die SVM ontvang nie. Voorts blyk dit dat 4 van die 6 respondente wat die SVM wel ontvang, dit selde gebruik en van min nut ag. Een van die 6 respondente wil graag addisionele inligting in die SVM sien, en niemand van hulle is ontevrede met die huidige vorm van die publikasie nie.

7.3.2 Publikasie getiteld *Kortbegrip van Landboustatistieke (KLS)*

Niemand van die 37 respondente ontvang die KLS nie. Gevolglik is daar ook geen antwoorde op die ander vrae oor die KLS ontvang nie.

7.3.3 Publikasie getiteld *Oeste en Marke (OM)*

Slegs 2 (5,4%) van die 37 respondente het aangedui dat hulle die publikasie soms ontvang, terwyl die ander 35 dit glad nie ontvang nie. Van die twee respondente:

- gebruik een die inligting gereeld en die ander soms;
- vind een die inligting baie nuttig en die ander van min nut;
- verlang niemand addisionele inligting in die OM nie; en
- is albei tevrede met die vorm waarin die OM tans verskyn.

7.3.4 Publikasie van die Kommissie vir Varsproduktemarke (KVPM)

ONTVANGS VAN DIE KVPM PUBLIKASIE

Slegs 1 respondent ontvang die publikasie gereeld, 2 ontvang dit selde en die oorblywende 34 ontvang dit glad nie.

GEBRUIK EN NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE KVPM PUBLIKASIE

Van die 3 respondente wat die publikasie ontvang, gebruik een dit baie gereeld en vind dit nogal nuttig, terwyl twee dit selde gebruik en van min nut ag.

ADDISIONELE INLIGTING VERLANG IN EN TEVREDENHEID MET VORM VAN KVPM PUBLIKASIE

Niemand van die 3 respondente wat die publikasie ontvang, verlang enige addisionele inligting daarin nie en aldrie is tevrede met die vorm waarin die publikasie tans verskyn.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR KVPM PUBLIKASIE

Net soos in die geval van die 3 publikasies van die Direktooraat Landbou-
ekonomiese Tendense (SVM, KLS en OM) wil dit voorkom of die ontvangs-
frekwensie (8%) van die publikasie van die KVPM ook so klein is dat dit
weinig bydra om kopers in die beplanning van hul aankope van vars-
produkte van hulp te wees. Van die 3 respondente wat die publikasie wel
ontvang, gebruik slegs een dit gereeld en vind hy dit nuttig, verlang niemand
addisionele inligting nie en is al drie tevrede met die huidige vorm van die
publikasie.

7.3.5 NVPM'e se jaarverslae of handelsyfers (J of H)

Slegs 3 (8,1%) van die 37 respondente ontvang jaarverslae of handelsyfers
van NVPM'e, naamlik een van Durban, een van Port Elizabeth en een van alle
NVPM'e. Van die 3 respondente gebruik een die inligting gereeld en vind hy
dit baie nuttig. Albei van die ander 2 respondente gebruik die inligting net
soms. Een van hulle vind die inligting nuttig en die ander vind dit van min
waarde.

7.3.6 Markpryse deur SAUK op weksdae uitgesaai (SAUK-MP)

LUISTERFREKWENSIE VAN RESPONDENTE

Alleenlik 2 (5,4%) van die 37 respondente luister daaglik of dikwels na die
SAUK-MP en meer as twee-derdes van die respondente (67,6%) luister net
soms of selde daarna, terwyl 27,0% dit glad nie doen nie.

NUT VAN DIE INLIGTING IN SAUK-MP

Slegs 7 (25,9%) van die 27 respondente wat wel na die SAUK-MP luister, ag
dit van nut tot groot nut terwyl 40,8% dit van weinig nut en 33,3% dit as van
geen nut beskou nie.

ADDISIONELE INLIGTING IN SAUK-MP

Van die 27 respondente het 22 (81,5%) aangedui dat die inligting wat tans
uitgesaai word, voldoende is. Die oorblywende 5 respondente (18,5%) het
elkeen 'n verskillende voorstel om addisionele inligting gedoen:

- meer breedvoerige inligting
- houerpriese sowel as Kg-priese
- beskikbaarheid van produkte
- gemiddelde priese per graad en grootte en
- hoogste en laagste priese vir beste graad.

HUIDIGE UITSAAITYDE VAN SAUK-MP

Van die 27 respondente wat na die uitsendings luister, is daar slegs een
respondent wat met die huidige uitsaaityde ontevrede is. Hy doen aan die

hand dat die uitsendings tussen 12h00 en 13h00 oor die radio en/of tussen 08h00 en 08h30 op TV moet geskied.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR SAUK-MP

Samevattend is dit duidelik dat die SAUK-MP 'n bron van inligting is waarna slegs 5,4% van die 37 respondente dikwels of daaglik luister, maar dat 'n verdere 67,6% dit selde of soms doen. Van die 27 respondente wat wel na die uitsendings luister vind 25,9% dit van nut tot groot nut en het 81,5% aangedui dat die inligting vervat in die SAUK-MP voldoende is. Slegs een respondent is nie met die huidige uitsaaitye tevrede nie.

7.3.7 Markpryse in koerante en tydskrifte gepubliseer (MPKT)

GEREELDHEID VAN KENNISNAME VAN MPKT

Dertien (35,2%) van die 37 respondente lees glad nie die MPKT nie, terwyl 3 (8,1%) gereeld daarvan kennis neem, 12 (32,4%) soms en 9 (24,3%) selde.

Altesame 10 verskillende koerante word deur die 24 respondente gebruik wat wel kennis van die gepubliseerde markpryse neem. *The Star* en *The Citizen* word elk deur 7 respondente gebruik, *Die Beeld* deur 4 en *Die Volksblad* deur 3 respondente. Die ander 6 koerante word net deur een respondent elk as 'n bron vermeld.

GEBRUIK VAN DIE MPKT

Slegs 3 (12,5%) van die 24 respondente gebruik die inligting uit MPKT gereeld tot baie gereeld, 37,5% gebruik dit soms en die helfte van die respondente gebruik die inligting glad nie.

NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE MPKT

Net 8 (33,3%) van die 24 respondente wat wel van die inligting in koerante kennis neem, beskou dit as nuttig tot baie nuttig. Van die oorblywende 16 respondente beskou 6 dit as van min nut, terwyl 10 dit as van geen nut ag nie.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR MPKT

Samevattend blyk dit dat die MPKT 'n inligtingsbron is wat gereeld deur 8,1% van die 37 respondente gelees word, terwyl 'n verdere 32,4% dit soms en 24,3% dit slegs selde lees en 35,2% glad nie. *The Star* en *The Citizen*, gevolg deur *Die Beeld* en *Die Volksblad* is die koerante wat deur die meerderheid respondente in verband met die MPKT geraadpleeg word. Van die 24 respondente wat die MPKT lees, vind 33,3% dit nuttig tot baie nuttig. Dus, soos in die geval van markagente en markowerhede, word die MPKT in die kopersgroep deur die minderheid gebruik.

7.3.8 “Ander” inligtingsbronne (AIB)

Slegs 6 (16,2%) van die 37 respondente het aangedui dat hulle ook ander inligtingsbronne as die 7 vermeld in die vraelys, gebruik. Twee raadpleeg ander NVPM'e en/of markagente by daardie NVPM'e telefonies, terwyl 'n ander respondent die Sagtevrugteraad se nuusbriewe as 'n addisionele bron van inligting gebruik. Die drie groot kettingwinkelgroep gebruik oeskkattings van verskillende rade sowel as twee oorsese publikasies, naamlik *The Packer* (VSA) en *Fresh Produce Journal* (VK).

7.3.9 Die ideale inligtingstelsel (IIS)

RESPONDENTE SE REAKSIE BETREFFENDE 'N IIS

Die reaksie van die 37 respondente uit die geledere van die kopers op die vraag oor 'n ideale inligtingstelsel, is proporsioneel die swakste van die vyf teikengroepe. Met die uitsondering van Pick 'n Pay het 7 altesame 12 beskeie bepaalde voorstelle oor addisionele of alternatiewe inligting gedoen. Die belangrikste onderwerp wat deur 5 van die 7 respondente geopper is, is die gemiddelde daaglikse pryse van alle produkte op alle NVPM'e. Die metode van vrystelling word deur 3 van die respondente voorgestel as 'n kennisgewingbord op die betrokke NVPM, terwyl die ander twee dit as 'n verwisseling van FAKSIMILIEE tussen NVPM'e sien.

Die ander onderwerpe hoogstens deur 2 van die 7 respondente genoom is, is sommige van die wat baie uitdruklik deur markagente en NVPM'e verlang word, byvoorbeeld aanplantings en oesopbrengste wat maandeliks per nuus brief deur die kopers verlang word. Origens noem een respondent die woord “produkhantering” terwyl twee sou wou weet welke produkte is “in seisoen” en 'n ander net “algemene produkinligting” meld.

'n Geredigeerde weergawe van Pick 'n Pay se voorstelle is soos volg:

“THE IDEAL INFORMATION SYSTEM

(a) Information required

Statistical information to be available on computer regarding:

- current and future production, by region, by product and months available;
- varieties, as to when they will become available and how they slot in with current varieties being produced;
- overseas and local marketing topics and trends;
- average weekly prices obtained by main municipal markets countrywide; and
- inflation/deflation index of top 20 products on a weekly basis.

Articles

- ▣ relating to any regulation changes in the production, distribution or marketing of fresh produce;
- ▣ on how to improve the distribution of fresh produce, which could be used for introducing new palletisation, transport, roll containers, various uses of plastic crates;
- ▣ relating to the training of personnel handling fresh produce in-store;
- ▣ relating to the quality of product and what to look for when purchasing – this would really be an “eyeball” look at the product in question; and
- ▣ containing comments from the industry or producers.

(b) The regularity of the release of the statistical data should be daily on computer, where practical, and weekly in a publication together with the articles mentioned in (a) above.

(c) The publishing or releasing of the information should be through the Department of Agriculture and by way of Companies advertising therein. An example to refer to would be the British Fruit Trades Journal which is published weekly and is extremely informative”.

BEVINDINGS AANGAANDE 'N IIS

Met die uitsondering van Pick 'n Pay is daar van die ander 36 respondente geen wesentliche bydrae wat nie meer volledig deur dié in die ander 4 teiken-groepe gedek is nie.

7.3.10 Ander inligting oor bemerking van varsprodukte (AIB)

Nie een van die 37 respondente beskik oor of weet van enige AIB wat van belang kan wees vir ander instansies of persone en wat nie tans op enige manier bekend gestel word nie.

7.4 SLOTOPMERKINGS

Die getal respondente (37) is teleurstellend klein en vorm slegs 'n yl verspreide steekproef van kopers op slegs 9 van die 15 NVPM'e. Die oorgrote meerderheid van die respondente (31 of 83,8%) doen hul aankope uitsluitlik of hoofsaaklik op NVPM'e, terwyl 6 respondente – insluitende 3 groot ketting-winkelgroepe – uitsluitlik of hoofsaaklik van ander bronne koop.

Die oorgrote meerderheid (tussen 84% en 100%) ontvang glad nie die 4 gereelde publikasies van die Departement van Landbou of Jaarverslae of handelsyfers van NVPM'e nie. Slegs 2 respondente (5,4%) luister dikwels of

daaglik na markpryse deur die SAUK uitgesaai, maar 64,8% lees soms tot gereeld die gepubliseerde markpryse. Daar is slegs 'n karige belangstelling in 'n ideale inligtingstelsel. Die algemene indruk wat uit die antwoorde gevorm kan word, is dat die meerderheid van die paar respondente wat wel inligting verlang, tevrede sal wees met 'n ongesofistikeerde stelsel.

HOOFSTUK 8

Inligtingsaangeleenthede van diverse betrokke instansies

8.1 INLEIDING

In die hoofstuk word respondente se antwoorde aangaande 7 verskillende bestaande inligtingsbronne betreffende die varsprouktebedryf bespreek, sowel as:

- enige ander inligtingsbronne wat hulle, benewens dié sewe bronne gebruik;
- hul reaksies op die moontlike instelling van 'n produsente-aanplantingsdatabank; en
- hul siening van 'n ideale inligtingstelsel.

8.2 RESPONDENTE SE BETROKKENHEID BY DIE PRODUKSIE EN BEMARKING VAN VARSPRODUKTE

Ten einde 'n beeld te kan vorm van die 86 respondente se betrokkenheid by die produksie en/of bemarking van varsproukte, is in die vraelys 'n verkennende vraag gestel om te bepaal onder welke van 'n lys van 11 groeperings die betrokke instansie of onderneming ressorteer. Die groeperings waarin die 86 responderendes val, word in Tabel 8.1 aangedui.

TABEL 8.1
Groepering waarin respondente val in 'n persentasie van hul totale deelname aan die ondersoek

Groepering	Respondente	
	Getal	% van totaal
Raad of 'n Beurs	8	9,3
Sentrale Owerheid	0	0,0
Munisipale Owerheid	0	0,0

Groepering	Respondente	
	Getal	% van totaal
Georganiseerde handel	1	1,2
Produsentevereniging	16	18,6
Vervoer-instansie	2	2,3
Verskaffer van landbou-insette	32	37,2
Verwerker van varsprodukte	15	17,5
Uitvoerder van varsprodukte	7	8,1
Makelaar in varsprodukte	5	5,8
Totaal	86	100,0

Tabel 8.1 toon, onder andere, dat 32 (37,2%) van die 86 respondente verskaffers van landbou-insette is, gevolg deur 16 (18,6%) produsenteverenigings en 15 (17,5%) verwerkers van varsprodukte. Dus nagenoeg driekwart van die respondente val in slegs 3 van die 11 groeperings. Daar is geen respondente van die kant van die 3 owerheidsvlakke nie, terwyl die oorblywende 5 groeperings verteenwoordig word deur getalle wat in 'n persentasie van die totale respons van 1,2% tot 9,3% wissel.

8.3 BEOORDELING VAN INLIGTINGSBRONNE DEUR RESPONDENTE

8.3.1 Publikasie getiteld *Statistiek oor Varsproduktemarke* (SVM)

ONTVANGS VAN DIE SVM

Tabel 8.2 toon die 86 respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie *Statistiek oor Varsproduktemarke*, van die Direktoraat Landbou ekonomiese Tendense.

TABEL 8.2

Respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie: *Statistiek oor varsproduktemarke* (SVM)

Ontvangsfrekwensie van SVM	Respondente	
	Getal	% van totaal
Gereeld	31	36,0
Soms	6	7,0
Selde	2	2,3
Glad nie	47	54,7
Totaal	86	100,0

Tabel 8.2 toon dat die meerderheid van die 86 respondente (54,7%) glad nie die SVM ontvang nie, dat 36,0% dit gereeld en 9,3% dit òf soms òf selde ontvang.

GEBRUIK VAN DIE SVM

Tabel 8.3 toon die gebruiksfrekwensie van die 39 respondente wat die SVM wel ontvang.

TABEL 8.3
Respondente se gebruiksfrekwensie van die SVM

Gebruiksfrekwensie van SVM	Respondente	
	Getal	% van totaal
Baie gereeld	0	0,0
Gereeld	12	30,8
Soms	23	59,0
Selde	4	10,2
Glad nie	0	0,0
Totaal	39	100,0

Tabel 8.3 toon dat 12 (30,8%) van die 39 respondente wat die SVM ontvang, dit gereeld gebruik terwyl 23 (59,0%) dit soms en 4 (10,2%) dit selde gebruik.

NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE SVM

In tabel 8.4 word die nut van die inligting vir die 39 respondente wat die SVM ontvang, saamgevat.

TABEL 8.4
Nut van inligting in SVM vir respondente

Nuttigheidsvlak van SVM	Respondente	
	Getal	% van totaal
Baie nuttig	6	15,4
Nogal nuttig	7	18,0
Nuttig	24	61,5
Van min nut	2	5,1
Van geen nut	0	0,0
Totaal	39	100,0

Volgens tabel 8.4 vind 37 (94,9%) van die 39 respondente wat die SVM wel ontvang dit nuttig tot baie nuttig, terwyl slegs 2 respondente dit van min nut ag.

ADDISIONELE INLIGTING IN DIE SVM VERLANG

Agt (20,5%) van die 39 respondente wat die SVM ontvang, het aangedui dat hul graag addisionele inligting daarin sou wou sien. Die verlangde addisionele inligting kan soos volg saamgevat word (met 'n aanduiding tussen hakies van die getal respondente wat daardie besondere inligting verlang):

- ❑ inligting in verband met tendense in produksie en bemarking oorsee (2)
- ❑ huidige inligting moet ook per produksiegebied verstrekkend word (5)
- ❑ hektare aangeplant met data gesegmenteer in getal plase per streek (1).

VORM VAN DIE SVM

Sewe (17,9%) van die 39 respondente het aangedui dat hulle ontevrede is met die vorm waarin die SVM tans verskyn, terwyl 26 tevrede en 6 (15,4%) baie tevrede is.

Die 7 respondente wat ontevrede met die huidige vorm van die publikasie is, meen dat:

- ❑ graderingsbeheer onbevredigend is (7 respondente);
- ❑ korrektheid van data oor sekere produkte twyfolagtig is (7);
- ❑ verkryging van markinligting van sommige NVPM'e moeilik is (1);
- ❑ markterminologie verskil en dat dit bydra tot foutiewe statistieke (2).

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR SVM

Ongeveer 90% van die 39 respondente wat die SVM ontvang, gebruik dit of gereeld (30,8%) of soms (59,0%), terwyl die nuttigheidsvlak van die SVM relatief hoog beoordeel word, aangesien meer as 94% van die 39 respondente die publikasie as nuttig tot baie nuttig beskou.

Agt respondente verlang addisionele inligting in die SVM en 7 is ontevrede met die huidige vorm waarin dit tans verskyn.

8.3.2 Publikasie getiteld *Kortbegrip van Landboustatistieke* (KLS)

ONTVANGS VAN DIE KLS

Tabel 8.5 bevat die 86 respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie *Kortbegrip van Landboustatistieke* van die Direkoraat Landbou ekonomiese Tendense.

TABEL 8.5
Respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie: *Kortbegrip van landboustatistieke* (KLS)

Ontvangsfrekwensie van KLS	Respondente	
	Getal	% van totaal
Gereeld	36	41,8
Soms	14	16,3
Selde	1	1,2
Glad nie	35	40,7
Totaal	86	100,0

Volgens tabel 8.5 ontvang 36 (41,8%) van die 86 respondente die KLS gereeld, terwyl 'n verdere 17,5% dit soms of selde ontvang en 40,7% dit glad nie ontvang nie.

GEBRUIK VAN DIE KLS

Die gebruiksfrekwensie van die 51 respondente wat die KLS wel ontvang, verskyn in tabel 8.6.

TABEL 8.6
Respondente se gebruiksfrekwensie van die KLS

Gebruiksfrekwensie van KLS	Respondente	
	Getal	% van totaal
Baie gereeld	11	21,6
Gereeld	16	31,4
Soms	14	27,4
Selde	10	19,6
Glad nie	0	0,0
Totaal	51	100,0

Volgens tabel 8.6 gebruik meer as die helfte (53%) van die 51 respondente die KLS gereeld tot baie gereeld, terwyl die oorblywende 47 persent dit soms of selde gebruik.

NUT VAN INLIGTING IN DIE KLS

In tabel 8.7 word die nut van die inligting vir die 51 wat die KLS ontvang, aangetoon.

TABEL 8.7
Nut van inligting in KLS vir respondente

Nuttigheidsvlak	Respondente	
	Getal	% van totaal
Baie nuttig	21	41,2
Nogal nuttig	5	9,8
Nuttig	21	41,2
Van min nut	4	7,8
Van geen nut	0	0,0
Totaal	51	100,0

Tabel 8.7 toon dat 47 (92,2%) van die 51 wat die KLS wel ontvang, dit nuttig tot baie nuttig vind, terwyl 4 respondente dit as van min nut beskou.

ADDISIONELE INLIGTING IN DIE KLS VERLANG

Tien (19,6%) van die 51 wat die KLS ontvang, het elkeen een item aangedui wat hulle graag in die KLS sou wou sien:

- ▣ Streekstatistieke (3 respondente)
- ▣ Statistieke soos vir graangewasse (1)
- ▣ Oppervlaktes beplant met verskillende groentesoorte (2)
- ▣ Loondata in verband met produksie van varsprodukte (1)
- ▣ Indekse moet almal dieselfde basis hê, soos Verbruikersprysindeks (1)
- ▣ Statistiek oor varsprodukte wat nie bemark, verwerk of uitgevoer word nie (1) en
- ▣ Kapitaalinvestering in verskillende soorte implemente en toerusting (1).

VORM VAN DIE KLS

Die groot moordorheid van respondente wat die KLS ontvang, is tevrede met die vorm waarin dit tans verskyn, en die res is baie tevrede daarmee.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR DIE KLS

Die KLS dra skynbaar heelwat by om die respondente te help in die beplanning van hul funksie in die produksie en die bemarking van varsprodukte. Voorts blyk dit dat beide die gebruiksfrekwensie van die KLS vir die respondente wat dit ontvang, sowel as die nuttigheidsvlak van die inligting daarin, relatief hoër is as vir die ander 4 teikengroepe. Dit is moontlik 'n aanduiding dat dié publikasie wyer as tans versprei behoort te word. Tien van die 51 respondente wil graag addisionele inligting in die publikasie sien, en almal is met die huidige vorm van die KLS tevrede of baie tevrede.

8.3.3 Publikasie getiteld *Oeste en Marke* (OM)

ONTVANGS VAN DIE OM

Tabel 8.8 gee die 86 respondente se ontvangsfrekwensie van die maandelikse publikasie *Oeste en Marke* van die Direkoraat Landbou-ekonomiese Tendense.

TABEL 8.8
Respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie. *Oeste en Marke* (OM)

Ontvanksfrekwensie van OM	Respondente	
	Getal	% van totaal
Gereeld	35	40,7
Soms	11	12,8
Selde	3	3,5
Glad nie	37	43,0
Totaal	86	100,0

Tabel 8.8 toon dat 35 (40,7%) van die 86 respondente die OM gereeld ontvang, terwyl 14 (16,3%) dit soms of selde ontvang en 43% glad nie.

GEBRUIK VAN DIE OM

Tabel 8.9 toon die gebruiksfrekwensie van die 49 wat die OM wel ontvang.

TABEL 8.9
Respondente se gebruiksfrekwensie van die OM

Gebruiksfrekwensie van OM	Respondente	
	Getal	% van totaal
Baie gereeld	0	0,0
Gereeld	21	42,8
Soms	19	38,8
Selde	9	18,4
Glad nie	0	0,0
Totaal	49	100,0

Volgens tabel 8.9 word die OM gebruik deur almal van die 49 wat die publikasies ontvang. Van die respondente gebruik 21 (42,8%) die OM gereeld, 38,8% soms en 18,4% selde.

NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE OM

Tabel 8.10 toon die nuttigheidsvlak van die inligting in die OM vir die 49 respondente wat dit wel ontvang.

TABEL 8.10
Nut van die inligting in OM vir respondente

Nuttigheidsvlak	Respondente	
	Getal	% van totaal
Baie nuttig	7	14,3
Nogal nuttig	7	14,3
Nuttig	31	63,2
Van min nut	4	8,2
Van geen nut	0	0,0
Totaal	49	100,0

Volgens tabel 8.10 vind 45 (91,8%) van die 49 respondente wat die OM ontvang dit nuttig tot baie nuttig en beskou slegs 8,2% dit as van min nut.

ADDISIONELE INLIGTING IN DIE OM VERLANG

Dertien (26,5%) van die 49 respondente het aangedui dat hulle graag die volgende in die OM sou wou sien:

- ▣ in die algemeen meer akkurate inligting (8 respondente)
- ▣ 'n wyer reeks van produkte (1)
- ▣ produksiegebiede van die onderskeie produkte (1)
- ▣ tendense en prysbewegings op 'n lopende jaarlikse grondslag (1)
- ▣ inligting op 'n streeksgrondslag (1) en
- ▣ oppervlakte van die verskillende groente-aanplantings (1).

Nie een van die 8 respondente wat akkurater inligting in die OM verlang, het egter voorbeelde van swakhede of onakkurate inligting vermeld nie.

VORM VAN DIE OM

Die groot meerderheid van die 49 respondente wat die OM ontvang (86%), is tevrede met die huidige vorm van die OM en die res is baie tevrede daarmee.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR DIE OM

Die ontvangsfrekwensie van die OM is taamlik hoog, aangesien 57% van die 86 respondente dit of gereeld (40,7%) of soms of selde (16,3%) ontvang. Die gebruiksfrekwensie van die OM is besonder hoog aangesien almal van die 49 respondente dit ook gebruik – gereeld: 42,8%, soms: 38,8% en selde 18,4%. Dit wil dus voorkom asof 'n wyer verspreiding van die OM in die teikengroep aangewese is.

Dertien van die 49 respondente wil graag addisionele inligting in die OM sien – waarvan 8 vra om meer akkurate statistiek.– terwyl hulle almal met die huidige vorm van die OM tevrede of baie tevrede is.

8.3.4 Publikasie van die Kommissie vir Varsproduktemarke (KVPM)

ONTVANGS VAN DIE KVPM PUBLIKASIE

Tabel 8.11 gee die 86 respondente se ontvangsfrekwensie van die publikasie van die KVPM.

Ontvangsfrekwensie van Publikasie	Respondente	
	Getal	% van totaal
Gereeld	9	10,5
Soms	2	2,3
Selde	2	2,3
Glad nie	73	84,9
Totaal	86	100,0

Volgens tabel 8.11 ontvang 9 (10,5%) van die 86 respondente die KVPM publikasie gereeld, 'n verdere 4 4,6% dit soms of selde en die oorblywende 73 (84,9%) glad nie.

GEBRUIK VAN DIE KVPM PUBLIKASIE

Van die 13 respondente wat die KVPM publikasie wel ontvang, gebruik 4 respondente dit gereeld, 7 soms of selde en 2 glad nie.

NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE KVPM PUBLIKASIE

Nege (69,2%) van die 13 respondente vind die KVPM publikasie nuttig tot nogal nuttig, 2 ag dit van min nut en 2 van geen nut nie.

ADDISIONELE INLIGTING IN DIE KVPM PUBLIKASIE VERLANG

Slegs een van die 13 respondente verlang addisionele inligting in die publikasie, naamlik "inligting op 'n maandelikse basis soos in die bulletin *Statistiek oor Varsprodukte markte* weergegee word".

VORM WAARIN VAN DIE KVPM PUBLIKASIE VERSKYN

Al 13 respondente is tevrede met die huidige vorm van die publikasie.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR KVPM PUBLIKASIE

Die ontvangsfrekwensie (15,1%) is heelwat laer as dié van die ander 3 publikasies van die Departement van Landbou. Van die 13 respondente wat die publikasie wel ontvang, gebruik slegs 4 dit gereeld, vind 9 dit nuttig tot nogal nuttig, verlang een addisionele inligting en is al 13 met die huidige vorm van die publikasie tevrede.

8.3.5 NVPM'e se jaarverslae of handelsyfers (J of H)

ONTVANGSFREKWENSIE VAN DIE J OF H

Altesame 33 (38,4%) van die 86 respondente ontvang die jaarverslae of handelsyfers van NVPM'e, waarvan 18 die J of H van alle marke ontvang en die oorblywende 15 respondente dit van slegs een mark of van 2 of meer ontvang. Die NVPM'e vanwaar die J of H ontvang word, asook die getal respondente per mark, verskyn in tabel 8.12.

TABEL 8.12

NVPM'e vanwaar respondente jaarverslae of handelsyfers (J of H) ontvang

Ligging van NVPM	Respondente per NVPM Getal
Landswyd	18
Johannesburg	11
Pretoria	8
Port Elizabeth	7
Kaapstad	6

Ligging van NVPM	Respondente per NVPM	
	Getal	
Bloemfontein	5	
Durban	4	
Oos-Londen	3	
Klerksdorp	3	
Kimberley	2	
Welkom	2	
Pietermaritzburg	1	
Springs	1	

GEBRUIK VAN DIE J OF H

Van die 33 respondente wat die J of H wel ontvang, gebruik 9 (27,3%) dit gereeld tot baie gereeld, 22 soms gebruik en slegs 2 dit glad nie gebruik nie.

NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE J OF H

Van die 33 respondente wat die J of H ontvang, vind 31 (94%) die inligting daarin nuttig tot baie nuttig, terwyl twee dit as van geen nut beskou nie.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR J OF H

Samevattend blyk dit dat terwyl 33 (38,4%) van die 86 respondente die J of H ontvang, die groot meerderheid (94%) dit gebruik en dat ook 94% van hulle die inligting daarin nuttig tot baie nuttig vind.

8.3.6 Markpryse deur SAUK op weksdae uitgesaai (SAUK-MP)

LUISTERFREKWENSIE VAN RESPONDENTE

Tabel 8.13 toon die 86 respondente se luisterfrewensie na die markpryse van varsprodukte op NVPM'e wat op weksdae deur die SAUK uitgesaai word.

TABEL 8.13

Respondente se luisterfrewensie na die markpryse op NVPM'e wat deur die SAUK uitgesaai word (SAUK-MP)

Luisterfrewensie SAUK-MP	Respondente	
	Getal	% van totaal
Daaglik	2	2,3
Dikwels	20	23,3
Soms	25	29,1
Selde	13	15,1
Glad nie	26	30,2
Totaal	86	100,0

Tabel 8.13 toon dat 22 (25,6%) van die 86 respondente of daaglik of dikwels na die SAUK-MP luister, 44,2% soms of selde, terwyl 30,2% dit glad nie gebruik nie.

NUT VAN DIE INLIGTING IN SAUK-MP

Die nut van die inligting vir die 60 respondente wat wel na die SAUK-MP luister, word in tabel 8.14 aangedui.

TABEL 8.14
Die nut van die SAUK-MP vir respondente

Nuttigheidsvlak	Respondente	
	Getal	% van totaal
Van groot nut	4	6,7
Van nut	21	35,0
Van weinig nut	20	33,3
Van geen nut	15	25,0
Totaal	60	100,0

Tabel 8.14 toon dat een kwart van die 60 respondente wat wel na die SAUK-MP luister, dit van geen nut ag nie. Aan die ander kant beskou 41,7% van die respondente die inligting as van nut tot groot nut.

ADDISIONELE INLIGTING IN SAUK-MP

Van die 60 respondente wat na die SAUK-MP luister, het 11 (18,3%) aangedui dat hulle sou verkies dat die volgende addisionele inligting uitgesaai moet word:

- meer betroubare pryse (7 respondente)
- hoogste en laagste pryse per klas, graad of grootte (4)
- vooruitskattings van pryse op korttermyn (2) en
- vooruitskattings van aanbod op NVPM'e (2).

HUIDIGE UITSAAITYE VAN SAUK-MP

Van die 60 respondente wat na die uitsendings luister, is net 3 met die huidige uitsaaitye ontevrede. Hulle verlang dat die uitsendings ná 18h00 moet geskied.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR SAUK-MP

Samevattend is dit duidelik dat die SAUK-MP 'n bron van inligting is, waarna slegs sowat een-kwart van die 86 respondente (25,5%) dikwels of daaglik luister en 'n verdere 44,2% selde of soms. Van die 60 respondente wat wel na die uitsendings luister, vind 41,7% dit van nut tot groot nut en het 81,7% van

die respondente aangedui dat die inligting vervat in die SAUK-MP voldoende is, terwyl 18,3% van hulle addisionele inligting verlang. Slegs drie is nie met die huidige uitsaaitye tevrede nie.

8.3.7 Markpryse in koerante en tydskrifte gepubliseer (MPKT)

GEREELDHEID VAN KENNISNAME VAN MPKT

Tabel 8.15 reflekteer die 86 respondente se leesfrekwensie van markpryse in koerante en tydskrifte gepubliseer (MPKT).

TABEL 8.15
Respondente se leesfrekwensie van markpryse op NVPM'e in koerante en tydskrifte gepubliseer (MPKT)

Leesfrekwensie van MPKT	Respondente	
	Getal	% van totaal
Gereeld	7	8,1
Soms	29	33,7
Selde	18	20,9
Glad nie	32	37,3
Totaal	86	100,0

Tabel 8.15 toon dat 32 (37,3%) van die 86 respondente glad nie van die MPKT kennis neem nie, 7 (8,1%) gereeld, 29 (33,7%) soms en 18 (20,9%) selde.

KOERANTE EN TYDSKRIFTE GERAADPLEEG IN VERBAND MET MPKT

Tabel 8.16 reflekteer die name van die koerante en tydskrifte deur die 54 respondente in verband met MPKT gelees.

TABEL 8.16
Name van koerante en tydskrifte wat deur respondente gelees word ten opsigte van MPKT

Koerant/Tydskrif	Respondente per publikasie	
	Getal	% van totaal
<i>Die Landbouweekblad</i>	33	44,5
<i>Die Burger</i>	14	18,9
<i>Die Beeld</i>	8	10,8
<i>The Farmer's Weekly</i>	6	8,1
<i>The Daily Despatch</i>	5	6,8
<i>Effective Farming</i>	2	2,7
<i>The Star</i>	2	2,7
<i>Die Transvaler</i>	2	2,7
<i>Die Groenteboer</i>	1	1,4
<i>Die Volksblad</i>	1	1,4
Totaal	74	100,0

Uit tabel 8.16 blyk dit dat *Die Landbouweekblad* (44,5%) gevolg deur *Die Burger* (18,9%) die mees populêre tydskrif en koerant is wat die 54 respondente in verband met MPKT lees.

GEBRUIK VAN DIE MPKT

Tabel 8.17 toon die gebruiksfrekwensie van die 54 respondente met betrekking tot die MPKT.

TABEL 8.17
Respondente se gebruiksfrekwensie van die MPKT

Gebruiksfrekwensie van MPKT	Respondente	
	Getal	% van totaal
Baie gereeld	3	5,6
Gereeld	11	20,3
Soms	30	55,6
Glad nie	10	18,5
Totaal	54	100,0

Tabel 8.17 toon dat 14 (25,9%) van die 54 respondente die MPKT gereeld tot baie gereeld gebruik, dat die meerderheid van die respondente (55,6%) dié inligting soms gebruik, en 18,5% glad nie.

NUT VAN DIE INLIGTING IN DIE MPKT

Tabel 8.18 reflekteer die nut van die inligting vir die 54 respondente wat wel die MPKT lees.

TABEL 8.18
Die nut van die MPKT vir respondente

Nuttigheidsvlak	Respondente	
	Getal	% van totaal
Baie nuttig	3	5,6
Nogal nuttig	12	22,2
Nuttig	20	37,0
Van min nut	14	25,9
Van geen nut	5	9,3
Totaal	54	100,0

Volgens tabel 8.18 vind 35 (64,8%) van die 54 respondente die MPKT nuttig tot baie nuttig, terwyl 35,2% van die inligting as van min nut of geen nut nie, beskou.

SAMEVATTENDE BEVINDINGS OOR MPKT

Samevattend blyk dit dat die MPKT 'n inligtingsbron is wat gereeld deur slegs 8,1% van die 86 respondente gelees word, terwyl 33,7% dit soms en 20,9% dit slegs selde lees. Amper die helfte (44,5%) van die 54 respondente wat die MPKT as inligtingsbron raadpleeg, lees *Die Landbouweekblad* terwyl 18,9% van hulle *Die Burger* en 8,1% *The Farmer's Weekly* gebruik. Van die 54 respondente wat die MPKT lees vind 64,8% dit nuttig tot baie nuttig.

8.3.8 "Ander" inligtingsbronne (AIB)

Tabel 8.19 reflekteer die "ander" inligtingsbronne (AIB) as die sewe in die vraelys vermeld (verwys afdelings 8.3.1 tot 8.3.7 hierbo) wat deur die 86 respondente gebruik word.

TABEL 8.19
Respondente se gebruiksfrekwensie van ander inligtingsbronne (AIB)

Gebruiksfrekwensie van AIB	Respondente	
	Getal	% van totaal
Geen AIB	31	36,0
Aartappelraad se nuusbriewe	18	20,9
Markagente	7	8,1
Diverse Rade	4	4,7
Sitrusbeurs	4	4,7
NVPM'e	3	3,5
Piesangraad	3	3,5
Chips	2	2,3
Decidious Fruit Grower	2	2,3
Fresh Produce Journal, London	2	2,3
Handelaars	2	2,3
Produsente	2	2,3
S A L U	2	2,3
Canning Fruit Board	1	1,2
Die Boer	1	1,2
S A Reserwebank se kwartaalverslae	1	1,2
Unifruco	1	1,2
Totaal	86	100,0

Volgens tabel 8.19 gebruik 36% van die 86 respondente nie AIB nie. Van die AIB wat wel in tabel 8.19 gemeld word, is die nuusbriewe van die Aartappelraad (20,9%), gevolg deur inligting van markagente (8,1%) die belangrikste twee AIB en verteenwoordig die twee AIB gesamentlik 45% van al die AIB aangedui deur 55 van die respondente.

8.3.9 Produsente aanplantingsdatabank (PAB)

BEGRIPSBEPALING VAN DIE VOORGESTELDE PAB

Die vraag met betrekking tot die voorgestelde PAB word in die vraelys soos volg uiteengesit:

“Daar is voorgestel dat daar oorweging geskenk moet word aan die moontlikheid om 'n databank te stig waarin produsente inligting verskaf met betrekking tot die oppervlakte grond wat met sekere produkte beplant word en die verwagte produksie daarvan, asook die beraamde datums wanneer die produkte bemark sou moes word. Inligting sal gereeld aan produsente teruggevoer word met aanduiding of daar in vergelyking met vorige jare oor- of onderproduksie verwag word. Op grond van hierdie terugvoering sou produsente waar nodig aanpassings in die aanplant skedules kon oorweeg. ('n Soortgelyke skema is tans in werking vir aartappelprodusente). Wat is u mening omtrent so 'n skema?”

EVALUERING VAN DIE PAB

Tabel 8.20 bevat die 86 respondente se evaluering van 'n produsente aanplantingsdatabank (PAB).

Evaluering van PAB	Respondente	
	Getal	% van totaal
Baie nuttig	35	40,7
Nuttig	41	47,7
Van twyfelagtige nut	7	8,1
Van geen nut	3	3,5
Totaal	86	100,0

Volgens tabel 8.20 beskou 88,4% van die 86 respondente 'n PAB as baie nuttig (40,7%) of nuttig (47,7%). Slegs 3,5% van die respondente beskou so 'n databank as van geen nut nie, terwyl 8,1% dit as van twyfelagtige nut beskou.

8.3.10 Die ideale inligtingstelsel (IIS)

RESPONDENTE SE REAKSIE BETREFFENDE 'N IIS

Tabel 8.21 reflekteer die 86 respondente se reaksie op 'n versoek om 'n kort omskrywing van die ideale inligtingstelsel (IIS) wat hulle graag in werking sou wou sien. Die inligting wat benodig sal word, sowel as die publikasie frekwensie en die metode van beskikbaarstelling van die verlangde inligting, moes vermeld word.

TABEL 8.21
Respondente se reaksie aangaande 'n ideale inligtingstelsel (IIS)

Reaksie op IIS	Respondente	
	Getal	% van totaal
Geen reaksie	44	51,1
Aartappelraad	4	4,7
Unifruco	3	3,5
Piesangraad	2	2,3
Canning Fruit Board	1	1,2
Bepaalde voorstelle gedoen	32	37,2
Totaal	86	100,0

Tabel 8.21 toon dat net meer as die helfte (51,1%) van die 86 respondente nie op die vraag aangaande 'n IIS gereageer het, nie terwyl 11,7% òf die inligting wat tans ontvang word van die Aartappelraad (4,7%) of van ander organisasies (7%), as voldoende beskou. Derhalwe is bepaalde voorstelle aangaande 'n IIS deur meer as een-derde (37,2%) van die respondente gedoen.

BEPAAALDE VOORSTELLE AANGAANDE 'N IIS

Die bepaalde voorstelle aangaande die inligting wat deur 32 van die respondente van 'n IIS verlang word, sowel as die publikasie frekwensie en die kommunikasiemiddele is in vier breë kategorieë ingedeel, naamlik:

- ▣ produksie: historiese inligting (24 respondente)
- ▣ produksie: huidige stand en vooruitskattings (14 respondente)
- ▣ prysvorming: historiese inligting (26 respondente)
- ▣ prysvorming: huidige stand en vooruitskattings (5 respondente).

DIE VIER KATEGORIEË IS SOOS VOLG SAAMGESTEL:

Produksie: historiese inligting (24 respondente)

- ▣ Die inligting wat deur die 24 respondente verlang word stem nie presies ooreen nie, maar kan saamgevat word in:

“die hoeveelhede of hektare aangeplant per produk en per streek met vermelding van die datums van aanplanting”.

Een van die respondente, 'n groot verskaffer van landbou-insette, verlang ook die volgende besonderhede:

“The ideal would be to have this data available by farm but by magisterial district would be of great help in targeting markets for our products. Data required would be:

- farmer/Magisterial district;
- crop;
- hectares planted;
- average yield (T/Ha);
- soil type;
- pest spectrum; and
- input costs, including much the same data as the "COMBUD" document put out by the department of Agriculture (sic) viz. machinery, fuel, lubricants, labour, packing, chemicals, fertilizer. The data for chemicals should specify fungicides, herbicides and insecticides products by generic name.

Ideally this data should be published in electronic format, either on tape or, preferably, on disk for direct uploading into a computer".

- Van die 24 respondente verlang 4 die inligting daaglik, 2 weeklik, 10 maandelik, 2 kwartaalik en 6 halfjaarlik of jaarlik.
- Met betrekking tot die kommunikasiemiddel doen 9 respondente aan die hand dat 'n nuusbrief gebruik word, 3 vra om die inligting op rekenaar, 2 stel radio-uitsendings voor, 2 meld teledata, 4 vra om 'n verslag en die oorblywende 4 het niks gespesifiseer nie.

Produksie: huidige stand en vooruitskattings (14 respondente)

- Een respondent verlang 'n maandelikse verslag oor hoeveelhede wat per mark op die 15 NVPM'e bemark gaan word.
- Tien respondente verlang inligting oor verwagte oesopbrengste met vermelding van die datums van oesgereedheid per produk, per streek. Twee van die 10 respondente verwag die inligting daaglik, 5 verlang maandelik en 3 jaarlik. Vier van die 10 respondente doen aan die hand dat die inligting per nuusbrief oorgedra word, 2 stel radio-uitsendings voor en een verlang die inligting per FAKS terwyl die oorblywende 3 die data op rekenaar sou verkies.
- Een respondent verlang 'n jaarlikse verslag oor vooruitskattings van die aanvraag per produk.
- Een respondent verlang inligting oor die getal produsente betrokke by die produksie van die verskillende soorte varsprodukte. Die vrystellings-frekwensie word gemeld as "die komende seisoen" en geen kommunikasiemiddel word gespesifiseer nie.
- Die oorblywende respondent verlang, op rekenaar, 'n lopende oorsig oor meganisering by die produksie en hantering van varsprodukte.

Prysvorming: historiese inligting (26 respondente)

- ❑ Twee respondente verlang maandeliks, per nuusbrieff, inligting oor die hoogste en gemiddelde pryse wat 'n jaar tevore, per produk, per mark, vir alle produkte, per graad of grootte, op alle NVPM'e behaal is.
- ❑ Sestien respondente verlang inligting oor gemiddelde pryse, benewens hoogste pryse, wat per produk, per mark, vir alle produkte per graad of grootte, op alle NVPM'e behaal is. Van die 16 respondente:
 - verwag 9 die inligting daaglik, op rekenaar;
 - verlang 5 die inligting maandeliks, per nuusbrieff; en
 - verwag 2 dit in die vorm van 'n jaarlikse oorsig.
- ❑ Vyf respondente verlang inligting betreffende die aanbod per produk van alle produkte op alle NVPM'e. Van die 5 respondente verwag 3 die inligting weeklik, op rekenaar en het die oorblywende 2 respondente nie 'n kommunikasie frekwensie of -medium gespesifiseer nie.
- ❑ Een respondent verlang daaglik, op rekenaar, inligting per produk, oor die aanvraag op alle NVPM'e.
- ❑ Twee respondente stel belang in hoeveelhede van alle produkte op alle NVPM'e verkoop. Een van die respondente verlang die inligting daaglik op teledata en een maandeliks per nuusbrieff.

Prysvorming: huidige stand en vooruitskattings (5 respondente)

- ❑ Een respondent verlang daaglikse en 2 maandelikse inligting van die hoeveelhede van produkte op hande met vooruitskattings van die aanbod gedurende die daaropvolgende dag/maand. Oor die bekendmaking van die daaglikse inligting het die respondent FAKSIMILIEE gespesifiseer. Die twee respondente wat maandeliks inligting verlang, het albei 'n nuusbrieff voorgestel.
- ❑ Een respondent verlang daaglik, per FAKS, vooruitskattings van gemiddelde pryse.
- ❑ Origens verlang een respondent weeklik, per FAKS, vooruitskattings van aanvraag, verbruikersvoorkeure en verpakkingstendense.

BEVINDINGS AANGAANDE 'N IIS

- ❑ Volgens die ontleding in tabel 8.21 en die bepaalde voorstelle deur 32 respondente in afdeling 8.3.10, skyn dit asof daar 'n redelike groot behoefte aan en entoesiasme vir 'n IIS by die diverse betrokke instansies bestaan. Meer as een-derde van die 86 respondente het bepaalde voorstelle ingedien.

- Uit 'n totaal van 69 voorstelle wat deur 32 (37,2%) respondente aan die hand gedoen is:
 - verwys 38 voorstelle na produksie inligting en 31 na inligting insake prysvorming;
 - verwys 50 voorstelle na historiese data en 19 na huidige stand of vooruitskattings;
 - is die voorgestelde kommunikasiefrekwensie:
 - in 20 gevalle daagliks
 - in 6 gevalle weekliks
 - in 26 gevalle maandeliks
 - in 2 gevalle kwartaalliks
 - in 12 gevalle half-jaarliks of jaarliks en
 - in 3 gevalle nie gespesifiseer nie.
- word deur slegs 3 van die 32 respondente voorgestel dat die gebruik van 'n inligtingstelsel teen betaling moet geskied.

8.3.11 Ander inligting oor bemarking van varsprodukte (AIB)

As 'n slotvraag in die vraelys word respondente gevra of hulle beskik oor of weet van enige inligting met betrekking tot die bemarking van varsprodukte wat na hul mening van belang kan wees vir ander instansies of persone en wat nie tans op enige manier bekend gestel word nie. Slegs 3 van die 86 respondente het positief op die vraag geantwoord. Die AIB deur hulle gemeld is die volgende:

- Wes-Kaap Landbou-unie in verband met aanplantingsriglyne vir uieproducente
- S A Appel- en Peerproducente Vereniging met betrekking tot voorrade van appels en pere in verkoelingsopberging en
- die publikasie getiteld *Fresh Produce Markets* gepubliseer in London.

8.4 SLOTOPMERKINGS

Hoewel die getal respondente (86) relatief klein is, is daar 'n goeie verskeidenheid in hul onregstreekse betrokkenheid in die produksie en/of distribusie van varsprodukte. Nagenoeg 'n driekwart van die respondente verteenwoordig verskaffers van landbou-insette, producente verenigings en verwerkers van varsprodukte.

Die ontvangfrekwensie van 3 van die 4 gereelde publikasies van die Departement van Landbou en Jaarverslae of handelsyfers van NVP M'e is by die diverse betrokke instansies oor die algemeen merkbaar hoër as by die ander 4 teikengroepe en wissel tussen 15 en 59%. Soos verduidelik in

afdeling 3.3 van hoofstuk 3 van die verslag is die relatief hoë ontvangsfrekwensie van die 4 publikasies van die Departement van Landbou waarskynlik nie statisties verantwoordbaar nie.

Net meer as een-kwart (25,5%) van die respondente luister dikwels of daaglik na markpryse deur die SAUK uitgesaai en 'n heelwat hoër persentasie (41,8%) lees soms tot gereeld die markpryse van varsprodukte in koerante en tydskrifte.

Daar is 'n besonder hoë evaluering van 'n moontlike produsente aanplantingsdatabank, aangesien 88,4% van die respondente dit as nuttig tot baie nuttig beskou. Daar is 'n redelike groot behoefte aan 'n ideale inligtingstelsel by respondente in die teikengroep.

Die inhoud van hoofstuk 8 word tesame met dié van hoofstukke 4 tot 7, in hoofstuk 9 saamgevat.

Samevatting van inligtingsaangeleenthede van die vyf teikengroep

9.1 INLEIDING

In hoofstukke 4 tot 8 is inligtingsaangeleenthede met betrekking tot die respondente in 5 teikengroepe in die varsproduktebedryf ontleed en bespreek. In die hoofstuk word die bevindings in verband met die 5 teikengroepe per inligtingsbron vergelyk en in 'n totaal saamgevat.

In die vorige hoofstukke is oor die positiewe sowel as die negatiewe aspekte van, byvoorbeeld, die gebruiksfrekwensie, nuttigheidsvlak, tevredenheid met die huidige vorm van die publikasies en belangstelling in moontlike nuwe inligtingsbronne verslag gedoen. In die hoofstuk word hoofsaaklik in persentasies van die respondente per teikengroep verslag gedoen oor slegs die positiewe aspekte, byvoorbeeld:

- ontvangsfrekwensie van publikasies (gereeld, soms of selde)
- gebruiksfrekwensie (gereeld en baie gereeld) en
- nut van publikasies (nuttig tot baie nuttig).

9.2 RESPONDENTE SE BETROKKENHEID BY DIE PRODUKSIE EN BEMARKING VAN VARSPRODUKTE

9.2.1 Totale respons

Die getal respondente wat per teikengroep en in totaal aan die ondersoek na Tema 8 deelgeneem het, is soos volg:

Teikengroep	Getal respondente
Produsente	86
Markagente	34
NVPM'e	15
Kopers	37
Diverse betrokke instansies	86
Totaal	258

9.2.2 Betrokkenheid en respons van die produsentegroep

Afdeling 4.2 van hoofstuk 4 toon 'n relatief hoë betrokkenheid van die 86 respondente in die produksie en distribusie van varsprodukte aangesien:

- ❑ die produksie van varsprodukte by meer as die helfte van die respondente tussen 50% en 100% van hul totale boerdery-inkomste wissel;
- ❑ die 86 respondente gesamentlik 25 groente- en 23 vrugtesoorte onder hul 4 belangrikste groente- en/of vrugtesoorte reken; en
- ❑ altesame 74,4% van die 86 respondente òf uitsluitlik òf hoofsaaklik NVPM'e vir die bemarking van hul totale varsproduksie-oes gebruik het.

9.2.3 Respons van markagente

Afdeling 5.2 van hoofstuk 5 toon dat die respons van markagente persentueel redelik goed was. Altesame 40,5% van die totaal van 84 markagente wat op die 15 NVPM'e optree, het gerepondeer en markagente op alle NVPM'e, behalwe dié te Uitenhage, is in die ondersoek betrek.

Voorts verteenwoordig die 34 responderende markagente gesamentlik meer as 53% van die totale omset op die 15 NVPM'e.

9.2.4 Respons van NVPM'e

Die markowerhede van al 15 NVPM'e het aan die opname deelgeneem.

9.2.5 Betrokkenheid en respons van die kopersgroep

Die deelname van kopers aan die ondersoek is die swakste van die 5 teikengroepe aangesien daar, uit 'n geskatte totaal van etlike duisend kopers van varsprodukte, 'n skrale 37 aan die ondersoek deelgeneem het.

Hoewel die getal respondente in die kopersgroep teleurstellend klein is, toon afdeling 7.2 van hoofstuk 7 dat die respondente se betrokkenheid in die distribusie van varsprodukte goed versprei is, aangesien:

- ❑ 48,7% van die 37 respondente kleinhandelaars is, gevolg deur 29,7% in die groothandel en 18,9% in die kettingwinkelgroepe
- ❑ 83,8% van die respondente hul aankope van varsprodukte uitsluitlik of hoofsaaklik op NVPM'e doen en
- ❑ ses van die respondente, wát 3 groot kettingwinkelgroepe insluit, hul varsprodukte hoofsaaklik of uitsluitlik van ander bronne aankoop.

Die 37 respondente is egter betreklik dun versprei oor net 9 van die 15 NVPM'e en die tweede grootste NVPM (te Kaapstad) is glad nie in die kopersgroep verteenwoordig nie.

9.2.6 Betrokkenheid en respons van diverse betrokke instansies

Die respons van die diverse betrokke instansies was relatief hoog aangesien 33,6% van die 256 vraelyste wat aan potensiele respondente in dié teikengroep gerig was, ingevuld terug gestuur is.

Voorts toon afdeling 8.2 van hoofstuk 8 dat hierdie teikengroep se respondente etlike belangrike groeperings in die varsproduktebedryf verteenwoordig. Van die 86 respondente is 37,2% verskaffers van landbou-insette, gevolg deur produsente verenigings (18,6%) en verwerkers van varsprodukte (17,5%) wat tesame nagenoeg 'n driekwart van die respondente uitmaak. Vyf ander groeperings verteenwoordig in getalle ongeveer een-kwart van die respondente in die teikengroep. Hulle is rade of Beurse, uitvoerders van varsprodukte, makelaars, vervoer-instansies en die ge-organiseerde handel.

9.3 BEOORDELING VAN INLIGTINGSBRONNE DEUR RESPONDENTE

9.3.1 Publikasie getiteld *Statistiek oor Varsproduktemarke (SVM)*

ONTVANGS, GEBRUIK, NUT EN VORM VAN DIE SVM

Tabel 9.1 reflekteer die persentasie respondente in elk van die 5 teikengroepe en van al die respondente tesame wat die SVM:

- gereeld, soms of selde ontvang (ontvangsfrekwensie)
- gereeld tot baie gereeld gebruik (gebruiksfrekwensie)
- nuttig tot baie nuttig vind (nuttigheidsvlak) en
- wat tevrede tot baie tevrede met die huidige vorm van die SVM is (tevredenheidsvlak).

TABEL 9.1

Respondente se ontvangs- en gebruiksfrekwensie en nuttigheids- en tevredenheidsvlak m.b.t die SVM in persentasie van die totale getal respondente per teikengroep

Teikengroep	Ontvangs- frekwensie %	Gebruiks- frekwensie %	Nuttigheids- vlak %	Tevredenheids- vlak %
Produsente (86)	17,4	10,5	15,1	15,1
Markagente (34)	55,9	20,6	38,2	55,9
NVPM'e (15)	93,3	26,7	80,0	80,0
Kopers (37)	16,2	5,4	5,4	5,4
Diverse betrokke instansies (86)	45,3	14,0	43,0	37,2
Totaal (258)	36,0	13,2	29,8	30,2

Tabel 9.1 toon, onder andere dat:

- ▣ die ontvangsfrekwensie van die SVM wissel tussen 93,3% vir NVPM'e en 16,2% vir kopers met 'n gemiddelde frekwensie van 36% vir alle respondente in die vyf teikengroepe;
- ▣ die gebruiksfrekwensie vir al die groepe baie laer as die ontvangsfrekwensie is;
- ▣ die nuttigheidsvlak die hoogste is vir NVPM'e (80%), gevolg deur die diverse betrokke instansies (43%) en daal tot 'n skrale 5,4% vir kopers;
- ▣ die tevredenheid met die huidige vorm van die SVM vir NVPM'e (80%), die hoogste is en deur 55,9% vir markagente gevolg word; en
- ▣ die persentasies in al vier kolomme die laagste by die kopersgroep en die tweede laagste by die produsente-groep is.

ADDISIONELE INLIGTING IN DIE SVM VERLANG

Slegs 18 (19,3%) van die 93 respondente wat die SVM ontvang, verlang addisionele inligting in dié publikasie. Die 18 respondente bestaan uit 7 produsente, 1 markagent, 1 NVPM, 1 koper en 8 diverse betrokke instansies.

9.3.2 Publikasie getiteld *Kortbegrip van Landboustatistieke (KLS)*

ONTVANGS, GEBRUIK, NUT EN VORM VAN DIE KLS

Tabel 9.2 reflekteer die ontvangs- en gebruiksfrekwensie, sowel as die nuttigheids- en tevredenheidsvlak van respondente in die vyf teikengroepe en van al die respondente tesame, met betrekking tot die KLS. Die uitleg van tabel 9.2 sowel as dié van tabelle 9.3 en 9.4 wat daarna volg en bespreek word, is dieselfde as dié vervat in tabel 9.1 hierbo.

TABEL 9.2

Respondente se ontvangs- en gebruiksfrekwensie en nuttigheids- en tevredenheidsvlak m.b.t persentasie van die totale getal respondente per teikengroep

Teikengroep	Ontvangs-	Gebruiks-	Nuttig-	Tevreden-		
			fre- kwensie %	fre- kwensie %	heids- vlak %	heids- vlak %
Produsente (86)			8,1	4,7	5,8	8,1
Markagente (34)			17,6	8,8	8,8	17,6
NVPM'e (15)			33,3	0,0	20,0	33,3
Kopers (37)			0,0	0,0	0,0	0,0
Diverse betrokke instansies (86)			59,3	31,4	54,7	59,3
Totaal (258)			26,7	13,2	22,5	26,7

Uit Tabel 9.2 kan opgemerk word dat:

- die ontvangsfrekwensie van die KLS wissel van 59,3% by diverse betrokke instansies tot “nul” by die kopersgroep, met ’n gemiddelde frekwensie van 26,7% vir alle respondente in die vyf teikengroepe;
- die gebruiksfrekwensie vir 3 van die groepe slegs ongeveer die helfte van die ontvangsfrekwensie is en dat dit by beide die NVPM’e en die kopersgroep “nul” is;
- die nuttigheidsvlak net effens laer as die ontvangsfrekwensie is – met ander woorde die meerderheid van die respondente wat die KLS wel ontvang, vind dit nuttig tot baie nuttig; en
- die tevredenheidsvlak presies ooreenstem met die ontvangsfrekwensie, wat beteken dat al die respondente wat die KLS ontvang, met die huidige vorm daarvan tevrede is.

ADDISIONELE INLIGTING IN DIE KLS VERLANG

Vyftien (21,7%) van die 69 respondente wat die KLS ontvang, verlang addisionele inligting in die publikasie. Die 15 respondente bestaan uit 5 produsente en 10 diverse betrokke instansies.

9.3.3 Publikasie getiteld *Oeste en Marke (OM)*

ONTVANGS, GEBRUIK, NUT EN VORM VAN DIE OM

Tabel 9.3 toon die ontvangs- en gebruiksfrekwensie sowel as die nuttigheids- en tevredenheidsvlak van respondente met betrekking tot die OM.

TABEL 9.3

Respondente se ontvangs- en gebruiksfrekwensie en nuttigheids- en tevredenheidsvlak m.b.t die om in persentasie van die totale getal respondente per teikengroep

Teikengroep	Ontvangs- fre- kwensie %	Gebruiks- fre- kwensie %	Nuttig- heids- vlak %	Tevreden- heids- vlak %
Produsente (86)	3,5	1,2	1,2	3,5
Markagente (34)	29,4	11,8	20,6	29,4
NVPM’e (15)	86,7	6,7	60,0	86,7
Kopers (37)	5,4	2,7	2,7	5,4
Diverse betrokke instansies (86)	57,0	24,4	52,3	57,0
Totaal (258)	29,8	10,9	24,4	29,8

Tabel 9.3 toon, onder andere, die volgende:

- ▣ die ontvangsfrekwensie van die OM is die hoogste by NVPM'e (86,7%) gevolg deur diverse betrokke instansies (57%); en die laagste by produsente (3,5%) met 'n gemiddelde frekwensie van 29,8% vir die vyf teikengroepe;
- ▣ die gebruiksfrekwensie dui daarop dat slegs sowat een-derde van die respondente wat die OM ontvang dit gereeld gebruik; en
- ▣ die nuttigheidsvlak is effens laer as en die tevredenheidsvlak is gelyk aan die ontvangsfrekwensie.

ADDISIONELE INLIGTING IN DIE OM VERLANG

Veertien (18,2%) van die 77 respondente wat die OM ontvang, verlang addisionele inligting in die publikasie. Die 14 respondente bestaan uit een produsent en 13 diverse betrokke instansies.

9.3.4 Publikasie van die *Kommissie vir Varsproduktemarke (KVPM)*

ONTVANGS, GEBRUIK, NUT EN VORM VAN KVPM PUBLIKASIE

Tabel 9.4 reflekteer die ontvangs- en gebruiksfrekwensie, sowel as die nuttigheids- en tevredenheidsvlak van respondente met betrekking tot die publikasie van die KVPM.

TABEL 9.4

Respondente se ontvangs- en gebruiksfrekwensie en nuttigheids- en tevredenheidsvlak m.b.t die *publikasie van die KVPM* in persentasie van die totale getal respondente per teikengroep

Teikengroep	Ontvangs- fre- kwensie %	Gebruiks- fre- kwensie %	Nuttig- heids- vlak %	Tevreden- heids- vlak %
Produsente (86)	7,0	3,5	4,7	7,0
Markagente (34)	55,9	23,5	47,1	55,9
NVPM'e (15)	93,3	80,0	80,0	93,3
Kopers (37)	8,1	2,7	2,7	8,1
Diverse betrokke instansies (86)	15,1	4,7	10,5	15,1
Totaal (258)	20,5	10,9	16,3	20,5

Tabel 9.4 toon dat:

- ▣ die ontvangsfrekwensie van die publikasie van die KVPM die hoogste is vir NVPM'e (93,3%) gevolg deur markagente (55,9%) en dat dit die laagste is

vir produsente (7%) met 'n gemiddelde frekwensie van 20,5% vir die 5 teikengroepe;

- die gemiddelde gebruiksfrekwensie slegs sowat die helfte van die ontvangsfrekwensie is; en
- die nuttigheidsvlak ietwat laer is as en die tevredenheidsvlak gelyk is aan die ontvangsfrekwensie.

ADDISIONELE INLIGTING IN DIE KVPM PUBLIKASIE VERLANG

Net 5 (9,1%) van die 55 respondente wat die publikasie van die KVPM ontvang, verlang addisionele inligting daarin. Die groep bestaan uit een produsent, een markagent, 2 NVPM'e en een van die diverse betrokke instansies.

9.3.5 Samevattende bevindings oor SVM, KLS, OM en KVPM publikasies

- 'n Vergelyking van die ontvangs, gebruik en nut van en die respondente se tevredenheid met die huidige vorm van die publikasies van die Departement van Landbou toon dat die gemiddelde:
 - ONTVANGSFREKWENSIE by alle respondente oor die algemeen taamlik laag is. Die hoogste is dié van die SVM (36%) en die laagste die publikasie van die KVPM (20,5%);
 - GEBRUIKSFREKWENSIE sowat een-derde tot 'n helfte van die ontvangsfrekwensie is, naamlik 13,2% vir beide die SVM en KLS, en 10,9% by die OM en publikasie van die KVPM;
 - NUTTIGHEIDSVLAK oor die algemeen ietwat laer as die ontvangsfrekwensie verloop; en
 - TEVREDENHEIDSVLAK by drie van die publikasies gelyk is aan die ontvangsfrekwensie en slegs by die SVM (30,2%) laer as die ontvangsfrekwensie van 36% is.
- 'n Vergelyking op die basis van teikengroepe per publikasie toon, onder andere, die volgende:
 - Die ontvangs van die SVM is verreweg die hoogste teen 93,3% by NVPM'e, gevolg deur markagente (55,9%) en diverse betrokke instansies (45,3%), terwyl 17,4% van die respondente in die produsentegroep en 16,2% in die kopersgroep die SVM ontvang.
 - Die gebruiksfrekwensie van die SVM is, relatief tot die ontvangsfrekwensie, baie laag vir al die teikengroepe en wissel van 26,7% vir NVPM'e tot 10,5% vir produsente en 5,4% vir kopers.

Samevatting van inligtingsaangeleenthede van die vyf teikengroepe

- Die ontvangsfrekwensie van die KLS wissel van 59,3% by diverse betrokke instansies tot 8,1% by respondente in die produsentegroep en “nul” by die kopersgroep.
- Die gebruiksfrekwensie van die KLS is by respondente van die diverse betrokke instansies relatief hoog (31,4%). Origens gebruik 8,8% van die markagente en 4,7% van die produsente groep die KLS gereeld, terwyl die NVPM’e en die kopersgroep dit glad nie gereeld gebruik nie.
- Die ontvangs van OM is die hoogste vir NVPM’e (86,7%), gevolg deur diverse betrokke instansies (57%) en markagente (29,4%) terwyl slegs 5,4% van die respondente in die kopersgroep en 3,5% in die produsentegroep hierdie publikasie ontvang.
- Hoewel OM deur 14 (86,7%) van die NVPM’e ontvang word, word dit deur slegs een van hulle gereeld gebruik. Ook in die produsente- en kopersgroepe is daar net een respondent elk wat OM gereeld gebruik. Origens is die gebruiksfrekwensie by die diverse betrokke instansies relatief hoog (24,4%) en gebruik 11,8% van die markagente dit gereeld.
- Die ontvangsfrekwensie van publikasies van die KVPM wissel van 93,3% by NVPM’e tot 7% by respondente in die produsentegroep.
- Die gebruiksfrekwensie van die KVPM publikasie is ook verreweg die hoogste by NVPM’e (80%), gevolg deur 23,5% by markagente en persentasies laer as 5% vir produsente, kopers en diverse betrokke instansies.

Met betrekking tot al 4 publikasies is hul ontvangs- sowel as die gebruiksfrekwensie by respondente in die produsente- en kopersgroep baie laer as dié by die ander 3 teikengroepe. Die gebruiksfrekwensie van die KLS en OM is egter so laag by al 5 teikengroepe dat dit as ’n baie belangrike faktor oorweeg behoort te word in verband met die verdere verspreiding van die twee publikasies onder die 5 teikengroepe.

- ▣ Altesame 52 (20,2%) van die 258 respondente verlang addisionele inligting in een of meer van die 4 Departementele publikasies. Agtien van die 52 respondente verlang addisionele inligting in die SVM, 15 in die KLS, 14 in OM en 5 in die publikasies van die KVPM. Van die 52 respondente wat addisionele inligting verlang is 14 in die produsentegroep, 2 markagente, 3 NVPM’e, een ’n koper en 32 in die groep van diverse betrokke instansies.

9.3.6 NVPM’e se jaarverslae of handelsyfers (J of H)

Tabel 9.5 toon die persentasie respondente in elk van die vyf teikengroepe en van al die respondente tesame wat die J of H:

- ontvang (ontvangsfrekwensie)
- gereeld tot baie gereeld gebruik (gebruiksfrekwensie) en
- nuttig tot baie nuttig vind (nuttigheidsvlak).

TABEL 9.5

Respondente se ontvangs- en gebruiksfrekwensie en nuttigheidsvlak m.b.t die J of H in persentasie van die totale getal respondente per teikengroep

Teikengroep	Ontvangs- frekwensie %	Gebruiks- frekwensie %	Nuttigheids- vlak %
Produsente (86)	15,1	7,0	12,8
Markagente (34)	47,1	20,6	44,1
NVPM'e (15)	100,0	53,3	66,7
Kopers (37)	8,1	2,7	5,4
Diverse betrokke instansies (86)	38,4	10,5	36,0
Totaal (258)	31,0	12,0	26,7

Tabel 9.5 toon, onder andere, dat:

- die ontvangsfrekwensie van die J of H wissel tussen 100% vir NVPM'e en 8,1% by die kopersgroep met 'n gemiddelde frekwensie van 31% vir alle respondente in die vyf teikengroepe;
- die nuttigheidsvlak die hoogste is by NVPM'e (66,7%), gevolg deur markagente (44,1%) en daal tot 5,4% vir kopers; en
- ontvangs, gebruik en nut die laagste is by die kopersgroep en die tweede laagste by respondente in die produsentegroep.

9.3.7 Markpryse deur die SAUK op weksdae uitgesaai (SAUK-MP)

LUISTERFREKWENSIE, NUTTIGHEID EN TEVREDENHEID MET UITSAAI-TYE

Tabel 9.6 reflekteer die persentasie respondente in elk van die 5 teikengroepe en van al die respondente tesame wat, met betrekking tot die SAUK-MP:

- wel na die uitsendings luister (luisterfrekwensie)
- die uitsendings nuttig tot baie nuttig vind (nuttigheidsvlak) en
- tevrede tot baie tevrede met die huidige uitsaaitye is (tevredenheidsvlak).

TABEL 9.6

Respondente se luisterfrequentie en nuttigheids- en tevredenheidsvlak m.b.t die SAUK-MP in persentasie van die totale getal respondente per teikengroep

Teikengroep	Luisterfrequentie %	Nuttigheidsvlak %	Tevredenheidsvlak %
Produsente (86)	89,5	82,6	88,4
Markagente (34)	61,8	14,7	50,0
NVPM'e (15)	80,0	33,3	66,7
Kopers (37)	73,0	18,9	70,3
Diverse betrokke instansies (86)	69,8	29,1	66,3
Totaal (258)	76,4	43,8	72,1

Tabel 9.6 toon, onder andere, dat:

- ▣ die luisterfrequentie van die SAUK-MP wissel van 89,5% by produsente tot 61,8% by markagente met 'n gemiddelde frequentie van 76,4% vir alle respondente in die 5 teikengroepe;
- ▣ die nuttigheidsvlak ook die hoogste is by produsente (82,6%) maar dat dit baie laer is vir die ander vier teikengroepe en daal tot slegs 14,7% by markagente; en
- ▣ die tevredenheidsvlak, relatief tot die luisterfrequentie hoog is.

ADDISIONELE INLIGTING IN SAUK-MP VERLANG

Van die 197 respondente wat na die SAUK-MP luister het 50 (25,4%) aangedui dat hulle graag addisionele inligting in die uitsendings sou wou hoor. Die 50 respondente bestaan uit 28 produsente, 4 markagente, 2 NVPM'e, 5 kopers en 11 diverse betrokke instansies.

9.3.8 Markpryse in koerante en tydskrifte gepubliseer (MPKT)

LEES- EN GEBRUIKSFREKWENSIE EN NUTTIGHEIDSVLAK

Tabel 9.7 toon die persentasie respondente in elk van die 5 teikengroepe en van al die respondente tesame wat die MPKT:

- ▣ lees (leesfrequentie)
- ▣ gereeld tot baie gereeld gebruik (gebruiksfrequentie) en
- ▣ nuttig tot baie nuttig vind (nuttigheidsvlak).

TABEL 9.7

Respondente se lees- en gebruiksfrekwensie en nuttigheidsvlak m.b.t die MPKT in persentasie van die totale getal respondente per teikengroep

Teikengroep	Lees- frekwensie %	Gebruiks- frekwensie %	Nuttigheids- vlak %
Produsente (86)	79,1	61,6	53,5
Markagente (34)	61,8	38,2	26,5
NVPM'e (15)	86,7	6,7	26,7
Kopers (37)	64,9	12,5	21,6
Diverse betrokke instansies (86)	62,7	51,2	40,7
Totaal (258)	69,8	44,2	39,5

Uit Tabel 9.7 kan, onder andere, opgemerk word dat:

- die leesfrekwensie van die MPKT die hoogste is by NVPM'e (86,7%), gevolg deur produsente (79,1%) en die laagste is by markagente (61,8%) met 'n gemiddeld van 69,8% vir alle respondente;
- die gebruiksfrekwensie aansienlik tot baie laer as die leesfrekwensie is – veral by NVPM'e en die kopersgroep; en
- die nuttigheidsvlak wissel van 53,5% by produsente tot 21,6% by kopers met 'n gemiddelde van 39,5% vir alle respondente.

KOERANTE EN TYDSKRIFTE WAT IN VERBAND MET MPKT GELEES WORD

Die 180 respondente wat die MPKT in koerante en tydskrifte lees, kry dié inligting hoofsaaklik uit *Die Landbou Weekblad* (79), *Die Burger* (25), *Die Beeld* (24) en tot 'n mindere mate uit *The Citizen* (14), *The Farmer's Weekly* (12) en *The Star* (11). Voorts word 'n verskeidenheid ander koerante deur altesame 60 respondente in hierdie verband gelees.

9.3.9 Ander inligtingsbronne (AIB)

Altesame 128 (49,6%) van die 258 respondente het aangedui welke ander inligtingsbronne (AIB) as die 7 vermeld in die vraelys, deur hulle gebruik word. Die 128 respondente verteenwoordig 40 produsente, 20 markagente, 7 markowerhede, 6 kopers en 55 diverse betrokke instansies.

Altesame 20 AIB of groeperings van AIB word soos volg aangedui:

A I B	Getal respondente
Aartappelraad	54
Ander Rade en Beurse	23
Markagente	22
NVPM'e	9
Produsente	4
Unifruco	4
Decidious Fruit Grower	4
13 ander AIB	22
Totaal	142

Uit die voorgaande lys is dit duidelik dat die Aartappelraad, uit 'n lys van 20 AIB, deur 54 respondente vermeld word, wat nie minder nie as 38% van die totale gebruiksfrekwensie van die 20 AIB verteenwoordig. As 'n ander inligtingsbron staan die Aartappelraad dus gelyk aan die gesamentlike inligting deur respondente verkry van alle ander Rade en Beurse sowel as markagente en markowerhede. Voorts is die 54 respondente wat die Aartappelraad as 'n AIB noem, deur 4 van die 5 teikengroepe verteenwoordig, naamlik 23 produsente, 8 markagente, 5 NVPM'e en 18 diverse betrokke instansies.

9.3.10 Produsente aanplantingsdatabank (PAB)

EVALUERING VAN DIE PAB

Tabel 9.8 toon die persentasie respondente in elk van 4 van die 5 teikengroepe (d.i. uitgesonderd die kopersgroep) wat 'n PAB as nuttig of baie nuttig evalueer.

Teikengroep	Evaluering %
Produsente (86)	70,9
Markagente (34)	88,2
NVPM'e (15)	73,3
Kopers (NVT)	—
Diverse betrokke instansies (86)	88,4
Totaal (221)	80,5

Uit tabel 9.8 blyk dit dat die evaluering van 'n PAB die hoogste is by die diverse betrokke instansies (88,4%), gevolg deur markagente (88,2%), NVPM'e (73,3%) en produsente (70,9%).

Uit die evaluering wil dit voorkom of daar allerweë 'n baie sterk ondersteuning vir die instelling en instandhouding van 'n PAB deur die respondente geopenbaar is.

DEELNAME AAN 'N PAB

Alleenlik in die geval van die produsentegroep is in die vraelys gevra dat respondente moet aandui of hulle in deelname aan 'n PAB sou belangstel. In antwoord daarop het 41 (47,7%) van die 86 respondente aangedui dat hulle beslis belangstel en 33 (38,3%) sou moontlik in 'n PAB belangstel.

Voorts is die 74 respondente wat wel in 'n PAB sou belangstel, gevra om aan te dui ten opsigte van welke groente- en/of vrugtesoorte hulle inligting uit 'n PAB sou wou ontvang. Die 74 respondente het altesame 31 groente- en 25 vrugtesoorte aangedui.

BEVINDINGS BETREFFENDE 'N PAB

Die bevindings wat uit die antwoorde van 221 respondente in die produsentegroep, markagente, NVPM'e en diverse betrokke instansies gemaak kan word, is:

- dat daar 'n baie positiewe evaluering van 'n PAB onder al 4 die groepe geopenbaar is aangesien 80,5% van die totale respondente 'n PAB as nuttig of baie nuttig beskou;
- dat daar 'n hoë graad van belangstelling in deelname aan 'n PAB van die kant van produsente bestaan; en
- dat respondente in dié produsentegroep nie net aan 'n PAB sou wou deelneem ten opsigte van hul belangrikste produkte nie, maar ook met betrekking tot ander varsprodukte wat hulle tans op 'n beperkte skaal produseer of nog net oorweeg om te produseer.

9.3.11 Die ideale inligtingstelsel (IIS)

RESPONDENTE SE REAKSIE BETREFFENDE 'N IIS

In antwoord op die vraag oor hoe respondente 'n ideale inligtingstelsel (IIS) sou wou sien funksioneer, was daar van 127 (49,2%) van die 258 respondente geen reaksie nie, terwyl 'n verdere 28 (10,9%) van mening is dat die inligting wat tans deur die Aartappelraad of deur verskeie ander instansies verstrekk word, voldoende is. Die oorblywende 103 respondente het bepaalde voorstelle gemaak, soos in tabel 9.9 uiteengesit.

TABEL 9.9

Respondente wat bepaalde voorstelle m.b.t 'n IIS gedoen het in 'n persentasie van die totale respondente per teikengroep

Teikengroep	Respondente	
	Getal	% van totaal
Produsente (86)	29	33,7
Markagente (34)	24	70,6
NVPM'e (15)	10	66,7
Kopers (37)	8	21,6
Diverse betrokke instansies (86)	32	37,2
Totaal (258)	103	39,9

Tabel 9.9 toon dat 24 (70,6%) van die 34 markagente bepaalde voorstelle aan die hand gedoen het, gevolg deur 66,7% van die 15 markowerhede, 37,2% van die diverse betrokke instansies en 33,7% van die produsentegroep, terwyl net 21,6% van die kopersgroep bepaalde voorstelle ingedien het.

GROEPERING VAN VOORSTELLE AANGAANDE 'N IIS

Die 218 bepaalde voorstelle wat deur 103 respondente in die 5 teikengroepe gedoen is, word in tabel 9.10 per teikengroep in 4 breë kategorieë aangedui.

TABEL 9.10

Groepering van bepaalde voorstelle aangaande 'n IIS in 'n persentasie van totale getal voorstelle per teikengroep

Teikengroep	Groeperings van bepaalde voorstelle									
	Produksie				Prysvorming				Totaal	
	Historiese inligting		Huidige stand/vooruit-skatting		Historiese inligting		Huidige stand/vooruit-skatting			
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Produsente	13	24,5	9	20,9	30	34,5	18	51,4	70	32,0
Markagente	11	20,8	12	27,9	22	25,3	3	8,6	48	22,0
NVPM'e	4	7,5	4	9,3	7	8,0	3	8,6	18	8,3
Kopers	1	1,9	4	9,3	2	2,3	6	17,1	13	6,0
Div betrokke instansies	24	45,3	14	32,6	26	29,9	5	14,3	69	31,7
Totaal	53	24,3	43	19,7	87	39,9	35	16,1	218	100,0

Tabel 9.10 toon, onder andere:

- dat produsente 70 (32%) van die 218 voorstelle gedoen het, gevolg deur diverse betrokke instansies met 69 (31,7%) van die voorstelle en 48 (22%) by markagente, terwyl die voorstelle van die NVPM'e en die kopersgroep relatief heelwat kleiner was;
- dat altesame 96 voorstelle (44%) betrekking het op produksie en 122 (56%) op prysvorming; en
- dat altesame 140 (64,2%) van die 218 voorstelle historiese inligting behels en 78 (35,8%) op die huidige stand en vooruitskattings betrekking het.

RESPONDENTE SE VOORSTELLE IN VERBAND MET KOMMUNIKASIE-FREKWENSIE VIR IIS

Die 103 respondente het in hul 218 voorstelle 'n groot verskeidenheid van kommunikasiefrekwensies aan die hand gedoen wat van daaglik tot jaarlik wissel. 'n Opsomming daarvan verskyn in tabel 9.11.

TABEL 9.11

Respondente se voorstelle insake kommunikasiefrekwensie van inligting in IIS in 'n persentasie van totale getal voorstelle per teikengroep

Teikengroep	Voorgestelde kommunikasiefrekwensie					
	Daaglik	Weeklik of Twee-weeklik	Maandeliks of kwartaaliks	Half-jaarlik of jaarlik	Nie gespesifiseer	Totaal
	%	%	%	%	%	%
Produsente	8,6	30,0	37,1	20,0	4,3	100,0
Markagente	39,5	29,2	16,7	—	14,6	100,0
NVPM'e	50,0	16,7	33,3	—	—	100,0
Kopers	100,0	—	—	—	—	100,0
Div betrokke instansies	29,0	8,7	40,6	17,4	4,3	100,0
Totaal	30,7	20,2	31,2	11,9	6,0	100,0

Tabel 9.11 toon die volgende tendense in die kommunikasiefrekwensies per teikengroep:

- meer as 57% van die respondente in die produsentegroep en 58% van die diverse betrokke instansies vra om 'n frekwensie van maandelikse- of langer periodes;

- ▣ alle respondente in die kopersgroep, 50% van die NVPM'e en 39,5% van die markagente verkies 'n daaglikse frekwensie;
- ▣ van die vyf teikengroepe stel die produsentegroep die minste (8,6%) en die diverse betrokke instansies die tweede minste (29%) belang in 'n daaglikse frekwensie en is hulle terselfdertyd die enigste twee groepe wat 'n halfjaarlikse of jaarlikse frekwensie voorstel.

RESPONDENTE SE VOORSTELLE IN VERBAND MET KOMMUNIKASIE-MIDDELE VIR IIS

Die kommunikasie-middele wat deur die 103 respondente vir 'n IIS voorgestel is, val min of meer saam met die kommunikasiefrekwensie, byvoorbeeld:

- ▣ daaglik en weeklik – op rekenaar, per FAKS, telefonies op band, TV, radio of dagblaai
- ▣ maandelik – per nuusbrieff
- ▣ kwartaallik – per nuusbrieff of 'n bulletin en
- ▣ halfjaarlik en jaarlik – nuusbrieff of jaarverslag.

9.3.12 Ander inligting oor bemerking van varsprodukte (AIB)

Net 3 van die 258 respondente het die volgende AIB gemeld:

- ▣ Wes-Kaap Landbou-unie in verband met aanplantingsriglyne vir uieprodusente
- ▣ S A Appel -en Peerprodusente Vereniging met betrekking tot voorrade van appels en pere in verkoelingsopberging en
- ▣ die publikasie getiteld *Fresh Produce Markets* gepubliseer in Londen.

9.4 SLOTOPMERKINGS

Hoewel die totale getal respondente in die 5 teikengroepe (258) relatief klein is, vorm hulle 'n redelik gebalanseerde ondersoekgroep uit die oogpunt van hul regstreekse en/of onregstreekse betrokkenheid in die produksie en/of distribusie van varsprodukte sowel as hul bedrywigheid op die verskillende NVPM'e.

Die gemiddelde ontvangsfrekwensie van die 4 publikasies van die Departement van Landbou wissel van 36% by die SVM tot 20,5% by die publikasies van die KVPM, terwyl die gemiddelde gebruiksfrekwensie van die vier publikasies tussen 13,2% en 10,9% wissel. Die nuttigheidsvlak van die 4 publikasies is in die algemeen net effens laer as die ontvangsfrekwensie. Soos in afdeling 3 van hoofstuk 3 verduidelik, is die ontvangsfrekwensie van dié vier publikasies in die opname waarskynlik hoër aangedui as wat, met

inagneming van die beperkte distribusie daarvan, statisties verantwoordbaar is.

Jaarverslae of handelsyfers van NVPM'e (J of H) word deur alle marke ontvang, terwyl die ontvangs by die ander teikengroepe van 47,1% by markagente tot slegs 8,1% by kopers, met 'n gemiddelde frekwensie van 31% vir alle respondente wissel. Die gemiddelde gebruiksfrekwensie van die J of H is 12% en wissel van 53,3% by NVPM'e tot slegs 2,7% by kopers en 7% by die produsentegroep.

Die gemiddelde luisterfrekwensie van die SAUK-MP is 76,4% en wissel van 89,5% by produsente tot 69,8% by kopers, terwyl die gemiddelde nuttigheidsvlak 43,8% is.

Die gemiddelde leesfrekwensie van MPKT is 69,8% met die hoogste frekwensie by NVPM'e (86,7%) en die laagste by markagente (61,8%), terwyl die gemiddelde gebruiksfrekwensie 44,2% is.

Dit wil derhalwe voorkom asof die gebruik en nut van die SAUK-MP en MPKT by al die teikengroepe van drie- tot viermaal hoër is as dié met betrekking tot die vier Departementele publikasies en die J of H.

Die gemiddelde belangstelling in 'n moontlike PAB is besonder hoog, naamlik 80,5%, en die respondente wat 'n PAB as nuttig tot baie nuttig beskou, wissel van 88,4% by die diverse betrokke instansies tot 70,9% by die produsentegroep.

In verband met 'n ideale inligtingstelstel is daar altesame 218 voorstelle deur 103 (39,9%) van die 258 respondente gedoen. Dit kan dui op 'n redelike groot belangstelling in meer inligting as wat tans beskikbaar is. Van die 218 voorstelle handel 122 oor prysvormings- en 96 oor produksie-aangeleenthede.

Slegs 3 respondente uit die diverse betrokke instansies het 3 ander inligtingsbronne oor die bemerking van varsprodukte aangemeld.

Aanbevelings oor die bestaande inligtingsbronne

10.1 INLEIDING

In die hoofstuk word 'n bondige beskrywing gegee van die 7 bestaande inligtingsbronne wat deur respondente by die 5 teikongroepe beoordeel is. Aan die hand van die bevindings oor die ontvangsfrekwensie en/of luisterfrekwensie in verband met die bronne en die gebruiksfrekwensie daarvan, word altesame 10 aanbevelings gedoen.

Voorts bevat die hoofstuk 'n kort bespreking van die inligting wat op marke beskikbaar is maar nie gebruik word nie, tesame met twee aanbevelings daarvoor.

Al die aanbevelings word gedoen teen die agtergrond van die bestaande bemarkingstruktuur vir varsprodukte, sowel as die bestaande metode van bedryfsvoering op NVPM'e. Daar is ook deurgaans in gedagte gehou dat inligting uit al 7 bronne tans gratis beskikbaar is en dat ander inligtingsbronne bestaan. Sulke ander bronne is elkeen gerig op 'n spesifieke varsprodukt (byvoorbeeld tafelaartappels of piesangs) of 'n produktergroep (byvoorbeeld sitrus of sagtevrugte).

10.2 DIE VIER PUBLIKASIES VAN DIE DEPARTEMENT VAN LANDBOU

10.2.1 Oplaag, publikasiefrekwensie en verspreiding van die vier publikasies

Die vier publikasies van die Departement van Landbou behels die volgende:

- twee wat jaarliks deur die Direkoraat: Landbou ekonomiese Tendense gepubliseer word, naamlik *Statistiek oor Varsproduktemarke* (SVM) en *Kortbegrip van Landboustatistiek* (KLS) met 'n oplaag van 600 en 1 700 eksemplare onderskeidelik;

- ▣ *Oeste en Marke* (OM) wat maandeliks deur die gemelde Direktoraat gepubliseer word, met 'n oplaag van 1 000 eksemplare; en
- ▣ maandelikse publikasie van die *Kommissie vir Varsproduktemarke* (KVPM) met 'n oplaag van alleenlik 70 eksemplare.

10.2.2 Distribusie van die SVM, KLS, OM en KVPM

Volgens inligting ingewin van die Departement van Landbou word 50% van die oplaag van die SVM en die meerderheid van dié van die KLS (78,4%) en OM (61,6%) volgens 'n vasgestelde verspreidinglys aan owerheidsinstansies, banke, universiteite, biblioteke, buitelandse adresse en afdelings van die Departement van Landbou gestuur. Die oorblywende eksemplare gaan aan "private persone en instansies" wat die media insluit.

Dit beteken dat die maksimum getal van die oplaag van die 3 publikasies wat moontlik persone by die 5 teikengroepe kan bereik, soos volg is:

Publikasie	Maksimum getal na teikengroepe	% van oplaag
SVM	300	50,0
KLS	367	21,6
OM	384	38,4
Totaal	1 050	31,8

Die KVPM se oplaag van 70 eksemplare is klaarblyklik so klein nadat 15 daarvan aan NVPM'e, 5 aan markagente en 5 aan die media versend is, dat daar weinig eksemplare oorbly wat moontlik beskikbaar kan wees vir versending aan persone of instansies verbonde aan die produsentegroep, kopersgroep en diverse betrokke instansies.

10.2.3 Gebruik van die SVM, KLS, OM en KVPM

Die gemiddelde gereelde gebruiksfrekwensie van die 4 publikasies, by die 5 teikengroepe tesame, is laag en wissel per publikasie van 10,9% tot 13,2%, wat gelyk is aan slegs een-derde tot die helfte van die ontvangsfrekwensie by dié teikengroepe.

Die gemiddelde gebruik van die 4 publikasies tesame, *per teikengroep*, toon egter nog veel laer gemiddelde gebruiksfrekwensies, naamlik 5% by die produsente- en slegs 2,7% by die kopersgroep.

Voorts toon die gebruiksfrekwensie, *per publikasie per teikengroep*, nog laer getalle en persentasies, byvoorbeeld:

- ▣ die KLS word glad nie by die NVPM'e of die kopersgroep gereeld gebruik nie en word deur 4,7% by die produsentegroep en 8,8% by die mark-agente, gereeld gebruik;

- die OM word gereeld deur net een respondent elk by die produsentegroep, die marke en die kopersgroep gebruik; en
- die publikasie van die KVPM word gereeld deur slegs 2,7% van die respondente by die kopersgroep, 3,5% by die produsente en 4,7% by diverse betrokke instansies gebruik.

10.2.4 Aanbevelings oor die SVM, KLS, OM en KVPM

Teen die agtergrond van die relatief klein oplaag van die 4 publikasies, die relatief lae persentasie daarvan wat regstreeks aan moontlike gebruikers in die 5 teikengroepe gaan en die uiteindelijke geringe persentasie van die moontlike gebruikers wat dit wel gereeld gebruik – soos opgesom in 10.2.1 tot 10.2.3 hierbo – word die volgende 5 aanbevelings oor die 4 publikasies gedoen, naamlik:

- Dat die Departement van Landbou indringend ondersoek instel na die totale koste verbonde aan die opstel en verspreiding van elk van die 4 publikasies met inagneming van die koste van
 - die salarispakkette van alle personeel betrokke by die insameling en ordening van data met inbegrip van navrae oor die korrektheid van die data verskaf;
 - die verwerking van data, insluitende rekenaarverwerking en die opsporing en regstelling van onsuiverhede daarin; en
 - die opstel, redigering, vertaling, tik, nasien, druk of duplisering, bind en uitstuur van die publikasies.
- Dat alle persone en instansies – uitgesonderd owerheidsinstansies en die media – waarvan die name tans op die versendingslyste van die 4 publikasies verskyn, versoek word om aan te dui of hulle sal belangstel om in die toekoms, teen 'n realistiese intekengeld, die publikasies te ontvang.
- Dat alle owerheidsinstansies en die media wat tans die 4 publikasies ontvang, versoek word om aan te dui welke nut hulle by die gebruik van die publikasies vind, sowel as die minimum inligting daarin wat vir hulle noodsaaklik is, en die minimum getal eksemplare van elke publikasie wat hulle in die toekoms sal benodig.
- Dat, in die lig van die resultate van die vorige aanbevelings, die noodsaaklikheid en ekonomiese verantwoordbaarheid van die voortbestaan van die 4 publikasies gesamentlik en afsonderlik oorweeg word, met inagneming van die alternatiewe moontlikhede om, byvoorbeeld:
 - een of meer of almal van die publikasies, na die eersvolgende uitgawe daarvan, te staak; of
 - die inhoud van een of meer van die publikasies te inkorporeer in, of saam te voeg met, dié van die oorblywendes.

- ▣ Dat, indien dit sou blyk dat die meeste van die data hoofsaaklik vir gebruik deur Staats- en ander owerheidsinstansies benodig word, daar oorweeg word om die totale funksie van dataversameling, verwerking en die publikasie daarvan, aan die Sentrale Statistiekdiens oor te dra.

10.3 JAARVERSLAE OF HANDELSYFERS VAN NVPM'e (J OF H)

10.3.1 Beskrywing van J of H

Die inhoud en formaat van die J of H verskil van mark tot mark. Dit wissel van redelik eenvoudige samevattinge van jaarstatistiek tot luukse glansuitgawes met grafieke en histogramme, wat tot in die fynste besonderhede inligting oor die pryse en massa van verkope van alle varsprodukte in die verskillende verpakkings vir elke maand van die jaar verstrek.

10.3.2 Ontvangs en gebruik van die J of H

Alle NVPM'e publiseer J of H en almal van hulle ontvang die publikasies van al 14 ander marke, maar die gemiddelde gebruiksfrekwensie daarvan by marke is net 53,3%.

Nagenoeg die helfte (47,7%) van die respondente by markagente ontvang die J of H, maar slegs 20,6% van die respondente gebruik dit gereeld.

By die diverse betrokke instansies is die ontvangsfrekwensie 38,4% maar net 10,5% gebruik dit gereeld. By die produsente- en kopersgroep is die gebruiksfrekwensie 7% en 2,7% onderskeidelik.

Hoewel die gebruiksfrekwensie van die J of H by die 5 teikengroepe laag is, is die inligting daarin, onder die huidige vorm van bedryfsvoering op NVPM'e, 'n noodsaaklike beheermiddel in verband met die invordering van die heffing van 5% op alle verkope op die marke. Voorts is dit ook 'n hulpmiddel vir besluitneming deur die munisipale owerhede wat in beheer van die marke is. Die besluitneming behels aangeleenthede soos goedkeuring van die personeelstruktuur, uitgawes, sekuriteits- en skoonmaakdienste.

10.3.3 Aanbevelings oor J of H

Met inagneming van die relatief lae gebruiksfrekwensie van die J of H deur respondente by die produsente, markagente, kopers en diverse betrokke instansies, word die volgende vier aanbevelings oor die J of H gedoen:

- ▣ Dat die markbestuur, in oorleg met die betrokke beherende munisipale owerhede, ondersoek instel na die totale koste verbonde aan die opstel en publikasie van die J of H met inagneming van die salarispakkette van alle personeel betrokke by die opstel, redigering, vertaling, tik, nasien, druk, bind en uitstuur van die J of H.

- Dat alle persone en instansies – uitgesonderd Staats- en munisipale owerhede, NVPM'e en die media – waarvan die name tans op die versendingslyste van die J of H verskyn, versoek word om aan te dui of hulle sal belangstel om in die toekoms, teen 'n intekengeld wat individueel per mark volgens die vorige aanbeveling bepaal is, die J of H te ontvang.
- Dat alle owerheidsinstansies, NVPM'e en die media wat tans die J of H ontvang, versoek word om aan te dui van welke nut die J of H vir hulle is, sowel as die minimum inligting daarin wat vir hulle noodsaaklik is, en die minimum getal eksemplare wat hulle in die toekoms sal benodig.
- Dat die omvang van die inhoud van die J of H hersien word in die lig van die resultate van die drie aanbevelings hierbo.

10.4 MARKPRYSE DEUR SAUK UITGESAAI (SAUK-MP) EN IN KOERANTE EN TYDSKRIFTE GEPUBLISEER (MPKT)

10.4.1 Beskrywing van die SAUK-MP en MPKT

Die markpryse wat op weeksdag deur die SAUK uitgesaai (SAUK-MP) en in sekere koerante en tydskrifte gepubliseer word (MPKT), is 'n kort samevatting van inligting wat daagliks deur die Johannesburgmark in 'n standaard vorm saamgestel en per FAKS aan SAPA verstrekkend word, vanwaar dit na die media versprei word.

Volgens mnr D de B Spengler, Adjunk-Direkteur by die Johannesburgmark, behels dié samevatting die pryse per kg behaal deur nagenoeg 50 verskillende varsproduktesoorte. Die pryse is die wat vir daardie besondere dag deur die verskillende markte bekend gemaak is. Volgens mnr Spengler is die pryse nie noodwendig die vir die hoogste graad van 'n produk nie. Dit is gewoonlik die pryse van 'n "goeie graad in die gewildste verpakking" vir die verskillende produkte (byvoorbeeld klas 1 mediumgrootte aartappels in 10 kg sakkies of klas 1 tamaties halfryp in 6 kg houers).

Mnr Spengler het ook gemeld dat die selektering van die data en die opstel van die samevatting wat aan SAPA gaan, baie min addisionele koste vir die Johannesburgmark meebring, aangesien dit geskied volgens 'n standaard rekenaarprogram met 'n outomatiese invoering van die ander betrokke NVPM'e af.

Die SAUK en ander media gebruik uit die SAPA vrystelling alleenlik die inligting van daardie marke wat hulle vir daardie besondere dag of streek as nuuswaardig beskou en wat terselfdertyd ingepas moet word in die tydskrif van uitsendings of die toegelate ruimte in die besondere koerant of tydskrif. Die inligting in die SAUK-MP en MPKT wat luisteraars of lesers bereik, is dus 'n verkorte geredigeerde weergawe van die samevatting oor nagenoeg 50 varsprodukte wat deur die Johannesburgmark aan SAPA besorg word.

10.4.2 Luisterfrekwensie en nuttigheidsvlak van SAUK-MP

Die gemiddelde luisterfrekwensie van die SAUK-MP by alle respondente is relatief hoog, naamlik 76,4% en wissel van 69,8% by diverse betrokke instansies tot 89,5% by respondente in die produsentegroep. Die persentasie van alle respondente wat die SAUK-MP nuttig tot baie nuttig vind, is ook relatief hoog, naamlik 43,8% en wissel van 18,9% by respondente in die kopersgroep tot 82,6% by die produsentegroep.

10.4.3 Leesfrekwensie en nuttigheidsvlak van MPKT

Die gemiddelde leesfrekwensie van die MPKT by alle respondente is ietwat laer as die luisterfrekwensie van die SAUK-MP, naamlik 69,8%, terwyl die gemiddelde nuttigheidsvlak (39,5%) ook effens laer as dié 43,8% van die SAUK-MP is.

Dit beteken dat beide die SAUK-MP en MPKT gemiddeld deur 'n heelwat hoër persentasie van respondente gebruik en nuttig tot baie nuttig gevind word as enige van die 5 ander inligtingsbronne wat deur die ondersoek gedek is.

10.4.4 Aanbeveling oor SAUK-MP en MPKT

Aangesien die koste van versameling en versending van die inligting relatief gering is en die belangrikste markpryse deur die twee kanale 'n relatief hoë persentasie van gebruikers in al 5 teikengroepe bereik en as nuttig beskou word, word die volgende aanbeveling oor die twee inligtingsbronne gedoen:

- ▣ Dat die SAUK-MP en MPKT in hul huidige vorm voortgaan, met waardering aan die bestuur van die Johannesburgmark wat die nodige inligting daaglik gratis verstrek, vir so lank as wat die huidige vorm van bedryfsvoering op NVPM'e bly voortbestaan.

10.5 MOONTLIKE ADDISIONELE GEBRUIK VAN BESTAANDE INLIGTING OP NVPM'E

Die 7 bestaande inligtingsbronne wat spesifiek ondersoek en in die verslag bespreek is, en wat tot genoemde aanbevelings gelei het, is almal gegrond op *historiese* inligting. Dit is inligting wat jaarliks, kwartaalliks, maandeliks, weekliks of daaglik vrygestel word. Selfs die SAUK-MP en MPKT se inligting is beperk in omvang en minstens 'n dag oud en, in die geval van weekblaaie meer as 'n week oud alvorens dit die gebruiker bereik.

Tydens die ondersoek en samesprekings met markbesture het dit geblyk dat uit die gerekenariseerde stelsels by die meeste van die NVPM'e, 'n magdom van resente inligting as "neweprodukte" van die stelsels beskikbaar is, wat uurliks of selfs halfuurliks op die mark deur byvoorbeeld rekenaar-koppeling vrygestel sou kon word, maar wat tans grootliks ongebruik lê.

Dié soort inligting bestaan uit data oor:

- die hoeveelhede op hande per produk, per graad of klas, per grootte en verpakking van 'n groot aantal en verskeidenheid van varsprodukte by die opening van die mark, sowel as die hoeveelhede wat verkoop is en die voorrade wat 'n uur of selfs 'n halfuur tevore nog onverkoop op die markvloer was; en
- die hoogste, laagste en gemiddelde pryse behaal per produk volgens graad of klas, grootte en verpakking.

Die redes waarom so 'n wye reeks van data grootliks ongebruik gelaat is, is skynbaar vierledig, naamlik:

- daar was nog nooit 'n noemenswaardige aanvraag vir so 'n wye reeks van resente inligting nie;
- markagente sowel as groot kopers en produsente het hul eie rekenaarkoppeling of kry die mees resente inligting oor wat vir hulle van belang is, regstreeks op verskeie maniere;
- dit is onprakties en te duur om die inligting elektronies op 'n "bord" op die markvloer te vertoon; en
- indien die inligting op 'n rekenaarterminaal op die mark beskikbaar gestel sou word, sou die koste om daarvan gebruik te maak waarskynlik die potensiële gebruikers daarvan afskrik en sou so 'n metode moontlik in 'n ekonomiese "wit olifant" ontaard.

Die aanbeveling oor hierdie groot potensiële bron van beskikbare, dog ongebruikte, data is dus:

- Dat die *status quo* gehandhaaf word, maar dat die beskikbaarheid en moontlike nuttige gebruik van die neweprodukte van die rekenaarsstelsels op NVPM'e by enige toekomstige verandering in die bedryfsvoering op NVPM'e in gedagte gehou word.
- Dat, onder toekomstige scenarios, die moontlikheid oorweeg word om die inligtingstelsel te kommersialiseer: dat 'n private organisasie(s) die nodige data versamel en verwerk en dit daarna teen 'n kommersieel verantwoordbare tarief aan die gebruikers beskikbaar stel.

10.6 SLOTOPMERKINGS

Die hoofstuk bevat twaalf aanbevelings waarvan:

- die eerste vyf aanbevelings handel oor 'n kostebepaling van die 4 publikasies van die Departement van Landbou, die moontlikheid om die publikasies teen betaling in plaas van gratis aan sekere instansies te ver-

sprei, 'n bepaling van die noodsaaklike inhoud van en minimum oplaag van die publikasies, die moontlikheid om die publikasies saam te smelt, te staak of om die totale aksie na die Sentrale Statistiekdiens oor te plaas;

- ▣ die volgende vier aanbevelings handel oor 'n kostebepaling van die Jaarverslae of handelsyfers van NVPM'e, die moontlikheid om dit teen betaling in plaas van gratis aan sekere instansies te versprei en 'n bepaling van die noodsaaklike inhoud van en minimum oplaag van dié verslae;
- ▣ die tiende aanbeveling voorstel dat die *status quo* gehandhaaf word aangaande die markpryse op NVPM'e wat deur die SAUK uitgesaai en in die pers gepubliseer word tot tyd en wyl daar 'n verandering in die bedryfsvoering op NVPM'e plaasvind;
- ▣ die elfde aanbeveling voorstel dat die groot potensiële bron van beskikbare, dog ongebruikte inligting wat op NVPM'e beskikbaar is, by enige toekomstige verandering in die bedryfsvoering op NVPM'e in gedagte gehou word; en
- ▣ die laaste aanbeveling voorstel dat, onder toekomstige scenarios, die moontlikheid om die inligtingstelsel te kommersialiseer oorweeg word.

Moontlike toekomstige inligtingstelsels op NVPM'e onder verskillende scenarios

11.1 INLEIDING

In hoofstukke 1 tot 10 van hierdie verslag is oorwegend gekonsentreer op die bestaande inligtingstelsels wat onder andere ontstaan het uit 'en gebruik word onder die huidige vorm van bedryfsvoering op NVPM'e.

In die hoofstuk word verwagte veranderinge in die huidige inligtingstelsels en moontlike toekomstige inligtingstelsels onder veranderde omstandighede van bedryfsvoering behandel.

11.2 MOONTLIKE VERANDERING IN BEDRYFSVOERING OP NVPM'e

Een van die hoofdoelindes van die totale ondersoek na die varsprodukte-bedryf is om 'n moontlike nuwe vorm van bedryfsvoering vir die "mark van die toekoms" te oorweeg en aanbevelings daaromtrent te doen.

In die stadium wil dit voorkom of een van die waarskynlikste veranderinge in die bedryfsvoering wat moontlik aanbeveel gaan word, die privatisering van die transaksies op die mark gaan wees. In breë trekke kom dit daarop neer dat die 5% *ad valorem* heffing op verkope wat die mark tans invorder, onder die nuwe omstandighede afgeskaf gaan word en dat die markowerheid sy inkomste dan uit die verhuring van die vloeroppervlakte aan die bedryfsvoerders (ondernemings) op die mark gaan kry.

Tans is markagente die meerderheid bedryfsvoerders op die mark. Daar word egter voorsien dat die samestelling van die bedryfsvoerders op die mark drasties kan verander indien die transaksies geprivatiseer word en die markowerheid sy inkomste uit die verhuring van die vloeroppervlakte gaan kry. So is dit moontlik dat markagente sowel as groothandelaars en makeelaars in varsprodukte, verpakkers en verwerkers op die NVPM'e bedrywig sal wees.

11.3 DIE PRIVATISERING VAN DIE TRANSAKSIES: INVLOED OP INLIGTINGSTELSLS

Die inligting wat tans op NVPM'e beskikbaar is, kom basies van die markbestuur af. Die markbestuur hou onder andere inligting by oor die aanvoer van produkte na die mark, die hoeveelhede van produkte verkoop en die pryse waarteen dit verkoop is. Kortom, die markbestuur is ten nouste betrokke by die besendingsbeheer van varsprodukte op markte en bedryf hiervoor 'n omvattende inligtingstelsel.

Al die inligting wat tans deur die mark rondom besendingsbeheer versamel word, word hoofsaaklik gebruik om die transaksies wat op die mark plaasvind te beheer, onder andere met die oog op die invordering van die 5% wat die mark toekom. Vir die versameling, verwerking, opberging en verspreiding van sodanige inligting word relatief verfynde rekenaarstelsels by die meeste marke gebruik. Die koste van daardie stelsels vorm dus deel van die kostestruktuur van markbestuur om besendings en transaksies op die mark te beheer.

Indien die mark sy inkomste uit die verhuring van vloeroppervlakte gaan kry en die transaksies sodoende geprivatiseer word, verdwyn die beheertaak van markbestuur oor transaksies en behoort baie van die huidige ander funksies en take ook na òf die bedryfsvoeders òf die plaaslike owerheid oorgedra te word.

11.4 DIE PRIVATISERING VAN DIE TRANSAKSIES: DIE ROL VAN MARKBESTUUR

Indien die transaksies op die NVPM'e geprivatiseer word en die markbestuur sy inkomste uit die verhuring van vloeroppervlakte verkry, kan die markbestuur se rol moontlik soos volg wees:

■ EIENDOMSBESTUURDER

Die markbestuur verhuur die vloeroppervlakte aan die bedryfsvoeders op die mark en tree alleenlik op as 'n eiendomsbestuurder met uiteraard 'n baie kleiner personeel en fisiese fasiliteite as wat tans nodig is om die mark te bedryf en veral besendingsbeheer toe te pas. Die markbestuur kan moontlik net sekere dienste lewer, soos sekuriteitsdienste, verkeerbeheer, die skoonmaak van gesamentlike gemeenskaplike oppervlakte en onderhoud en instandhouding van perseel en gebou. 'n Stelsel sal ook nodig wees vir die bestuur van gewone take betrokke by verhuring van 'n groot sakeperseel. Onder die omstandighede is daar dan eintlik twee moontlikhede met betrekking tot 'n inligtingstelsel, naamlik:

- die stelsel van kassiere en 'n sentrale rekenaarstelsel word behou as deel van die dienste wat die bedryfsvoeders (huurders) kry en wat by die huurgeld ingesluit is. So 'n stelsel is redelik onwaarskynlik omdat

die bedryfsvoerders op die mark outonome ondernemings sal wees wat moontlik nie bereid sal wees om vertroulike inligting oor hul sake-aktiwiteite beskikbaar te stel nie; en

- 'n waarskynliker stelsel is dat die markbestuur geensins met die besendingsbeheer van varsprodukte gemoeid sal wees nie. Dit kan wees dat die huurgeld teen 'n vasgestelde bedrag per m² vloeroppervlakte, plus 'n persentasie van die bruto inkomste-omset van die bedryfsvoerders bepaal word. Dit moet natuurlik prakties uitvoerbaar wees om die omset van so 'n verskeidenheid bedryfsvoerders bevredigend te monitor. By markagente is hul inkomste byvoorbeeld hul bruto kommissie, terwyl dit by groothandelaars hul totale verkope sal wees. Onder 'n stelsel van inkomste per m² vloeroppervlakte plus 'n persentasie van die inkomstes, is daar dus 'n motivering vir die markbestuur om die huidige inligtingstelsel te behou.

Indien besluit sou word om die huidige inligtingstelsel geheel of gedeeltelik te behou, kan dit moontlik op twee maniere geskied:

- die verhuurder (d.i. die plaaslike owerheid) neem die funksie op hom om die inligting te versamel en beskikbaar te stel. Die koste daarvan word as deel van die huurgeld gereken en ingevorder; en
- 'n onafhanklike instansie versamel en stel die inligting op 'n kommersiële grondslag aan gebruikers beskikbaar.

Tans is die hoofdoel dat die grootste gedeelte van die koste van die bestaande inligtingstelsel aangegaan word om die heffing van 5% op verkope te kan monitor en in te vorder. Die statistiese inligting is eintlik 'n neweproduk wat relatief goedkoop aan belanghebbendes beskikbaar gestel kan word. As die inkomste in die vorm van 'n 5% heffing op verkope verander na 'n huur per m² vloeroppervlakte, verdwyn die vernaamste doel van die huidige inligtingstelsel grootliks. Indien die stelsel dus slegs vir die versameling van inligting en statistiese data behou word, moet die totale koste aan die taak toegedeel word. Dit beteken dat die koste dan van gebruikers van inligting verhaal sal moet word.

Die navorsers het ernstige twyfel of die bedryfsvoerders bereid sal wees om vir so 'n inligtingstelsel te betaal. Die waarskynlikheid is dus groot dat die huidige inligtingstelsel soos dit deur markbesture bedryf word, weens 'n gebrek aan kosteverhaling en benutting, sal verdwyn. Kortom, indien die verwagte nuwe norm van bedryfsvoering 'n werklikheid gaan word, is dit feitlik seker dat die inligtingstelsels, soos dit tans op NVPM'e bestaan, sal verdwyn. Daarmee saam sal al die ander inligtingsbronne wat ook op die huidige inligting steun wat NVPM'e beskikbaar stel, tot niet gaan. Die ander inligtingsbronne is:

- die jaarverslae of handelsyfers van NVPM'e
- markpryse in SAUK-uitsendings

- ▣ markpryse in koerante en tydskrifte gepubliseer en
- ▣ insette in amptelike en nie-amptelike publikasies, bulletins en nuusbriewe.

11.5 'N NUWE INLIGTINGSTELSEL

Gegewe die voorgaande privatisering van die transaksies en die verandering van die markbestuur se rol na dié van eiendomsbestuurder, moet deeglik besin word oor wat moontlik in die plek van die huidige inligtingstelsel kan kom. Daar moet onder andere bepaal word wat uit die bestaande inligtingstelsel behoue kan bly. 'n Strategie behoort beplan en ingevoer te word wat die bedryfsvoerdere op die mark, onder die nuwe bedeling sal motiveer om inligting oor hulle sakebedrywighede aan 'n sentrale inligtingsverrekeningspunt beskikbaar te stel. Alternatiewelik kan 'n onafhanklike inligtingsverrekeningsburo of -huis op die mark gevestig word waar persone wat fisies op die mark teenwoordig is, daaglik opnames maak oor die hoeveelhede van produkte wat op die mark aanwesig is, en teen watter pryse hulle verkoop word. Sulke persone sal die hoeveelhede en pryse moet aanteken en die inligtingsverrekeningshuis sal dan die versamelde inligting orden, verwerk, opberg en teen vergoeding aan gebruikers soos produsente, kopers en ander belanghebbende persone beskikbaar stel. So 'n verrekeningshuis moet egter 'n private onderneming wees wat, gegrond op die vraag na inligting, sal bepaal hoe wyd sy insameling van statistiek moet strek, byvoorbeeld of die diens op alle marke of slegs op sekere marke gelewer moet word. Die versamelde inligting moet beskikbaar wees op, byvoorbeeld, Beltel. Die gebruikers van die inligting moet oor 'n prys met die verrekeningshuis ooreenkom. Die prys behoort so bepaal te word dat dit minstens die koste van die insameling en verspreiding van die inligting sal dek en nog 'n wins vir die verrekeningshuis toelaat.

Ondernemings wat moontlik die beste daarin sou kon slaag om so 'n stelsel suksesvol teen 'n vergoeding te bedryf, is dié wat rekenaarsstelsels aan die verskillende markowerhede verskaf. Die rekenaar, en in besonder die sagteware, is hoofsaaklik vir besendingsbeheer en dié oor transaksies ontwerp en sal waarskynlik nie maklik, of sonder aansienlike koste, na 'n alternatiewe gebruik deur plaaslike owerhede oorgeskakel kan word nie. Die saak is nie verder ondersoek nie, aangesien daar eers sekerheid en duidelikheid moet wees of markbestuur en -eienaars wel bereid sal wees om die transaksies te privatiseer, hulle inkomste te verander van markgelde, gegrond op 'n persentasie van omset na 'n huur per m² vloeroppervlakte, en hulle taak sal verander van die bestuur van die markaktiwiteite na dié van eiendomsbestuurder. 'n Ander moontlikheid is dat produsenteverenigings en ander belanghebbendes so 'n stelsel vir hul lede ten opsigte van spesifieke produkte teen 'n vergoeding kan bedryf en dit later uitbrei indien die vraag daarna groei en die nodige finansiering by gebruikers van die inligting gevind kan word.

Derhalwe word in die verslag nie enige spesifieke aanbeveling oor die moontlike metodes van voortsetting van die huidige inligtingstels van NVPM'e gedoen nie, behalwe dié in die twaalfde aanbeveling.

Die navorsers wil dit egter beklemtoon dat, soos dit ook in oorsese lande bewys is, relevante, tydige koste-effektiewe en voldoende inligting 'n uiters belangrike vereiste is vir suksesvolle produksie en bemaking van varsprodukte. Alle persone en instansies wat regstreeks of onregstreeks by die produksie en bemaking van varsprodukte betrokke is, vind baat by so 'n inligtingstelsel.

Verder is produkinligting ook belangrik – dit wil sê vir beplanning van produksie sowel as die inligting, herinnering en oorreding van die verbruikers oor sake soos voedingswaarde, gesondheidseienskappe en gebruikswenke vir varsprodukte. So 'n strategie sluit nou aan by die reklameaangeleenthede wat in Tema 5 ondersoek is. 'n Goeie voorbeeld van so 'n stelsel is dié van die Aartappelraad waarvan 'n kort beskrywing in afdeling 2.3.3 van hoofstuk 2 van hierdie verslag vervat is.

Ideaal gesproke behoort daar 'n tak/afdeling van die sentrale verrekenningshuis op elke mark te wees wat op die bepaalde mark inligting versamel en na die sentrale inligtingsverrekenningshuis deurvoer. Laasgenoemde kan dan meer globaal inligting aan belanghebbendes beskikbaar stel wat by die beplanning van die produksie en die bemaking van varsprodukte gebruik kan word. Tans is daar reeds instellings wat help met die soort beplanning vir bepaalde produkte soos aartappels, uie, piesangs, sitrus, appels en pere. Daar is egter nog geen bestaande instellings vir bederfbare produkte soos tamaties, kopslaai, beet, wortels en kool nie. By sulke hoogs bederfbare varsprodukte is produksiebeplanning waarskynlik nog noodsaakliker as by die minder bederfbare varsproduktesoorte.

Die ondersoek het bevestig dat by produsente, markagente, NVPM'e en diverse betrokke instansies, aansienlike belangstelling vir die instelling en instandhouding van 'n produsente aanplantingsdatabank is. Uit die totale respons van die 4 teikengroepe het nie minder nie as 80,5% aangedui dat die respondente so 'n databank as nuttig tot baie nuttig beskou. Al is die nuttigheidsbepaling so hoog, sal daar weer eens 'n instelling uit die geleedere van een of meer van die 4 teikengroepe moet wees wat so 'n databank ekonomies kan bedryf deur die selfvergoedende versameling en verspreiding van inligting aan die gebruikers.

Volgens die reaksie van respondente uit genoemde 4 teikengroepe is die inligtingstelsel soos tans deur die Aartappelraad bedryf, 'n model waarop inligting oor die meeste ander varsproduktesoorte ook versamel en versprei kan word, mits daar 'n instelling is wat dit ekonomies kan bedryf.

Uit die vrae wat aan respondente gestel is oor hul siening van 'n sogenaamde ideale inligtingstelsel, het daar ook 'n aansienlike getal voorstelle (218) na vore gekom waarvoor respondente graag inligting sou wou ontvang. Van daardie voorstelle het 44% betrekking op produksie en 56% op prysvorming. Besonderhede van die voorstelle van elke teikengroep is vervat

in hoofstukke 4 tot 8 van die verslag en kan baie nuttig wees by die beplanning van 'n toekomstige inligtingstelsel deur 'n instelling soos dié wat hierbo in vooruitsig gestel word.

11.6 SLOTOPMERKINGS

Die bestaande inligtingstelsel op NVPM'e is inderdaad 'n neweproduk van die stelsels wat deur markbesture bedryf word om besendings en transaksies op die mark te beheer. Die addisionele koste om die inligting wat tans beskikbaar is, te verwerk en vry te stel, is dus relatief laag.

As die grondslag van bedryfsvoering egter verander en die markowerhede hul inkomste uit verhuring van vloerruimte in plaas van 'n *ad valorem* heffing ontvang, verval die hoofdoel van die huidige stelsel van versameling van inligting.

In so 'n geval sal die plaaslike owerheid moontlik bereid wees om met die bestaande inligtingstelsel voort te gaan en om die koste daarvan as deel van die huurgeld te bereken en in te vorder.

'n Ander moontlikheid is dat 'n onafhanklike instansie die inligting versamel en op 'n kommersiële grondslag aan gebruikers beskikbaar stel.

Ondernemings wat moontlik die beste daarin sou slaag om so 'n stelsel suksesvol teen 'n vergoeding te bedryf, is die wat rekenaarstelsels aan die verskillende markowerhede verskaf. 'n Ander moontlikheid is dat produsenteverenigings en ander belanghebbendes so 'n stelsel vir hul lede ten opsigte van spesifieke produkte teen 'n vergoeding kan bedryf en dit later uitbrei indien die vraag daarna groei en die nodige finansiering by gebruikers van die inligting gevind kan word.

Ideaal gesproke behoort daar 'n tak/afdeling van die sentrale verrekenningshuis op elke mark te wees wat op die bepaalde mark data versamel en deurvoer na die sentrale verrekenningshuis. Laasgenoemde kan dan meer globaal inligting aan belanghebbendes beskikbaar stel wat by die beplanning van die produksie en die bemaking van varsprodukte gebruik kan word.

Die ondersoek het bevestig dat by produsente, markagente, NVPM'e en diverse betrokke instansies, aansienlike belangstelling vir die instelling en instandhouding van 'n produsente aanplantingsdatabank is. Kopers is nie gevra om hul mening oor so 'n databank te gee nie.

Volgens die reaksie van respondente uit eersgenoemde 4 teikengroepe is die inligtingstelsel soos tans deur die Aartappelraad bedryf 'n model waarop inligting oor die meeste ander varsproduktesoorte ook versamel en versprei kan word, mits daar 'n instelling is wat dit ekonomies kan bedryf.

Samevatting van die verslag oor ondersoek na inligtings-aangeleenthede

12.1 INLEIDING

Die Buro vir Finansiële Analise (BFA) van die Universiteit van Pretoria is aangestel om die ondersoek na die inligtingsaangeleenthede van die bemarking van varsprodukte, te onderneem. Dit is 'n deel van die omvattende ondersoek na die bemarking van varsprodukte, in die RSA. Die verslag bevat onder andere die bevindings en aanbevelings wat spruit uit die ondersoek wat gedurende die tydperk Desember 1989 tot September 1990 uitgevoer is.

Vir die doeleindes van die ondersoek is 5 teikongroepo uitgeken, naamlik:

- produsente van varsprodukte
- markagente
- die 15 nasionale varsproduktemarkte (NVPM'e)
- kopers van varsprodukte en
- diverse instansies wat regstreeks of onregstreeks by die produksie en bemarking van varsprodukte betrokke is.

'n Lys van 14 afkortings wat herhaaldelik in hierdie verslag gebruik word, sowel as woordomskrywings van "inligtingsbehoefte", "koper", "markagent" en "produsent" is vervat in afdeling 1.7 van hoofstuk 1 van die verslag.

12.2 VRAELYSTE EN ANDER INLIGTING GEBRUIK

Vyf verskillende vraelyste in beide landstale is opgestel om inligting van die teikengroepo te bekom. Voorbeelde daarvan is by die verslag aangeheg as bylaes A tot E. Die vraelyste bevat elkeen verskillende opmerkings oor die respondente se betrokkenheid in die varsproduktebedryf. Origens bestaan die vraelyste uit vrae oor die ontvangs en gebruiksfrekwensie, asook die nuttigheidsvlak van 7 bestaande inligtingsbronne, naamlik 4 publikasies van die Departement van Landbou, jaarverslae of handelsyfers van NVPM'e en

markpryse van varsprodukte in radio uitsendings of in koerante of tydskrifte gepubliseer.

Respondente moes ook aandui welke ander inligtingsbronne hulle gebruik of bewus van is, en ook wat hul mening oor 'n voorgestelde produsente aanplantingsdatabank en 'n ideale inligtingstelsel is. Die kopersgroep is nie gevra om hul mening oor 'n aanplantingsdatabank te gee nie.

Omdat die Aartappelraad se inligtingstelsel deur respondente by al die teikengroepe vermeld word, is 'n kort samevatting oor die funksionering daarvan, in afdeling 2.3 van hoofstuk 2 gegee.

12.3 INSAMELING VAN DATA, RESPONS PER TEIKEN-GROEP EN BELEIDSBESLISSING OOR VERSAMELDE DATA

Die insameling van data het hoofsaaklik per posopname geskied. In die geval van produsente het die Aartappelraad en markagente ook hulp verleen om vraelyste aan potensiële respondente te besorg. By kopers was die NVPM'e behulpsaam en het navorsers persoonlike besoeke afgelê.

By die markowerhede was die respons 100%, by markagente 40,5% van die universum, by diverse betrokke instansies 33,6% van 'n steekproef van 256 en by produsente 7,8% van 'n steekproef van 1 100 potensiële respondente. By kopers was daar net 37 respondente.

Teen die agtergrond van omstandighede uiteengesit in afdeling 3.3 van hoofstuk 3, is as beleidsbeslissing aanvaar dat die data van produsente, kopers en diverse betrokke instansies, in verband met die 4 publikasies van die Departement van Landbou, onveranderd in die verslag gebruik sal word met vermelding van die twyfel oor die statistiese verantwoordbaarheid van die resultate.

12.4 INLIGTINGSAANGELEENTHEDE VAN PRODUSENTE

Hoewel die getal respondente (86) relatief klein is, vorm hulle 'n redelik gebalanseerde verteenwoordiging uit die oogpunt van hul betrokkenheid by die produksie van beide varsgroute en vrugte sowel as die bemerking daarvan op NVPM'e.

Die oorgrote meerderheid (tussen 82% en 93%) ontvang glad nie die 4 gereelde publikasies van die Departement van Landbou nie. Soos verduidelik in afdeling 3.3 van hoofstuk 3 kan die lae ontvangsfrekwensie dalk nog laer wees. Slegs 13 (15,1%) van die respondente ontvang jaarverslae of handelsyfers van NVPM'e waarvan net ses dit gereeld tot baie gereeld gebruik. 'n Klein meerderheid (55,8%) luister dikwels of daaglik na markpryse wat deur die SAUK uitgesaai word en 'n heelwat hoër persentasie (65,1%) lees soms tot gereeld die markpryse van varsprodukte in koerante en tydskrifte.

Daar is 'n besonder lewendige belangstelling vir deelname aan 'n moontlik produsente aanplantingsbank (PAB) (beslis: 47,7% en moontlik 38,3%) maar minder entoesiasme vir 'n ideale inligtingstelsel (33,3%). Die rede hiervoor is

waarskynlik dat die respondente nie 'n baie duidelike begrip van "inligtingsbehoefte" het nie. Die algemene indruk wat uit die antwoorde op die vraelyste gevorm kan word, is dat ongeveer die helfte van die respondente wat wel inligting verlang tevrede sal wees met 'n diens soortgelyk aan die wat deur die Aartappelraad gelewer word (sien hoofstuk 2 afdeling 2.3).

12.5 INLIGTINGSAANGELEENTHEDE VAN MARKAGENTSAPPE

Die respons van markagente kan as relatief bevredigend beskou word, aangesien die 34 respondente 40,5% van die 84 markagentsappe in die RSA verteenwoordig en gesamentlik meer as 53% van die totale omset op alle NVPM'e hanteer. Daarby is hulle versprei oor al die NVPM'e behalwe die te Uitenhage en word hul respons grootliks gerugsteun deur die voorstelle en visie van die Instituut van Markagente van S A wat nagenoeg 74% van alle markagente as lede het.

'n Groot meerderheid van die markagentrespondente ontvang glad nie die publikasies *Kortbegrip van Landboustatistieke* (70,6%) en *Oeste en Marke* (82,4%) van die Departement van Landbou nie. Net 'n klein meerderheid (55,9%) ontvang die ander twee gereelde publikasies van die Departement, naamlik *Statistiek oor Varsproduktemarke* en die publikasie van die *Kommissie vir Varsproduktemarke*, terwyl 47,1% van die respondente die Jaarverslae of handelsyfers van NVPM'e ontvang.

Slegs 8,8% van die respondente luister dikwels na markpryse wat deur die SAUK uitgesaai word, terwyl 32,3% soms tot gereeld die gepubliseerde markpryse in koerante en tydskrifte lees.

Daar is 'n besondere positiewe voorkeur vir 'n moontlike produsente aanplantingsdatabank (PAB) (baie nuttig 55,8% en nuttig 32,4%). Die algemene indruk uit die antwoorde in die vraelyste is dat die respondente 'n inligtingstelsel beoog wat meer verfynd is en vinniger, resenter en indiepte inligting sal verstrek as dié wat tans beskikbaar is.

12.6 INLIGTINGSAANGELEENTHEDE VAN DIE MARKBESTURE

Die 15 NVPM'e is die enigste van die 5 teikengroepe van wie 'n 100% respons op die vraelyste ontvang is. Die oorgrote meerderheid (tussen 87% en 93%) ontvang die 4 gereelde publikasies van die Departement van Landbou, asook die jaarverslae of handelsyfers van ander NVPM'e.

Net 4 marke (een groot-, een middelgroot- en twee klein marke) se markbesture luister dikwels of daagliks na die markpryse wat deur die SAUK uitgesaai word, maar 'n heelwat hoër persentasie (66,7%) lees soms tot gereeld die markpryse van varsprodukte in koerante en tydskrifte.

Die NVPM'e openbaar 'n besonder sterk ondersteuning vir die instelling en

instandhouding van 'n moontlike produsente aanplantingsdatabank (PAB), deurdat net twee middelgroot- en twee klein NVPM'e dit beoordeel het as van twyfelagtige nut. Oor die algemeen is daar egter minder entoesiasme vir 'n ideale inligtingstelsel.

12.7 INLIGTINGSAANGELEENTHEDE VAN KOPERS VAN VARSPRODUKTE

Die getal respondente in die kopersgroep (37) is teleurstellend klein en vorm 'n yl verspreide groep kopers op 9 van die 15 NVPM'e. Die oorgrote meerderheid van die respondente (31 of 83,8%) doen hul aankope uitsluitlik of hoofsaaklik op NVPM'e terwyl 6 respondente – insluitende 3 groot kettingwinkelmengroepe – uitsluitlik of hoofsaaklik by ander bronne koop.

Die oorgrote meerderheid (tussen 84% en 100%) ontvang glad nie die 4 gereelde publikasies van die Departement van Landbou of Jaarverslae of handelsyfers van NVPM'e nie. Slegs twee respondente (5,4%) luister dikwels of daaglik na markpryse wat deur die SAUK uitgesaai word, maar 64,8% lees soms tot gereeld die gepubliseerde markpryse. Daar is slegs 'n karige belangstelling in 'n ideale inligtingstelsel.

Die algemene indruk wat uit die antwoorde van die kopersgroep gevorm kan word, is dat die meerderheid van die enkele respondente wat wel inligting verlang, tevrede sal wees met 'n relatief eenvoudige inligtingstelsel.

12.8 INLIGTINGSAANGELEENTHEDE VAN DIVERSE BETROKKE INSTANSIES

Hoewel die getal respondente (86) relatief klein is, is daar 'n bevredigende verskeidenheid wat onregstreeks betrokke is by die produksie en/of bemarking van varsprodukte. Nagenoeg 'n driekwart van die respondente verteenwoordig verskaffers van landbou-insette, produsenteverenigings en verwerkers van varsprodukte.

Die ontvangsfrekwensie van 3 van die 4 gereelde publikasies van die Departement van Landbou en jaarverslae of handelsyfers van NVPM'e, is by die diverse betrokke instansies oor die algemeen merkbaar hoër as by die ander 4 teikengroepe en wissel tussen 15% en 59%. Soos verduidelik in afdeling 3.3 van hoofstuk 3, is die relatief hoë ontvangsfrekwensie van die 4 publikasies van die Departement van Landbou waarskynlik egter nie statisties verantwoordbaar nie.

Net meer as een-kwart (25,5%) van die respondente luister dikwels of daaglik na die markpryse wat deur die SAUK uitgesaai word en 'n heelwat hoër persentasie (41,8%) lees soms tot gereeld die markpryse van varsprodukte in koerante en tydskrifte.

Daar is 'n besonder hoë voorkeur vir 'n moontlike produsente aanplantingsdatabank (PAB), aangesien 88,4% van die respondente dit as nuttig tot

baie nuttig beskou. Daar is 'n redelike groot behoefte aan 'n ideale inligtingstelsel by respondente in hierdie teikengroep.

12.9 SAMEVATTING VAN INLIGTINGSAANGELEENTHEDE VAN DIE VYF TEIKENGROEPE

Hoewel die totale getal respondente in die 5 teikengroepe (258) relatief klein is, vorm hulle 'n redelik gebalanseerde ondersoekgroep uit die oogpunt van hul regstreekse en/of onregstreekse betrokkenheid by die produksie en/of bemarking van varsprodukte, sowel as hul aktiwiteite op die verskillende NVPM'e.

Die gemiddelde ontvangsfrekwensie van die vier publikasies van die Departement van Landbou wissel van 36% by die SVM tot 20,5% by die publikasies van die KVPM, terwyl die gemiddelde gebruiksfrekwensie van die 4 publikasies tussen 13,2% en 10,9% wissel. Die nuttigheidsvlak van die 4 publikasies is in die algemeen net effens laer as die ontvangsfrekwensie. Soos in afdeling 3 van hoofstuk 3 van hierdie verslag verduidelik is die ontvangsfrekwensie van dié vier publikasies in die opname waarskynlik hoër aangedui as wat, met inagneming van die beperkte verspreiding daarvan, statisties verantwoordbaar is.

Jaarverslae of handelsyfers van NVPM'e (J of H) word deur alle marke ontvang, terwyl die ontvangs by die ander teikengroepe wissel van 47,1% by markagente tot 8,1% by kopers, met 'n gemiddelde frekwensie van 31% vir alle respondente. Die gemiddelde gebruiksfrekwensie van die J of H is 12% en wissel van 53,3% by NVPM'e tot 2,7% by kopers en 7% by die produsentegroep.

Die gemiddelde luisterfrekwensie na die SAUK-MP is 76,4% en wissel van 89,5% by produsente tot 69,8% by kopers, terwyl die gemiddelde nuttigheidsvlak 43,8% is.

Die gemiddelde leesfrekwensie van MPKT is 69,8% met die hoogste frekwensie by NVPM'e (86,7%) en die laagste by markagente (61,8%), terwyl die gemiddelde gebruiksfrekwensie 44,2% is.

Dit wil derhalwe voorkom of die gebruik en nut van die SAUK-MP en MPKT by al die teikengroepe van drie- tot viermaal hoër is as dié met betrekking tot die 4 departementele Landbou-publikasies en die J of H.

Die gemiddelde belangstelling in 'n moontlike PAB is besonder hoog, naamlik 80,5%, en die respondente wat 'n PAB as nuttig tot baie nuttig beskou, wissel van 88,4% by die diverse betrokke instansies tot 70,9% by die produsentegroep.

In verband met 'n ideale inligtingstelsel is daar altesame 218 voorstelle deur 103 (39,9%) van die 258 respondente gedoen. Dit kan dui op 'n redelike groot belangstelling in meer inligting as wat tans beskikbaar is. Van die 218 voorstelle handel 122 oor prysvormings- en 96 oor produksie-aangeleenthede.

Slegs 3 respondente uit die diverse betrokke instansies het 3 ander inligtingsbronne oor die bemarking van varsprodukte gemeld.

12.10 AANBEVELINGS OOR BESTAANDE INLIGTINGS-BRONNE

Hoofstuk 10 van die verslag bevat altesame twaalf aanbevelings soos volg:

- ▣ Dat die Departement van Landbou indringend ondersoek instel na die totale koste verbonde aan die opstel en verspreiding van elk van die 4 departementele publikasies met inagneming van die koste van:
 - die salarispakkette van alle personeel betrokke by die insameling en ordening van data met inbegrip van navrae oor die korrektheid van die data verskaf;
 - die verwerking van data, insluitende rekenaarverwerking en die opsporing en regstelling van onsuiverhede daarin; en
 - die opstel, redigering, vertaling, tik, nasien, druk of duplisering, bind en uitstuur van die publikasies.
- ▣ Dat alle persone en instansies – uitgesonderd owerheidsinstansies en die media – waarvan die name tans op die versendingslyste van die 4 publikasies verskyn, versoek word om aan te dui of hulle sal belangstel om in die toekoms, teen 'n realistiese intekengeld die publikasies te ontvang.
- ▣ Dat alle owerheidsinstansies en die media wat tans die vier publikasies ontvang, versoek word om aan te dui van welke nut die publikasies vir hulle is, sowel as die minimum inligting daarin wat vir hulle noodsaaklik is en die minimum getal eksemplare van elke publikasie wat hulle in die toekoms sal benodig.
- ▣ Dat, in die lig van die resultate van die eerste drie aanbevelings, die noodsaaklikheid en ekonomiese verantwoordbaarheid van die voortbestaan van die vier publikasies gesamentlik en afsonderlik oorweeg word, met inagneming van die alternatiewe moontlikhede om, byvoorbeeld:
 - een of meer of almal van die publikasies, na die eersvolgende uitgawe daarvan, te staak; of
 - die inhoud van een of meer van die publikasies op te neem in of saam te voeg met dié van die oorblywendes.
- ▣ Dat, indien dit sou blyk dat die meeste van die data hoofsaaklik vir gebruik deur Staats- en ander owerheidsinstansies benodig word, daar oorweeg word om die totale funksie van dataversameling, verwerking en die publikasie daarvan, aan die Sentrale Statistiekdiens oor te dra.
- ▣ Dat die markbestuur, in oorleg met die betrokke beherende munisipale owerhede, ondersoek instel na die totale koste verbonde aan die opstel en publikasie van die J of H met inagneming van die salarispakkette van alle personeel betrokke by die opstel, redigering, vertaling, tik, nasien, druk, bind en uitstuur van die J of H.

- Dat alle persone en instansies – uitgesonderd Staats- en munisipale owerhede, NVPM'e en die media – waarvan die name tans op die versendingslyste van die J of H verskyn, versoek word om aan te dui of hulle sal belangstel om in die toekoms, teen 'n intekengeld wat individueel per mark volgens die sesde aanbeveling bepaal is, die J of H te ontvang.
- Dat alle owerheidsinstansies, NVPM'e en die media wat tans die J of H ontvang, versoek word om aan te dui van welke nut die J of H vir hulle is, sowel as die minimum inligting daarin wat vir hulle noodsaaklik is, en die minimum getal eksemplare wat hulle in die toekoms sal benodig.
- Dat, in die lig van die resultate van aanbevelings ses tot agt, die omvang van die inhoud van die J of H hersien word.
- Dat die SAUK-MP en MPKT in hul huidige vorm voortgaan, met waardering aan die bestuur van die Johannesburgmark wat die nodige inligting daagliks gratis verstrekk, vir solank as wat die huidige vorm van bedryfsvoering op NVPM'e bly voortbestaan.
- Dat die *status quo* gehandhaaf word, maar dat die beskikbaarheid en moontlike nuttige gebruik van die neweprodukte van die rekenaarstelsels op NVPM'e, by enige toekomstige verandering in die bedryfsvoering op NVPM'e in gedagte gehou word.
- Dat, onder toekomstige scenarios, die moontlikheid oorweeg word om die inligtingstelsel te kommersialiseer, dit wil sê dat 'n private organisasie(s) die nodige data versamel en verwerk en dit daarna teen 'n kommersieel verantwoordbare tarief aan die gebruikers beskikbaar stel.

12.11 'N MOONTLIKE TOEKOMSTIGE INLIGTINGSTELSEL

In hoofstuk 11 word verskillende vorms van inligtingstelsels bespreek wat moontlik oorweeg kon word om by 'n verandering in die bedryfsvoering op NVPM'e aan te pas. Aangesien die aard en omvang van sodanige verandering in die bedryfsvoering in die stadium nog onbekend is, het die navorsers nie bepaalde aanbevelings gedoen nie, maar slegs aangedui hoe die besluite oor 'n toekomstige inligtingstelsel by verskillende veranderings in die bedryfsvoering op NVPM'e beïnvloed kan word.

Dit is egter duidelik dat indien die transaksies op die mark geprivatiseer gaan word en die markowerheid sy inkomste uit die verhuring van m² vloeroppervlakte in plaas van 'n 5% heffing op verkope gaan ontvang, daar 'n sterk moontlikheid is dat die bestaande inligtingstelsel op NVPM'e sal verdwyn of drasties aangepas sal word.

Die markowerheid mag moontlik bereid wees om met die huidige inligtingstelsel voort te gaan teen betaling volgens 'n tarief wat minstens die koste daarvan dek.

Indien die markowerheid nie met die stelsel wil voortgaan nie, behoort dit ernstig oorweeg te word om uit die geledere van die produsente 'n instelling of instellings in die lewe te roep wat die ekwivalent van die huidige inligtingstelsel op NVPM'e sal bedryf vir spesifieke produkte of produkt-groepe, teen betaling volgens 'n ekonomiese tarief deur die gebruikers van die inligting.

Indien die huidige inligtingstelsel sou verval, sal minstens 3 belangrike inligtingsbronne van die 7 wat in die verslag bespreek is, heeltemal tot niet gaan, te wete die jaarverslae of handelsyfers van NVPM'e, die markprysuitsendings van die SAUK en die markpryse soos in koerante en tydskrifte gepubliseer.

Gevollik is die moontlike behoud van die bestaande inligtingstelsel op NVPM'e 'n saak wat by enige besluite oor die toekomstige bedryfsvoering op die Nasionale Varsproduktemarke pertinent oorweeg behoort te word.

Lys van bylaes

<i>Bylae</i>		<i>Bladsy</i>
A	Vraelys: Produsente	147
B	Vraelys: Markagente	157
C	Vraelys: Markowerhede	165
D	Vraelys: Kopers	173
E	Vraelys: Diverse betrokke instansies	183
F	Uittreksels uit vier vlugskrifte van die Aartappelraad vir die tydperk Januarie tot Augustus 1990	193

Bylae A

RGN ondersoek na die bemarking van varsprodukte
in die RSA

Inligtingsaangeleentehede met betrekking tot die
bemarking van varsprodukte in die RSA

Vraelys: Produsente

Hierdie vraelys is daarop gemik om vas te stel watter inligting uit watter bronne deur produsente gebruik word met betrekking tot die bemarking van hulle produkte wat by hierdie ondersoek betrokke is, naamlik vars groente en vrugte, asook hulle evaluering van die gebruiksnut daarvan.

Verder is dit die doel van hierdie vraelys om te bepaal watter addisionele inligting nuttig sou wees en ook hoe die inligting ten beste bekendgestel kan word.

Naam van respondent: _____

Adres van plaas: _____

Poskode: _____

Telefoon (Kode): _____

Nommer: _____

Watter % is die bruto inkomste van groente en of vrugte van u totale bruto boerderyinkomste?

_____ %

Meld asseblief nie meer as vier elk van die BELANGRIKSTE groentesoorte en vrugtesoorte wat u gedurende die afgelope jaar geproduseer het.

Bylae A

GROENTESOORTE	VRUGTESOORTE
1.	1.
2.	2.
3.	3.
4.	4.

Die bemerking van my totale groente- en vrugteproduksie kan by benadering persentueel soos volg verdeel word:

VERSPREIDINGSKANALE	%
Vars bemark op 'n nasionale varsproduktemark	
Vars bemark op ander markte	
Direk verkoop aan groot- of kleinhandelaars	
Direk verkoop aan die publiek	
Gelewer aan 'n koöperasie of 'n Raad	
Gelewer aan die verwerkingsbedryf	
Totaal	100%

1. Ontvang u die Direktooraat Landbou-ekonomiese tendense, Departement van Landbou se publikasie getitel: "Statistiek oor varsproduktemarke".

Ja gereeld	Ja soms	Selde	Glad nie
------------	---------	-------	----------

Indien u dit ontvang:

- Tot watter mate gebruik u die inligting wat in hierdie publikasie vervat is?

Baie gereeld	Gereeld	Soms	Selde	Glad nie
--------------	---------	------	-------	----------

- Hoe nuttig vind u die inligting in hierdie publikasie?

Baie nuttig	Nogal nuttig	Nuttig	Van min waarde	Van geen waarde
-------------	--------------	--------	----------------	-----------------

- Soug u graag addisionele inligting in hierdie publikasie wou sien?

Ja	Nee
----	-----

Indien wel, spesifiseer asseblief die tipe inligting wat u graag sou wou sien:

- Is u tevrede met die vorm waarin die publikasie tans verskyn?

Baie tevrede	Tevrede	Ontevrede	Baie ontevrede
--------------	---------	-----------	----------------

Indien u ontevrede is, meld asseblief waarom:

2. Verkry u jaarliks die publikasie van die Direktooraat Landbou-ekonomiese tendense, Departement van Landbou, se publikasie getitel: "Kortbegrip van Landboustatistieke".

Ja gereeld	Ja soms	Selde	Glad nie
------------	---------	-------	----------

Indien u dit ontvang:

- Tot watter mate gebruik u die inligting wat in hierdie publikasie vervat is:

Baie gereeld	Gereeld	Soms	Selde	Glad nie
--------------	---------	------	-------	----------

- Hoe nuttig vind u die inligting in hierdie publikasie?

Baie nuttig	Nogal nuttig	Nuttig	Van min waarde	Van geen waarde
-------------	--------------	--------	----------------	-----------------

- Sorg u graad addisionele inligting in hierdie publikasie wou sien?

Ja	Nee
----	-----

Indien wel, spesifiseer asseblief die tipe inligting wat u graag sou wou sien:

- Is u tevrede met die vorm waaring die publikasie tans verskyn?

Baie Tevrede	Tevrede	Ontevrede	Baie ontevrede
--------------	---------	-----------	----------------

Indien u ontevrede is, meld asseblief waarom?

3. Verkry u maandeliks die Direktoraat Landbou-ekonomiese tendense, Departement van Landbou se publikasie getiteld "Oeste en Marke"?

Ja gereeld	Ja soms	Selde	Glad nie
------------	---------	-------	----------

Indien u dit wel ontvang:

- Tot watter mate gebruik u die inligting wat in hierdie publikasie vervat is?

Baie gereeld	Gereeld	Soms	Selde	Glad nie
--------------	---------	------	-------	----------

- Hoe nuttig vind u die inligting in hierdie publikasie?

Baie nuttig	Nogal nuttig	Nuttig	Van min waarde	Van geen waarde
-------------	--------------	--------	----------------	-----------------

- Sou u graag addisionele inligting in die publikasie wou sien?

Ja	Nee
----	-----

Indien wel, spesifiseer asseblief die soort inligting wat u graag sou wou sien:

- Is u tevrede met die vorm waarin die publikasie tans verskyn?

Baie tevrede	Tevrede	Ontevrede	Baie ontevrede
--------------	---------	-----------	----------------

Indien u ontevrede is, meld asseblief waarom?

4. Ontvang u die publikasie van die kommissie vir varsproduktemarke?

Ja gereeld	Ja soms	Selde	Glad nie
------------	---------	-------	----------

Indien u dit ontvang:

- Tot watter mate gebruik u die inligting wat in hierdie publikasies vervat is?

Baie gereeld	Gereeld	Soms	Selde	Glad nie
--------------	---------	------	-------	----------

- Hoe nuttig vind u die inligting in hierdie publikasie?

Baie nuttig	Nogal nuttig	Nuttig	Van min waarde	Van geen waarde
-------------	--------------	--------	----------------	-----------------

- Sou u graag addisionele inligting in hierdie publikasie wou sien?

Ja	Nee
----	-----

Indien wel, spesifiseer asseblief die tipe inligting wat u graag sou wou sien?

Is u tevrede met die vorm waarin hierdie publikasies tans verskyn?

Baie tevrede	Tevrede	Ontevrede	Baie ontevrede
--------------	---------	-----------	----------------

Indien u ontevrede is, meld asseblief waarom?

5. Ontvang u jaarverslae of handelsyfers van nasionale varsprodukte-marke?

Ja	Nee
----	-----

Indien wel, van watter marke ontvang u dit?

Tot watter mate gebruik u inligting wat in hierdie publikasie(s) verskyn?

Baie gereeld	Gereeld	Soms	Glad nie
--------------	---------	------	----------

Hoe nuttig vind u die inligting in hierdie publikasies?

Baie nuttig	Nogal nuttig	Nuttig	Van min waarde	Van geen waarde
-------------	--------------	--------	----------------	-----------------

6. Luister u na die markpryse wat op weksdae deur die SAUK uitgesaai word?

Daaglik	Dikwels	Soms	Selde	Glad nie
---------	---------	------	-------	----------

Indien wel, is hierdie pryse vir u van waarde in u besluitnemingsproses?

Van groot waarde	Van waarde	Van weinig	Van geen waarde
------------------	------------	------------	-----------------

Is daar addisionele inligting wat u graag uitgesaai sou wou sien?

Ja	Nee
----	-----

Indien wel, watter soort inligting?

Is u tevrede met die huidige uitsaaitye?

Baie tevrede	Tevrede	Ontevrede	Baie ontevrede
--------------	---------	-----------	----------------

Indien u ontevrede is, spesifiseer alternatiewe uitsaaitye:

7. In sekere koerante en tydskrifte word markpryse gepubliseer. Neem u kennis van hierdie pryse?

Ja gereeld	Ja soms	Selde	Glad nie
------------	---------	-------	----------

Indien wel, in watter tydskrifte of koerante vind u dit?

